# INTERNASIONALE PERSPEKTIEWE OP KINDERARBEID: ENKELE LESSE VIR SUID-AFRIKA

Verhandeling aangebied deur **YVETTE COETZEE** ter nakoming van die vereistes vir die verwerwing van die graad

**MAGISTER LEGUM**

aan die

**NOORDWES-UNIVERSITEIT**

YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NORTH-WEST UNIVERSITY
NOORDWES-UNIVERSITEIT

**Promotor:** Prof JA Robinson
**Studentenommer:** 11678771
**Departement:** Privaatreg
**Datum:** 5 November 2005
**POTCHEFSTROOM**

# BEDANKING

Hierdie studie is nie die finale produk van een individu nie, maar die resultaat van 'n globale spanpoging. Sonder die insetsels van ander skrywers en navorsers sou die nodige agtergrond en bronne nie beskikbaar gewees het nie en sou die verhandeling waarskynlik nooit die lig gesien het nie. Baie dankie aan professor J A Robinson van die Noordwes-Universiteit wat my die idee gegee het om 'n verhandeling te skryf oor kinderarbeid en vir sy bereidwilligheid om my vele pogings deur te lees en te help wysig.

Aan my wonderlike gade, Mario Toerien, sê ek baie dankie vir sy volgehoue onderskraging, liefde en bystand. Baie dankie aan al my familie en vriende se onderskraging. 'n Mens besef seker nie aldag hoeveel daardie ondersteuning beteken nie. My innige waardering vir al julle bystand en ondersteuning.

My vader, George Coetzee, wil ek opreg bedank dat hy oor die jare my as kind en jong volwassene aangemoedig het om verder te studeer en om hierdie verhandeling af te handel. Ek besef vandag dit was seker nie altyd maklik of aangenaam om my dryfkrag te wees nie, maar sonder sy volgehoue aanmoediging en onderskraging sou die voltooiing van die verhandeling nog in die konsepstadium gewees het. Daddy, baie dankie.

Ten slotte wil ek my Hemelse Vader opreg bedank dat Hy te alle tye my steunpilaar was en veral in daardie tye dat ek die handdoek wou ingooi. Sonder sy krag en hulp sou ek hierdie taak nooit kon voltooi het nie.

Baie dankie aan almal.

Yvette Coetzee

# SAMEVATTING

Die studie handel in wese oor die uitbuiting van kinders in die arbeidsmark. Die afwesigheid van skoolonderrig, ondersteunende dienste en die toename in armoede bedreig die kind se beskerming. Die studie fokus op die probleme wat voorkom in internasionale en nasionale instrumente, welke instrumente die beperking van kinderarbeid behoort te reguleer en word daar gekyk of hierdie instrumente wel die uitbuiting van kinders in die arbeidsmark voldoende beperk.

Daar moet egter in gedagte gehou word dat baie Suid-Afrikaanse huishoudings afhanklik is van die inkomste van kinders en word daar voorgestel dat wetgewende maatreëls meer effektief afgedwing word om kinderarbeid te beperk en binne aanvaarbare perke te bring, maar in samehang daarmee moet kinders se regte gerespekteer word en die kind wat daartoe kompetent is moet die geleentheid gebied word om self te besluit waar hy/sy hom/haar self binne die arbeidsmark sien.

Kinderarbeid behoort nie die regte van die kind soos uiteengesit in die bespreekte instrumente en die kind se reg om gehoor te word te bedreig nie. Dringende stappe moet gedoen word ten einde die beskerming en versorging van kinders te bevorder sodat kinders die nodige beskerming geniet en die verantwoordelikheid geleer word om in die toekoms as suksesvolle volwassenes te funksioneer.

# ABSTRACT

This study demonstrates the blatant and persistent violation of children's rights within the labour market, including their neglect, abuse and exploitation. The absence of schooling, supportive services and the increase in poverty threatens the well-being of children. The right of children to be protected from exploitative labour practices that are age inappropriate and detrimental to the child's well-being, education, physical, mental, spiritual moral or social development sometimes appear to be neglected.

The study focuses on the problems with regard to child labour as regulated in international instruments and national legislation and whether the instruments and legislation is sufficient in prohibiting children to engage in hazardous work which involves their economic.

The international and national instruments as discussed in this study protect children from economic exploitation and from work that is hazardous to their health or which interfere with their education. However, one should be aware of the overwhelming need among many South African households for children to work. It is therefore suggested that legislation be implemented more effectivelily to eliminate the use of child labour under specific ages. However, these restrictions should be placed within the scope of the child's right to be heard and to make his/her own decisions with regard to issues concerning them.

There needs to be an integrated strategy linked to the provision of free basic education and addressing poverty to combat child labour. It is critical to initiate emergency measures which will promote the care and protection of children and harness their potential to meaningfully contribute to society. Child labour should not jeopardize any of the rights guaranteed by international and/or national instruments, including the right to education, or the right of the child to be heard. It makes clear that a basic quality of life should be the right of all children, rather than a privilege enjoyed by a few.

HOOFSTUK 1: INLEIDING: PROBLEMATIEK


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding | 1 - 4 |
| 2. | Kinderarbeid 'n internasionale dimensie | 4 - 5 |
| 3. | Uitbuitende arbeid | 6 - 9 |
| 4. | Slawerny en gebonde arbeid | 9 - 10 |
| 5. | Benaderings tot die problematiek rakende kinderarbeid | 10 - 14 |
| 6. | Samevatting | 14 - 16 |


HOOFSTUK 2: 'N UITEENSETTING VAN UITBUITENDE VORME VAN KINDERARBEID


| | | |
|---|---|---|
| 1. | Inleiding | 17 - 19 |
| 2. | Uiteensetting van uitbuitende vorme van kinderarbeid soos vervat in verskeie internasionale en nasionale instrumente | |
| | 2.1 Die UNCRC | 19 - 21 |
| | 2.2 Die IAO | 21 - 22 |
| | 2.3 UNICEF | 23 |
| | 2.4 Die ACRWC | 23 |
| | 2.5 Die Grondwet van Suid-Afrika | 24 |
| | 2.6 Die Wet op Kindersorg 74 van 1983 | 25 |
| | 2.7 Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes | 26 |
| 3. | Samevatting | 26 –27 |

HOOFSTUK 3: INTERNASIONALE INTRUMENTE


1. Inleiding 28 - 30

2. Die kiddie savers en die kiddie libbers 30 - 32

3. Voorskrifte van die UNCRC 32 – 34

3.1 Lidstate se statutêre plig t.o.v die ouer-kind-verhouding soos uiteengesit in artikel 18, 19 en 27 35 - 37

3.2 Artikel 3 gelees met artikel 12 38 - 44

3.3 Artikel 32 van die UNCRC 44 - 47

3.4 Regte en verpligtinge van lidstate u.h.v die voorskrifte van die UNCRC 47 - 48

3.5 Gevolgtrekking 48 – 50

4. Voorskrifte van die IAO 50

4.1 Inleiding 50 - 51

4.2 Relevante artikels van die IAO 51 - 55

4.3 Worst Forms of Child Labour Convention 182 van 1999 56 - 58

4.4 Regte en verpligtinge van lidstate u.h.v. voorskrifte van die IAO 58 – 59

4.4.1 Arbeid wat oorweeg mag word deur lidstate 59 - 60

4.4.2 Lidstate se reg op vrystelling van die minimum ouderdom van indiensneming 60 – 61

4.4.3 Lidstate onderworpe aan voorwaarde van

Indiensneming 61 - 62

4.4.4 Implementering van voorskrifte deur lidstate 62 - 64

**4.5 Gevolgtrekking 64 - 65**

**5. Voorskrifte van die IPEC 66 - 67**

**6. Voorskrifte van die ACRWC 67 - 69**

**7. Samevatting 70 - 72**

HOOFSTUK 4: DIE POSISIE IN SUID-AFRIKA

**1. Inleiding 73 - 75**

**2. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 75 - 78**

**2.1 Artikel 28 van die Grondwet 78 - 81**

**2.2 Wetgewing 82**

2.2.1 Die Wet op Kindersorg 74 van 1983 82 - 84

2.2.2 Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 85 - 87

2.2.3 Wysigingswet op Basiese Diensvoorwaardes 75 van 1997 87 – 88

**2.3 Die Suid-Afrikaanse Law Reform Kommissie 88**

2.3.1 Kinderarbeid 89 - 91

2.3.2 Kinders wat op straat leef en werk 91 – 93

2.3.3 Kinderarbeid in die kommersiële landboubedryf 93 – 94

2.3.4 Seksuele uitbuiting as vorm van kinderarbeid 94 - 97

**3. Samevatting 98**

HOOFSTUK 5: SLOT

1. Inleiding 99 - 100

2. Internasionale en nasionale instrumente 100 - 104

BIBLIOGRAFIE 105 - 126

## LYS VAN AFKORTINGS

| | |
|---|---|
| **a** | artikel |
| **aa** | artikels |
| **ACRWC** | African Charter on the Rights and Welfare of Children |
| **agv** | as gevolg van |
| **ASI** | Anti-Slavery International |
| | |
| **bl** | bladsy |
| **bv** | byvoorbeeld |
| **bwv** | by wyse van |
| | |
| **CF** | Children First |
| **CLC** | Child Labour Coalition |
| **COSATU** | Congress of South African Trade Unions |
| **CRIN** | Child Rights Information Network |
| | |
| **ESC** | European Social Charter |
| **EWFCL** | Elimination of the Worst Forms of Child Labour |
| **hfst** | hoofstuk |
| | |
| **IAO** | Internasionale Arbeids Organisasie |
| **ICCPR** | International Covenant on Civil and Political Rights |
| **ILC** | Internasionale Arbeids Konferensie |
| **IPEC** | International Pogramme on the Elimination of Child Labour |
| | |
| **MAAE** | Minimum Age for Admission to Employment |
| **NACL** | Network Against Child Labour |
| **NRO** | Nie Regerings Organisasies |
| **NPA** | National Programme of Action |
| | |
| **oa** | onder andere |

| | |
|---|---|
| **OAU** | Organisation of African Unity |
| **par** | paragraaf |
| | |
| **SAAPAWU** | South Africa Agriculture Plantation and Allied Workers Union |
| **SALU** | Suid-Afrikaanse Landbou-Unie |
| **SAPD** | Suid-Afrikaanse Polisiediens |
| | |
| **tav** | ten aansien van |
| **tov** | ten opsigte van |
| | |
| **UDHR** | Universal Declaration of Human Rights |
| **uhv** | uit hoofde van |
| **UNCRC** | United Nations Convention on the Rights of the Child |
| **UNICEF** | United Nations International Children's Fund |
| | |
| **vgl** | vergelyk |
| **vn** | voetnoot |
| | |
| **WHO** | World Health Organization |

# HOOFSTUK 1

# INLEIDING: PROBLEMATIEK

## 1 Inleiding

> Child labour is totally unacceptable. It is putting children's lives, health and safety at risk and depriving them of opportunities for education".
>
> Vukani Mde – COSATU spokesperson [1]

Die mishandeling, uitbuiting, verwaarlosing en misbruik van kinders is geensins 'n moderne verskynsel nie. Kindermishandeling het byvoorbeeld deur die eeue heen in talle kulture voorgekom. Een voorbeeld hiervan is die aanwending van goedkoop kinderarbeid en die gepaardgaande mishandeling en uitbuiting van kinders tydens die Industriële Revolusie.[2] Kinders het dikwels vir 14 tot 16 ure per dag in fabrieke en myne gewerk en seuns sowel as meisies so jonk as 4 jaar oud het in die steenkoolmyne van Afrika gewerk. Kinders moes soms naak of halfnaak hande-viervoet karre in nou, stowwerige tonnels van myne trek. Hulle is ure aaneen nie toegelaat om regop te staan nie. Kinders is geslaan en uitgehonger as hulle nie wou of kon werk nie, of as hulle oor die werk of werksomstandighede gekla het.[3]

---

1 Mde http://www.sabcnews.co.za.
2 Packard **Our endangered children** xvii.
3 Packard **Our endangered children** xvii.

Uitbuitende kinderarbeidpraktyke is 'n wêreldwye verskynsel. Dit kom ook in Suid-Afrika voor. In die verlede is min aandag egter in Suid-Afrika aan hierdie aangeleentheid gegee as gevolg daarvan dat die fokus eerder gerig was op die politieke doelwit om apartheid af te skaf weens die ongelykheid wat voor die demokratiseringsproses van 1994 voorgekom het.[4] Dit het tot gevolg gehad dat kinders dikwels die slagoffers van hierdie demokratiseringsproses was.[5] Die proses is egter nou afgeloop en grondwetlike norme en waardes wat aan elke persoon die reg tot lewe, menswaardigheid, gelykheid en vryheid waarborg, is reeds goed gevestig. Kinders word in besonder deur artikel 28 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 beskerm.[6] (hierna die Grondwet genoem)

Dit gebeur soms dat ouers of voogde in wie se sorg 'n kind is, die belange van die kind verwaarloos. Verder word algemeen aanvaar dat kinders, juis vanweë hulle fisiese en geestelike onvermoë, besondere beskerming, ook van owerheidsweë, behoef. Gesien teen hierdie agtergrond, blyk die skep van verskeie internasionale en nasionale instrumente om die regte van kinders te bevorder en af te dwing, 'n noodwendige ontwikkeling te wees. Skattings van die aantal kinders wat internasionaal aan uitbuitende arbeidspraktyke onderwerp word, wissel. Ingevolge die *IAO* is daar 250 miljoen kinders wat sodanige arbeid verrig, maar ingevolge die ramings van

---

4 Van Heerden http://www.litnet.co.za/seminaar/versamel.asp.

5 Van Heerden http://www.litnet.co.za/seminaar/versamel.asp: Met nuwe denke kan minderhede vandag 'n kreatiewe posisie aan die voorpunt van die Suid-Afrikaanse proses van herkonstruksie en demokratisering inneem en so juis die groter geheel van dinge dien.

6 Die Handves Van Regte wat in die Grondwet vervat word, is die hoeksteen van demokrasie in Suid-Afrika. Dit verskans fundamentele regte van alle persone in Suid-Afrika en verseker die demokratiese waardes van menswaardigheid, gelykheid en vryheid. Die staat moet hierdie waardes respekteer en beskerm. Sien onder andere artikels 8, 39 en 36 van die Grondwet.

die Verenigde Nasies is daar 145 miljoen kinders tussen die ouderdomme van 10 en 14 jaar wat sodanige arbeid verrig.[7]

In hierdie verhandeling word gefokus op die vraag in welke mate die regsposisie in Suid-Afrika in ooreenstemming is met internasionale standaarde. Die doelwitte van die *NPA* wat van owerheidsweë 'n raamwerk van optrede jeens kinders voorskryf, sal ook onder die loep geneem word.[8] Die *NPA* is 'n program wat van owerheidweë geskep is wat alle beleidsoorwegings en projekte deur regerings- en nie-regeringsinstellings wat daarop gerig is om die welstand van kinders in Suid-Afrika te bevorder, omvat. Vervolgens word op toepaslike bepalings van internasionale instrumente gefokus word en daarna op die verpligtinge van die Suid-Afrikaanse owerheid wat uit ratifikasie van die instrumente voortspruit.

Uitbuitende arbeidspraktyke jeens kinders manifesteer in verskillende vorme in verskillende jurisdiksies en gemeenskappe.[9] Dit spruit voort uit verskillende omstandighede, maar word veral in die hand gewerk deur toenemende armoede en onvoldoende ekonomiese ontwikkeling.[10] Die probleem aangaande kinderarbeid moet binne sosio-ekonomiese konteks oorweeg word. Kinders word dikwels deur huislike omstandighede gedwing om te werk om sodoende die inkomste van die huishouding aan te vul.

---

7 Van Bueren **International Law on the Rights of the Child** 263.

8 **National Programme of Action in South Africa**: Framework National Programme of Action Steering Committee, Pretoria South Africa, 3 May 1996.

9 Lopez-Calva **Child Labour: Myths, Theories and Facts**.

10 Shah http://www.globalissues.org: According to the *UNCRC* Committee for *UNICEF*, poverty is the most common factor contributing to child labour. Sien onder andere Van Bueren **International Law on the Rights of the Child** 265.

Kinders verlaat die skool ook omdat ouers dikwels nie skoolboeke, fooie, en klere kan bekostig nie.[11]

Kinderarbeid is een van die faktore wat tot die voortsetting van wantoestande in die gemeenskap bydra; dit bevorder ongeletterdheid, bring 'n tekort aan voldoende onderrig mee en het 'n invloed op die gesondheid en verdere ontwikkeling van die kind en derhalwe ook op die gemeenskap waarin die kind hom/haar bevind.[12] Kinders wat werk terwyl hulle skoolonderrig behoort te ontvang, het 'n sosio-ekonomiese agterstand, aangesien hulle nie vir 'n beroep toegerus word nie. Die gevolge van die agterstand word toenemend waarneembaar, veral gesien teen die agtergrond van die moderne tegnologiese tendens van die samelewing waarin gevorderde vaardighede en skolastiese onderrig geverg word.[13]

## 2 Kinderarbeid: 'n Internasionale dimensie

Ten einde die regulering van kinderarbeid binne die raamwerk van internasionale en nasionale voorskrifte te bring, is dit gebiedend noodsaaklik dat beleidsoorwegings wat wettige arbeidspraktyke en beginsels afdwing, gevestig word. Alhoewel verskeie jurisdiksies oor wetgewing beskik wat kinderarbeid reël, bly dit steeds 'n probleem wat internasionale dimensie

11 Van Bueren **International Law on the Rights of the Child** 262.

12 Piccard **Introduction ILO Convention 138 Concerning the Minimum Age for Admission to Employment** 1.

13 Kinders ontvang nie die nodige skoolonderrig as hulle voltyds moet werk om die familie/gesin van 'n inkomste te voorsien nie. Gevorderde vaardighede, onder andere, rekenaargeletterdheid word in ons samelewing verwag, en dit vereis dat jongmense dienooreenkomstig opgelei word, en by gebrek aan sodanige opleiding is jongmense onbevoeg om dié tegnologie te verstaan en te bemeester.

aanneem. Dit kom veral in ontwikkelende lande soos Suid-Afrika voor, maar sluit nie ontwikkelde lande uit nie.

Die *IAO* en *UNICEF* bevind dat 'n toename in kinderarbeid voorkom.[14] *UNICEF* het byvoorbeeld in 1998 statistiek[15] gepubliseer wat aantoon dat daar 'n beduidende aantal kinders van skoolgaande ouderdom is wat nie skoolgaan nie, en het die volgende inligting beskikbaar gestel:-

| **JURISDIKSIES** | **SEUNS (Skoolgaande ouderdom)** | **MEISIES (Skoolgaande ouderdom)** |
|---|---|---|
| Skatting in miljoene | 140 | 110 |
| Afrika besuide die Sahara | 39 % | 45 % |
| Oos Afrika | 2 % | 4 % |
| Suid-Asië | 25 % | 37 % |
| Amerika | 11% | 10 % |

Deur die ratifikasie van konvensies soos die *UNCRC* en die *IAO* word 'n verpligting op ratifiserende state geplaas om die bepalings van dié konvensies ten opsigte van kinderarbeid na te kom, met inagneming van die ekonomiese ontwikkeling van elke staat.[16] Hierdie bepalings en voorwaardes word meer volledig in Hoofstukke 3 en 4 bespreek.

14 Mayimele-Hashatse in Davel **Children's Rights in a Transitional Society** 84: "*UNICEF* statistics indicate the existance of a serious and pervasive problem. It is also very clear that it is the developing nations that do not seem to be able to keep their children in school".

15 *Ibid.*

16 Van Bueren **International Law on the Rights of the Child** 263 verduidelik dat lidstate wat oor onvoldoende ekonomiese en opvoedkundige fasiliteite beskik, hulle minimum ouderdom vir indiensneming van kinders op 14 jaar kan vasstel, soos uiteengesit in artikel 2(4) van Konvensie 138 van die *IAO*.

## 3 Uitbuitende arbeid

Vir doeleindes van hierdie verhandeling is dit belangrik om 'n onderskeid te tref tussen die begrippe *werk*, *arbeid* en *uitbuitende arbeid*. Volgens die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal word bogenoemde begrippe soos volg gedefinieer:-

Arbeid – inspannende vermoeiende werk, inspanning van liggaam en/of gees om iets te verrig.[17]

Werk – liggaamlike of geestelike inspanning wat daarop gerig is om iets te doen of te maak; arbeid.[18]

Uitbuitend – soveel moontlik voordeel uit iemand of iets probeer behaal; meer as wat behoorlik of geoorloof is van iemand verg.[19]

Die begrippe *werk* en *arbeid* is onteenseglik sinonieme. Daar sal dus vir doeleindes van hierdie verhandeling met die begrip arbeid volstaan word. Deeglike onderskeid moet egter getref word tussen *kinderarbeid* en *uitbuitende kinderarbeid*. Hierdie studie handel uitsluitlik oor laasgenoemde verskynsel. Ter wille van gerief word egter met die begrip kinderarbeid uitbuitende arbeid bedoel behalwe as dit uit die samehang anders blyk. Hierdie onderskei word hierna verder toegelig.

---

17 Odendal ea **HAT Woordeboek** 51.

18 Odendal ea **HAT Woordeboek** 1365.

19 Odendal ea **HAT Woordeboek** 1193.

*UNICEF*, die *IAO* en die *WHO* identifiseer sekere wesenlike elemente wat uitbuitende praktyke ten opsigte van kinderarbeid in die hand werk, naamlik:-

- voltydse werk op 'n vroeë ouderdom;
- besondere lang werksure;
- onvoldoende betaling;
- arbeid wat uitermatige fisiese, psigologiese en sosiale stremming meebring;
- straatwerk, byvoorbeeld prostitusie en bedelary;
- uitermatige verantwoordelikheid op 'n vroeë ouderdom;
- arbeid wat 'n kind se psigologiese en sosiale ontwikkeling strem; en
- arbeid wat 'n kind se selfbeeld kan skaad.[20]

Navorsingsgegewens dui daarop dat werkgewers soms kinderarbeid verkies aangesien daar sekere voordele daaraan verbonde is om kinders, eerder as volwassenes, in diens te hê. Kinders is gewoonlik onbewus van hulle regte binne die arbeidsmark en meer gewillig om bevele uit te voer en om eentonige arbeid te verrig. Indien 'n werkgewer die kind sou ontslaan indien sy/haar diens om welke rede ook al nie meer benodig word nie, tree die kind juis vanweë fisiese en emosionele kwesbaarheid nie teen die werkgewer op nie. Druk binne familieverband dra dikwels ook by tot die kwesbaarheid van die kind, aangesien hy/sy die inkomste van die gesin moet help aanvul.

20 Detrick **A Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child** 573: "After the discussion, the Committee issued a statement wherein it expressed its concern over the fact that more than 100 million children were forced into jobs destroying their health or preventing them from going to school."

In Suid-Afrika is die situasie tans dat kinders hulle as gevolg van spesifieke omstandighede aan uitbuitende arbeidspraktyke blootgestel word. Dit sluit onder andere situasies in waar die kind saam met slegs een ouer woon, saam met die grootouers woon en/of waar die kind geen familielede het nie.[21] Die Suid-Afrikaanse Departement van Arbeid het in 2000 statistiek gepubliseer wat aantoon dat daar 'n beduidende aantal kinders van skoolgaande ouderdom in die Suid-Afrikaanse arbeidsmark betrokke is.[22] Daar word ook verder in die voorgaande verslag aangedui dat 2% van die kinders wat by die arbeidsmark betrokke is, siek geword het as gevolg van die arbeid wat hulle verrig het en dat 4% beserings tydens hulle werksverrigting opgedoen het. Die primêre oorsaak van hierdie beserings was dat die kinders van hoë konstruksies afgeval het (42%) of beserings deur masjinerie (35%).[23]

Die vlak en intensiteit van kinderarbeid word vanselfsprekend bepaal deur die werksgeleenthede wat aan volwassenes beskikbaar is asook die ekonomie en armoede in die betrokke land. Dit is egter moeilik om akkuraat aan te dui hoeveel kinders aktief aan uitbuitende arbeidspraktyke onderwerp word. Van Bueren meld dat 'n gegronde vrees tans bestaan dat uitbuitende kinderarbeid in sommige jurisdiksies geïnstitusionaliseer mag word. [24] 'n Voorbeeld wat sy noem, is Pakistan wat 'n goeie internasionale reputasie het vir die vervaardiging van tapyte en dat dié land inderdaad die vierde grootste tapytvervaardiger is. Hierdie arbeid word hoofsaaklik deur kinders verrig. Dit

---

21 Anon http://www.labour.gov.za/docs/presentations/labourlaw/childlabour/indes.htm.
22 Ashagrie http://www.ilo.org/public/english/comp/chilc/stat/stats.htm.
23 Anon http://www.labour.gov.za/docs/presentations/labourlaw/childlabour/indes.htm.
24 Van Bueren **The International Law on the Rights of the Child** 262 verduidelik dat: "Child labour is in danger of becoming institutionalised in a number of states because it is regarded as a 'significant factor' in their national economies, although no authorities would say so openly".

het tot gevolg dat sodanige kinders ongeletterd bly en mettertyd hulle eie kinders in die arbeidsmark instuur.[25]

## 4 Slawerny en gebonde arbeid

Artikel 4 van die **Universele Deklarasie van Menseregte** bepaal dat niemand aan slawerny of knegskap onderwerp mag word nie en dat slawerny en slawehandel in al sy vorme verbied moet word.[26] Artikels 4 en 8 van die *ICCPR* bepaal dat elke individu die reg het om nie aan slawerny en slawehandel onderwerp te word nie. Artikel 13 van die Grondwet bepaal dat niemand aan slawerny, knegskap of dwangarbeid onderwerp mag word nie.[27] Gebonde arbeid kan beskou word as 'n vorm van slawerny. Dit is die geval waar 'n persoon vir 'n sekere werkgewer vir 'n onbepaalde tyd werk omdat hy/sy die werkgewer geld skuld.[28] Dit gebeur gewoonlik waar die werkgewer nie die werknemer voldoende betaal nie en die werknemer dan 'n lening moet aangaan om te kan oorleef. Die werkgewer laat dus die persoon werk om sodoende sy/haar skuld terug te betaal. Indien so 'n persoon sterf voor die

---

25 Van Bueren **International Law on the Rights of the Child** 263: "Child labour also forms part of a generational chain, as exploited children become illiterate adults who in turn have to send their own children to work to help support their families". Sien ook Panicker **The Child and the Indian State** in Fortuyn and de Langen (eds) **Towards the Realization of Human Right of Children**.

26 Odendal ea **HAT Woordeboek** 1005 definieer slawerny as 'n toestand van 'n slaaf te wees. Diensbaarheid – in slawerny verkeer. Persone wat die eiendom van 'n ander persoon of persone is.

27 Odendal ea **HAT Woordeboek** 1005 verduidelik dat dwangarbeid neerkom op die uitoefening van mag waardeur 'n persoon genoodsaak word om iets te doen. Dwang op 'n kind uitoefen, hom/haar iets teen sy/haar sin laat doen. Onder dwang handel.

28 Van Bueren **International Law on the Rights of the Child** 271 verduidelik soos volg: "Debt bondage or bonded labour is an abuse analogous to slavery in which individuals are pledged to work either for a money lender or a landlord to repay a debt or loan. The interest on the loan can be so high that it cannot be repaid in a single lifetime and the loan is inherited by the children, who works for the money lender or for a landowner as bonded labour to pay off the debts of family members. It reflects a feudal relationship, in which children are viewed as sources of production, and education in school of little value".

skuld gedelg is, word daardie persoon se kinders dikwels aan arbeid sonder betaling onderwerp om die oorblywende skulde te vereffen.[29]

Daar is algemene eenstemmigheid daaroor dat kinderarbeid wat uitbuitend van aard is, verbied moet word, maar daar is weinig ooreenstemming oor die wyse waarop dit moet geskied. Die vraag is of kinderarbeid summier verbied moet word en of dit op 'n stelselmatige wyse gedoen moet word deurdat die minimum ouderdom verhoog word met gepaardgaande beskermingsmaatreëls.[30]

Die *IAO* se siening aangaande hierdie aangeleentheid is dat progressiewe wetgewende stappe gedoen moet word om uitbuitende kinderarbeid binne aanvaarbare perke te bring. Die *IPEC* ondersteun dieselfde siening en bepaal dat uitbuitende kinderarbeid nie summier verbied kan word nie, maar dat wetgewende stappe ingestel moet word om die ernstigste vorme van uitbuitende kinderarbeid uit te skakel.[31] Laasgenoemde aspek word hieronder in paragraaf 8 van hoofstuk 3 bespreek.

## 5 Benaderings tot die problematiek rondom kinderarbeid

Strategieë teen uitbuitende vorme van kinderarbeid word in beduidende mate deur bepaalde denkrigtings beïnvloed. Asseffa Bequela deel die rigtings in

---

29 Van Bueren **International Law on the Rights of the Child** 272.

30 Anon **Conditions of Work Digest** 3.

31 In Junie 1996 is ernstige stappe deur die *IPEC* om 'n verbod te plaas op uitbuitende kinderarbeid en veral in omstandighede waar kinders aan dwangarbeid en/of arbeid wat ernstige gevare vir hulle inhou, onderwerp word – vgl **International Programme on the Elimination of Child Labour**.

kategorieë in. Die eerste is die *Marxist Radical School*, tweedens is daar die denkrigting wat die *onmiddelike uitwissing van kinderarbeid* voorstaan en laastens die denkrigting wat 'n *progressiewe benadering tot sinvolle hantering* van die probleem voorstaan.[32] Die *Marxistiese siening* verduidelik dat kinderarbeid 'n direkte gevolg van uitbuiting en ongelyke verdienste en welvaart van mense is. Volgens dié denkrigting is uitbuiting en ongelykheid kenmerkend van 'n kapitalistiese stelsel.[33]

Ingevolge hierdie siening sal die voortsetting van 'n suiwer kapitalistiese benadering wat poog om kinderarbeid uit te wis, onsuksesvol wees.[34] Ongelykheid in welvaart en verdienste is nie alleen die gevolg van uitbuitende kinderarbeidspraktyke nie, maar lang werksure, onwettige vorme van beheer en gebonde arbeid speel elkeen ook 'n beduidende rol met betrekking tot die uitbuiting van kinders in die arbeidsmark. Navorsing dui daarop dat, op internasionale vlak, 72% van werkgewers aandui dat hulle steeds kinders in diens sal neem al word kinderarbeid op straf verbied en 78% dat hulle kinders in diens sal neem, selfs al word hulle salarisse tot dié van volwassenes verhoog.[35] Hierdie gegewe word beklemtoon deur die feit dat indiensneming van kinders nie alleen gaan oor goedkoop arbeid nie, maar ook oor voordele wat 'n werkgewer toeval deur eerder van kinderarbeid gebruik te maak.[36]

---

32 Asseffa Bequela in **Conditions of Work Digest** 3.

33 Anon **Conditions of Work Digest** 3 beskryf kinderarbeid soos volg: "Child labour is a manifestation and a result of the exploitation and inequality in income and wealth which is characteristic of the capitalist system, in which the exploitation of labour including child labour is essntial for the survuval and profitability of profit maximizing enterprises".

34 *Ibid.*

35 Anon 1991 **Conditions of Work Digest** 9.

36 Anon 1991 **Conditions of Work Digest** 9: "Employers are attached to their vulnerability which result in desperation and loyalty towards the employer and thus children will tolerate more abuse in order for them to keep their work. Maybe they are

Kinderarbeid kom nie net in groot ondernemings in die georganiseerde arbeidsmark voor nie, maar word ook in informele sektor en familiebesighede aangetref.

Die tweede denkrigting is die '*verbied dit nou-benadering*'. Hierdie groep vorm deel uit van kinderregtegroepe, NRO's en internasionale organisasies wat van die standpunt uitgaan dat fundamentele regte wat die beskerming van kinders waarborg en indiensneming van kinders onder sekere ouderdomme streng verbied, ongekwalifiseerd eerbiedig moet word.[37] Die derde denkrigting wat die '*progressiewe benadering tot sinvolle hantering*' van die probleem rakende kinderarbeid voorstaan, neem as vertrekpunt dat kinderarbeid 'n resultaat van grootskaalse armoede is en dat kinders juis werk omdat hulle ouers arm is.[38] Hierdie denkrigting wys daarop dat die kind in sommige gevalle die enigste broodwinner in die huishouding is of dat hy/sy noodgedwonge moet werk om die totale inkomste van die gesin te verhoog. Die probleem van armoede binne familieverband noop derhalwe die kind om die arbeidsmark te betree, nieteenstaande die feit dat hy of sy baie jonk kan wees en/of nie behoorlik vir die werk toegerus is nie.

---

attracted by the docility of the children and thus the fundamental source of exploitation".

37 Anon **Conditions of Work Digest** 10.

38 Anon **Conditions of Work Digest** 10 verduidelik dat armoede die probleem rakende kinderarbeid aansienlik vererger en verduidelik ter illustrasie soos volg: "Poverty within the family aggravates the situation because the child is not able to go to school because because the parents cannot afford it. The argument is that child labour can not be abolished as long as there is still poverty. Legislation abolishing it is likely to lead to clandestine employment of these children and result in even more exploitation".

Voorstaanders van laasgenoemde denkrigting voer aan dat kinderarbeid nie verbied kan word terwyl sodanige armoede bestaan nie. Wetgewing wat kinderarbeid verbied, kan lei tot ongeoorloofde indiensneming van kinders wat juis meer ernstige ekonomiese uitbuiting tot gevolg kan hê.[39] Die mees praktiese oplossing volgens hierdie voorstaanders is om kinderarbeid onder die ouderdom van 15 jaar te wettig, maar ook om progressief toe te sien dat kinders voldoende teen uitbuiting beskerm word.[40] Voorstaanders van die denkrigting stel ook die retoriese vraag, of armoede werklik die rede is vir die toename in uitbuitende kinderarbeid; daar word daarop gewys dat sommige minder bevoorregte mense hulle kinders steeds skool toe stuur ten spyte van hulle omstandighede.[41]

'n Kapitalitiese benadering is volgens voorstaanders van die *'progressiewe benadering'* dikwels op onderliggende gierigheid geskoei. Volgens dié denkrigting ignoreer kapitalisme die sosiaal-maatskaplike gevolge van ekonomiese aktiwiteit.[42] Trouens, sosiale verantwoordelikheid word dikwels nie nagekom nie. Verder word geredeneer dat kapitalisme klasseverskille

---

39 *Ibid.*

40 *Ibid.*

41 Anon **Conditions of Work Digest** 10: "At what point is a country considered rich enough to initiate action against child labour and to prohibit the employment of children. Why is it that budgetary constraints are not invoked in respect of certain other items such as military expenditure. In other words is it not possible to provide basic protection in the form of compulsory education and income security even at low levels of economic development".

42 Venter http://www.rau.ac.za/aambeeld/november1997/politiek.htm verduidelik dat, benewens die kapitaliste se onderliggende gierigheid, daar 'n tweede amorele dimensie bestaan, naamlik dat wins die hoofmeetinstrument van sukses is en dat die sosiale konsekwensie van vryemark-ekonomiese handeling sover moontlik verswyg word. Voorbeelde hiervan is talryk, byvoorbeeld die verwekking van kernafval en die uitputting van natuurlike hulpbronne. Die gerieflikste sinergie van kapitaliste met gesagstate is sprekend van hierdie amorele amnesie, maar meer nog, kapitalisme verheerlik en verhoog klasseverskille.

verheerlik en bevorder. [43] Die probleem rakende laasgenoemde argument gaan egter verder as bloot klasseverskille. Daar word internasionaal aanvaar dat die kapitalistiese benadering nie daarin slaag om welvaart eweredig te versprei nie. Die wesenlike probleem met dié benadering is egter dat dit nie 'n normatiewe antwoord op klasseverskille en ongebreidelde eksploitasie van armes en magteloses bied nie.[44] Die kapitalistiese benadering kan vanuit sy onderliggende vertrekpunt ook geen afdoende oplossing tot die problematiek rondom uitbuitende kinderarbeid bied nie. Trouens, dit is nie sonder rede nie dat daar gesê word dat kapitaal agter goedkoop arbeid aantrek.[45]

## 6 Samevatting

Kinderarbeid is 'n verskynsel wat wêreldwyd aandag geniet. Indien die Suid-Afrikaanse owerheid dit nie as 'n prioriteit beskou nie, sal dit 'n bykans onbegonne taak wees om enige sinvolle vordering te maak ten einde

---

43 Venter http://www.rau.ac.za/aambeeld/november1997/politiek.htm verduidel verder dat dit hier is waar politiek en vrye mark mekaar ontmoet. Die staat en dus ook politici is van die produsente, kapitaliste en handelaars afhanklik vir hulle belastinginkomste, gevolglik sal die staat in sy wyer geledinge baie sensitief wees vir die belange van die kapitaliste - dermate, volgens Marx, dat die bourgeois-staat bloot die uitvoerende komitee van die kapitalistiese klasse is. Dit sal, indien nodig, die bevoorregte posisie van die kapitalistiese klasse met geweld in stand hou, en die armes wat al hoe armer word, sal uiteindelik geen keuse hê nie as om tot revolusie teen die kapitalistiese staat oor te gaan.

44 *Ibid.*

45 Soos nasionale kapitalisme 'n ekonomiese ideologie is, so is ook globale vryhandel. Venter http://www.rau.ac.za/aambeeld/november1997/politiek.htm verduidelik dat hierdie beginsel volgens die internasionale ekonomie op die beginsel van vrye handel geskoei moet wees. So min as moontlik handelstariewe moet deur state ingestel word. Vandag kan kapitaal met die druk van 'n paar knoppies elektronies na enige wêrelddeel oorgeplaas en verskuif word. In die goeie ou dae het werkers agter kapitaal aan geterk, maar tans is die situasie net omgekeerd. Die gevolge van uiters beweeglike kapitaal is skrikwekkend, en kinderarbeid is een van die primêre faktor hiervan. State soos die VSA en Suid-Afrika verbied uitbuitende kinderarbeid, maar in die naam van vrye handel en kapitalisme is 'n internasionale maatskappy vry om uit sulke state te trek na byvoorbeeld state soos Asië waar kinders onder die ouderdom van 13 jaar vir so min as 30 sent per dag in skoenfabrieke werk. Uit 'n morele oogpunt beskou, is dit identies daaraan om in die tuisstaat kinders in diens te neem. Dit is gewoon onverdedigbare uitbuiting van weerloses.

uitbuitende kinderarbeid binne internasionaal en nasionaal voorgeskrewe standaarde te bring.

Die denkrigting wat deur voorstaanders van die '*progressiewe benadering tot sinvolle hantering*' van kinderarbeid gevolg word, is meer pragmaties van aard. Dit erken die verskillende probleme waarmee te kampe gekry word, onder andere armoede, wat 'n onmiddelike verbod op uitbuitende kinderarbeid ongewens maak. Die benaderings van beide die *IAO* en die *IPEC* is byvoorbeeld in ooreenstemming met bostaande denkrigting. Navorsing wat onderneem is, dui trouens op die aanvaarding van 'n progressiewe benadering om uitbuitende kinderarbeid met verloop van tyd binne internasionaal en nasionaal voorgeskrewe raamwerke te plaas.[46] Navolging van die progressiewe benadering kan daartoe lei dat kinders progressief uit die arbeidsmark verwyder word, gerehabiliteer word en toegelaat word om voortaan binne hul eie vermoë en opgewassenheid te funksioneer.

Dit val nie binne die raamwerk van hierdie studie om standpunt in te neem oor onderliggende vertrekpunte van kapitalisties en marxsisties gedrewe stelsels nie. Daar word aanvaar dat die bestaan van uitbuitende kinderarbeid binne albei stelsels 'n voldonge feit is, maar daar word aan die hand gedoen dat die

---

46 Anon **Conditions of Work Digest** 10: "We need to set up viable projects which will be backed by government towards eliminating child labour before the government decides to tackle other important issues which is currently being done towards HIV/AIDS. It is also true that the elimination of child labour requires meaningful growth in the economy in order for the creation of more work for adults and for the state to be able to dedicate more money to free compulsory primary education. With regard to such a meaningful growth, the 'progressive approach' seems to be the most practical in eliminating child labour".

'*progressiewe benadering*' toepassing behoort te vind, ongeag welke sosio-ekonomiese stelsel gevolg word. Sodanige bendadering verg dat daar op die kind se reg op menswaardigheid en die beskerming van die kind teen uitbuiting en teen gevaarlike werksomstandighede gefokus moet word.[47]

[47] **United Nations Convention on the Rights of the Child** 1989.

# HOOFSTUK 2

# 'N UITEENSETTING VAN UITBUITENDE VORME VAN KINDERARBEID

## 1 Inleiding

> If you treat a child ... as if he were what he ought to be and could be, he will become what he ought to be and could be.
>
> Johann Wolfgang von Goethe.[1]

Daar word internasionaal aanvaar dat onderskeid getref moet word tussen kinderarbeid en uitbuitende vorme van kinderarbeid. Soos reeds aangedui, handel dit in hierdie studie uitsluitlik oor uitbuitende vorme van kinderarbeid. Dit is daarom noodsaaklik dat 'n duidelike beeld voor oë gehou moet word ten opsigte van wat met die begrippe bedoel word. Daar word weereens beklemtoon dat, ofskoon die begrip kinderarbeid gebruik word, uitbuitende arbeid bedoel word behalwe waar anders vermeld. Die tipe arbeid wat uitbuiting vergestalt, en die voorskrifte soos uiteengesit in nasionale en internasionale instrumente, sal in Hoofstukke 3 en 4 meer volledig bespreek word.

Kinderarbeid word in ses kategorieë verdeel, naamlik:

- huishoudelike arbeid;
- nie-huishoudelike arbeid;
- onbetaalde arbeid;

---

1 Canfield ea **Condensed Chicken Soup for the Soul** 46.

- betaalde arbeid;
- gebonde arbeid; en
- randstandige ekonomiese aktiwiteit.[2]

Soos reeds in Hoofstuk 1 verduidelik, is *arbeid* die inspanning van liggaam en/of gees om iets te verrig en *uitbuiting* om soveel moontlik voordeel uit iemand of iets te behaal, meer as wat behoorlik of geoorloof is om van iemand te verg.[3] Daar kan dus met sekerheid gesê word dat die term *uitbuitende kinderarbeid* beteken dat 'n werkgewer van 'n jong mens verwag om iets te doen wat meer as behoorlik en geoorloof is as wat van daardie jong mens verwag kan word. 'n Definisie van kinderarbeid wat internasionaal gangbaar aangewend word, lui soos volg:

> The dictionary defines labour as physical or mental work, especially of the hard or fatiguing kind. Child labour usually means work that is done by children under the age of 15 which restricts or damages their physical, emotional, intellectual, social or spiritual growth as children. It is work that deprives children of their childhood, their potential and their dignity, and that is harmful to physical and mental development.[4]

---

2 Van Bueren **Law on the Rights of the Child** 264 verduidelik dat kinderarbeid uitgebrei word tot betaalde arbeid, huishoudelike arbeid en onbetaalde arbeid binne familie verband. Internasionale reg beskou nie alle kinderarbeid as uitbuitend van aard nie.

3 Odendal ea **HAT Woordeboek** 1399 definieer die term uitbuitend soos volg, naamlik om soveel moontlik voordeel uit iemand of iets te behaal; om meer as wat behoorlik of geoorloof is van iemand te verg.

4 Anon http://www.childlabourproject.org/childlabour.html. Sien ook Anon

Daar is egter geen definisie wat die verskynsel van uitbuitende kinderarbeid afdoende omskryf nie, aangesien dit 'n begrip is wat verskillende aspekte dek, byvoorbeeld onbetaalde en betaalde arbeid, ligte en swaar werksaktiwiteit en nie-gevaarlike en gevaarlike arbeid. Vir doeleindes van hierdie studie is dit dus belangrik dat daar telkens na *kinderarbeid wat toelaatbaar is* of na *uitbuitende kinderarbeid* verwys word.

## 2 Uiteensetting van uitbuitende vorme van kinderarbeid soos vervat in verskeie internasionale en nasionale instrumente

### *2.1 Die UNCRC*

Die *UNCRC* definieer 'n kind as 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar, behalwe in die geval waar meerderjarigheid op 'n vroeër ouderdom deur wetgewing bepaal word.[5] Artikel 32(1) van die *UNCRC* bepaal dat 'n kind 'n reg daarop het om teen uitbuitende arbeidspraktyke beskerm te word en om nie verplig of toegelaat te word om enige werk te verrig wat sy/haar morele, fisiese en opvoedkundige ontwikkeling benadeel of kan benadeel nie.[6]

Met verwysing na bostaande uiteensetting is dit duidelik dat die *UNCRC* met die begrip *kinderarbeid* eerder *uitbuitende kinderarbeid* op die oog het. Dié benadering is in ooreenstemming met die uiteensetting van verskeie outeurs dat die ongenuanseerde aanvaarding van die term *kinderarbeid* inherent

---

http://www.ilo.ru/ecl/def.htm en Anon http://www.freechildren.org.

5 Artikel 32(1) van die *UNCRC*.

6 Artikel 32(1) van die the *UNCRC*: "States Parties recognize the right of the child to be protected from economic exploitation and from performing any work that is likely to be hazardous or to interfere with the child's education, or to be harmful to the child's health or physical, mental, spiritual, moral or social development".

dubbelsinnig is, aangesien dit sowel skadelose as skadelike arbeid insluit. Skadelose arbeid verwys byvoorbeeld na arbeid wat na skoolure en tydens skoolvakansies deur kinders verrig word om ekstra sakgeld te verdien.[7]

Andersyds word daar ook geredeneer dat die term *kinderarbeid* te eng is, aangesien dit voltydse onbetaalde arbeid wat in die familie of huishouding verrig word en wat uitbuitend van aard is, uitsluit.[8] Dit spreek derhalwe vanself dat nie alle arbeidsaktiwiteit noodwendig ekonomies uitbuitend van aard is nie. Uitbuitende arbeidspraktyk, soos dit deur die *UNCRC* bedoel word, word soos volg deur Van Bueren beskryf:-

> Child labour is exploitative when it threatens the physical, mental, emotional or social development of the child. There is exploitation of children at work where the financial remuneration of the services in kind are less than that which would be paid to adults. Labour or employment also amounts to exploitation where it is undertaken at too young an age and is detrimental to the well-being of the child who, as a consequence of working too young, is also deprived of educational entitlements, vocational training and self progress for the future. It is not labour per se which is the focus of international law but its abuse.[9]

---

7 Van Bueren **Law on the Rights of the Child** 267: "Article 6 provides that the Conventiom *ILO* 'does not apply' to three situations: where children are involved in artistic performances; where children are employed in light work provided that th work is not harmful, prejudicial or dangerous; and where children are in schools for vocational or technical training".

8 Anker en Melkas **Economic Incentives for Children and Families to Eliminate or Reduce Child Labour** 3.

9 Detrick **A Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child** 56.

Die uiteensetting deur Van Bueren bied ooglopend steun daarvoor dat tussen skadelike (uitbuitende) en skadelose arbeidspraktyke onderskei moet word.

### 2.2 *Die IAO*

Die mees relevante konvensie van die *IAO* vir die onderhawige bespreking is die *MAAE* (1973), Konvensie 138. Dit bepaal die minimum ouderdom vir kinders wat arbeid verrig,[10] welke ouderdom nie laer mag wees nie as die verpligtige skoolverlatingsouderdom.[11] Konvensie 138 verbied enige indiensneming en arbeid wat 'n nadelige invloed op die kind se gesondheid, veiligheid en morele waardes het.[12]

Anders as die *UNCRC*, maak Konvensie 138 gebruik van die begrip *enige* tipe arbeid. Daar is gevolglik deur lidstate geredeneer dat dit onsekerheid kan meebring, aangesien alle arbeidsaktiwiteite nie noodwendig uitbuitend van aard is nie.[13] Konvensie 138 omskryf nie die term *uitbuiting* nie. Gevolglik is Konvensie 182 van die *IAO* in 1999 in werking gestel. Hiérdie Konvensie, in vergelyking met Konvensie 138 en die *UNCRC*, is meer spesifiek ten opsigte van welke tipe kinderarbeid uitbuitend van aard is.[14]

---

10 Mayimele-Hashatse in Davel **Children's Rights in a Transitional Society** 84.

11 Artikel 2(1) van die *IAO* Konvensie: "This article enshrines the fundamental principle that every State Party should establish a minimum age for employment or work, subject to the possible exceptions provided for by the Convention. This minimum age should be specified in a declaration which should be appended to its ratification and should not be less than the age of compulsory schooling, and in any case not less than 15 years".

12 Van Bueren **Law on the Rights of the Child** 270 verduidelik soos volg: "Article 3(1) of Convention No. 138 prohibits any 'type of employment or work' which 'by its nature or the circumstances in which it is carried out is likely to jeopardise the health, safety or morals' of the child".

13 Artikel 32(1) van die *UNCRC* maak gebruik van die term *tipe arbeid* wat *uitbuiting* tot gevolg het en wat dus minder onsekerheid vir lidstate meebring.

14 Anon http://www.christian-aid.org.uk: "A new *ILO* Convention has recently been

Die volgende tipes arbeid word ingevolge dié Konvensie as uitbuitend van aard beskou:-

- kinderarbeid wat kinders aan fisiese, psigologiese of seksuele uitbuiting blootstel;
- kinderarbeid wat onder grond, onder water, teen gevaarlike hoogtes of in beperkte ruimtes verrig word;
- kinderarbeid wat met gevaarlike masjiene, toerusting en/of gereedskap verrig word of arbeid wat die vervoer van baie swaar vrag tot gevolg het;
- kinderarbeid wat in fabrieke met gevaarlike gifstowwe en/of gasse, geraas en hoë temperature verrig word; en
- kinderarbeid wat lang ure tot gevolg het en arbeid wat deur die nag verrig word.[15]

Die *IPEC* [16] en die *ACRWC* [17] is in ooreenstemming met die bepalings van die *IAO* en veral die bepalings wat voorsiening maak vir elke kind se reg om teen ekonomiese uitbuiting en arbeid wat vir kinders se normale ontwikkeling nadelig/skadelik kan wees, beskerm te word.

---

adopted that is much more focused on protecting children. Convention 182 **Concerning the Prohibition and Immediate Action For the Elimination of the Worts Forms of Child Labour** was passed bt the *ILO* in 1999. This is more specific than the *UNCRC* Convention and *ILO* Convention 138, and has also brought a new urgency to combating the worst forms of child labour, an urgency which is lacking in the *UNCRC*".

15 Anon http://www.christian-aid.org.uk.

16 Anon http://www.fairtourismsa.org.za: "The *IPEC* is a programme of the *ILO* that deals with issues related to the elimination of child labour".

17 Anon http://www.fairtourismsa.org.za: "The charter provides that children should be protected from economic exploitation, but also ecknowledges that children have responsibilities towards their families and the international community".

### 2.3 *UNICEF*

*UNICEF* het die volgende faktore uiteengesit wat uitbuitende kinderarbeid kan meebring:

- voltydse werk onder 'n té jong leeftydsgrens;
- té lang werksure;
- onvoldoende vergoeding aan kinders vir hulle arbeid;
- arbeid wat ernstige fisiese, psigiese en sosiale stremming meebring;
- arbeid wat oormatige verantwoordelikheid meebring; en
- arbeid wat die kind se ontwikkeling en selfbeeld benadeel.[18]

### 2.4 *Die ACRWC*

Ingevolge artikel 15(1) van die *ACRWR* moet elke kind teen alle vorme van ekonomiese uitbuiting beskerm word. Dié artikel nuanseer die begrip deur voor te skryf dat kinders teen enige arbeid wat nadelig kan wees vir hulle fisiese, psigologiese, geestelike, morele en sosiale ontwikkeling, beskerm moet word.[19] Met die bekragtiging van die *ACRWR* onderneem lidstate om wetgewende en administratiewe stappe te doen ten einde die behoorlike implementering van artikel 15(1) te verseker.[20] Die implementering van hierdie artikel vind in sowel die formele as die informele sektor toepassing.[21]

---

18 Anon http://www.unicef.org/sowc97/report/what.htm.

19 Article 15(1) of the *ACRWC*: "Every child shall be protected from all forms of economic exploitation and from performing any work that is likely to be hazardous or to interfere with the child's physical, mental, spiritual, or social development".

20 Article 15(1) of the *ACRWC*: "State Parties to the present Charter take all

## 2.5 *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996*

Artikel 28(1)(e) en (f) bied beskerming aan kinders teen uitbuitende arbeidspraktyke. Die grondwetlike beskerming teen kinderarbeid begrond die bestaande beskermingsbepalings soos vervat in onderskeidelik die **Wet op Kindersorg**[22] en die **Strafproseswet**.[23] Artikel 28(1)(f) van die Grondwet bepaal dat elke kind die reg het om teen uitbuitende arbeidspraktyke beskerm te word en om nie verplig of toegelaat te word om werk te verrig wat nadelig is vir sy/haar welsyn, opvoeding, gesondheid, morele of sosiale ontwikkeling nie. Hierdie bepaling is klaarblyklik in ooreenstemming met artikel 32(1) van die *UNCRC* soos in Hoofstuk 3 bespreek sal word.

Artikel 28(1)(e) en (f) sit eweneens nie uiteen welke tipe arbeid as uitbuitend van aard beskou word nie, sodat die uitleg van bostaande internasionale instrumente as riglyn vir die begrip van die grondwetlike bepalings behoort te dien.

---

appropriate legislative and administrative measures to ensure the full implementation of this Article which covers both the formal and informal sectors of employment and having regard to the relevant provisions of the International Labour Organization's istruments relating to children, State Parties shall in particular: (a) provide through legislation, minimum wages for admission to every employment; (b) provide for appropriate regulation of hours and conditions of employment; (c) provide for appropriate penalties or other sanctions to ensure the effective enforcement of this Article; and (d) promote the dissemination of information on the hazards of child labour to all sectors of the community".

21 Ibid.

22 74 van 1983.

23 51 van 1977.

## *2.6 Wet op Kindersorg 74 van 1983*

Die voorwaardes vir indiensneming van kinders word deur artikel 52(A)(1),(2), (3) en (4) van die **Wet op Kindersorg** uiteengesit.[24] Hierdie voorwaardes is deur die **Wysigingswet op Kindersorg** in die **Wet op Kindersorg** ingevoeg om die misbruik van kinders onder 15 jaar in die arbeidsmark aan bande te lê.[25] Die **Wet op Kindersorg** is 'n toepaslike voorbeeld van die statutêre verwoording van die staat se aksessore verantwoordelikheid jeens die sorg van kinders.

Die staat het voorts ook reeds ondersteuning aan kinders, ouers en die gesin uitgebrei deur onder andere die volgende stappe te doen: (a) die gratis verskaffing van primêre gesondheidsorg vir kinders onder die ouderdom van ses jaar;[26] (b) die uitbreiding van kindertoelaes om die primêre versorger van die kind in te sluit en sodoende die lede van die uitgebreide gesin wat die kind versorg te akkommodeer, (c) die vrylating uit tronke vanaf 10 Mei 1994 van alle moeders met kinders onder die ouderdom van 12 jaar en (d) skoolvoedingskemas. Die toepaslike artikel sal in Hoofstuk 4 bespreek word.

---

24 74 van 1983 en 86 van 1991.

25 Artikel 52(A)(1),(2),(3) en (4) van die **Wet op Kindersorg**. In terme van subartikel (1) van hierdie Wet mag niemand 'n kind in diens neem onder die ouderdom van 15 jaar nie. Die Minister, soos aangestel deur proklamasie onder artikel 61, kan by wyse van Kennisgewing in die Staatskoerant enige arbeid en/of werk uit die wet uitsluit en kan ook enige persoon en of persone vrystel van enige bepalings van subartikel (1).

26 Die regering het in 1998 beplan om te verseker dat 90% van moeders met jong kinders gratis toegang tot gesondheidsorg kry – Anon **Beeld** 7 Februarie 1998 bl 13 kol 2. **Wysigingswetsontwerp op Welsynswette** 90 van 1997.

## 2.7 *Wet op Basiese Diensvoorwaardes 75 van 1997*

In Suid-Afrika reguleer die **Wet op Basiese Diensvoorwaardes** ook die indiensneming van kinders.[27] Die definisie van 'n kind is *iemand onder die ouderdom van 18 jaar.*[28] Ingevolge artikel 43 van die **Wysigingswet op Basiese Diensvoorwaardes** mag niemand 'n kind wat onder die ouderdom van 15 jaar is, in diens neem nie; of wat onder die minimum skoolverlatingsouderdom ingevolge enige wet is indien sodanige ouderdom 15 jaar of ouer is. Daarbenewens mag niemand 'n kind in diens neem vir werk wat nie vir 'n persoon van daardie ouderdom geskik is nie; of vir diens wat die welsyn, opvoeding, liggaamlike of geestesgesondheid of geestelike, morele of sosiale ontwikkeling van die kind in gevaar kan stel nie.

Iemand wat 'n kind strydig met subartikels (1) of (2) in diens neem, begaan 'n misdryf.[29] Vir dié bo 15 jaar, maar nog nie 18 jaar nie, bevat die Wet sekere bepalings soos meer volledig in Hoofstuk 3 bespreek word.

# 3 Samevatting

Die term *kinderarbeid* dui op 'n volgehoue aktiwiteit wat op 'n kontinuum sowel uitbuitende en afbrekende arbeid as voordelige arbeid wat nie met die kind se onderrig, gesondheid en ontwikkeling inmeng nie, inhou. Tussen hierdie twee pole is daar verskeie vorme van arbeid wat nóg skadelik nóg voordelig vir 'n kind kan wees.

---

27 75 van 1997.
28 *Ibid.*
29 **Strafproseswet** 51 van 1977.

Om alle vorme van kinderarbeid as ewe skadelik te beskou, soos die '*verbied-dit-nou-benadering*' bepleit (soos in Hoofstuk 1 uiteengesit), is onaanvaarbaar en dit maak die poging om uitbuitende kinderarbeidspraktyk binne die raamwerk wat deur internasionale instrumente en wetgewing voorgeskryf word, meer kompleks. Dit is daarom gebiedend noodsaaklik dat onderskei moet word tussen arbeid wat vir die kind skadelik is en arbeid wat tot voordeel van die kind strek. Langs hierdie weg kan verseker word dat kinders steeds gesonde en opbouende arbeid verrig sonder dat hulle enigsins benadeel word. In Hoofstukke 3 en 4 word die voorskrifte van relevante internasionale instrumente en nasionale wetgewing onder die loep geneem ten einde 'n duidelike uiteensetting te gee van die wyse waarop gestalte gegee word aan die verbod op kinderarbeid.

# HOOFSTUK 3

# NORME EN VOORSKRIFTE IN INTERNASIONALE INSTRUMENTE

## 1 Inleiding

> We must bring the child back to the centre of our care and concern. This is the only way that our world can survive because our children are the only hope for the future. As older people are called to God, only their children can take their place.
>
> Moeder Teresa [1]

Bogenoemde stelling is tiperend van 'n veranderde houding teenoor kinders en hul posisie in die gesin en die gemeenskap wat sedert die einde van die negentiende eeu in toenemende mate waarneembaar word. Die toenemende aanvaarding en erkenning van die individu as draer van fundamentele regte het ook internasionaal as voorloper gedien vir die erkenning van die kind as regsubjek wat eiesoortige beskerming nodig het.[2]

---

1 Novak **Time** 24 Junie 1996.

2 Bainham en Cretney **Children The Modern Law** 77. "The very notion of children possessing rights implies the existence of legal or moral duties in someone, on indeed everyone, and this raises immediately the issue of the interests of the adult world which can often clash with children's interests."

Internasionale instrumente en organisasies soos onder andere die *UNCRC*, die *IAO* en die *ACRWC* maak nie alleen op internasionale vlak vir die bevordering van individuele fundamentele regte voorsiening nie, maar verleen inderdaad ook erkenning aan besondere verskyningsvorme van sodanige regte. Kinderregte dien juis as voorbeeld. [3]

Die konseptualisering van die aard en inhoud van kinderregte is geen eenvoudige opgawe nie. Dit word daardeur meegebring dat dit nie eendimensioneel van aard is nie, maar eerder dat dit 'n samevoeging van regs-, sosiaal-maatskaplike en sosio-ekonomiese aspekte vergestalt.[4] Die veranderde status van die kind wat meegebring word deur die erkenning van die feit dat 'n kind selfstandige draer van regte is, oefen uiteraard ook 'n invloed op die kind se verhouding met sy of haar ouers, die staat en derdes uit.[5] Die kind se reg op beskerming sluit onder meer beskerming teen misbruik, wreedheid, uitbuiting en verwaarlosing in.[6]

---

3 Verskeie faktore, soos die aard van kindskap, die verskillende ouderdomme waarop die kind se regs-, handelings- en verskyningsbevoegdheid uitbrei en die ongelyksoortige waardes wat aan kinderregte deur afsonderlikde kulture geheg word asook sosio-ekonomiese invloede dra by tot die alreeds inherente ingewikkeldheid by die definiëring en omskrywing van regte. Kinderregte omvat elemente van beskerming en selfbeskikking. Welsynsregte verwys byvoorbeeld na daardie basiese regte wat gerig is op die welsyn van die kind soos die reg op 'n naam, nasionalitet en onderwys. Wanneer hierdie regte nie bestaan nie, ontstaan die vraag oor wie vir sulke aansprake verantwoordelik moet wees. Omdat kinders as kwesbaar en beskermingsbehoeftig beskou word, is hierdie beskermingsregte geskep om die kind teen misbruik te beskerm.

4 Veerman **Changing Image of Childwood** 30 ev.

5 Veerman **Changing image of Childwood** 30; Freeman **Borel Status** 186.

6 Heaton en Davie **SA Human Rights and Labour Law Yearbook** 30 verduidelik soos volg dat daar samevattend na die universele beginsels ten opsigte van kinderregte verwys word as regte gerig op die oorlewing, ontwikkeling en beskerming van kinders. Alternatiewelik word daarna verwys as *protection*, *participation* en *provision*, maar die inhoud wat daaraan geheg word, is soortgelyk aan die oorlewing-ontwikkeling-beskerming-indeling.

Kinderregte mag uiteraard nie beskou word as blote skynregte wat in 'n vakuum funksioneer nie, en as besondere vergestalting van fundamentele regte strek kinderregte gevolglik wyer as net die regsfeer.[7] Kinderarbeid as verskynsel is nog nie sistematies en omvattend in Suid-Afrika bestudeer nie. Soos reeds in hoofstuk 1 bespreek, blyk dit duidelik dat daar in Suid-Afrika soortgelyke tendense bestaan as wat internasionaal ten opsigte van kinderarbeid ondervind word.

## 2 Die *kiddie savers* en *kiddie libbers*

Die ontwikkeling en erkenning van kinderregte word internasionaal losweg deur twee denkrigtings gekenmerk, naamlik dié van die *kiddie libbers* en die *kiddie savers*.[8] Die uitgangspunt van die *kiddie savers* is primêr op beskerming van die kind se welsyn gefokus.[9] Kenmerkend word daar eerder op die kind as beskermingsbehoeftige, en nie as selfstandige draer van gelyke en besondere fundamentele regte nie, gekonsentreer. Hierteenoor beklemtoon die *kiddie libbers* nie net die kind as beskermingsbehoeftige nie, maar ook sy/haar reg op selfbeskikking. Derhalwe word 'n benadering voorgestaan wat die kind as selfstandige draer van fundamentele regte beskou en nie net 'n regsubjek wat beskerming nodig het nie.[10]

---

7 Vn 4.

8 Vgl ter illustrasie Price Cohen **Children's Rights** 165.

9 Detrick in **Law Review Regstydskrif** Vol 13 no 2 2002. "*Kiddie savers* focus on the protection of children against discrimination and all forms of neglect and exploitation; the prevention of harm to children and the provision of assistance for the basic needs of children. One can say that the *kiddie savers* are concerned with three of the four so called "p's". The four "p's" constitute protection, prevention, provision and participation."

10 Detrick in **Law Review Regstydskrif** Vol 13 no 2 2002. "Contrary to the kiddie saver approach, the kiddie libbers concentrate on the fourth "p", the participation of the child in all matters affecting him or her while taking into consideration the level to

Freeman argumenteer oortuigend dat die benaderings van die *kiddie savers* en *kiddie libbers* in wese twee kante van dieselfde munt is.[11] Die voorskrifte van die *UNCRC* bied inderdaad stawing vir die benadering van Freeman, aangesien dit enersyds erkenning bied aan die inherente kwesbaarheid van kindskap, maar andersyds ook aan die kind moontlikhede tot deelname bied in aangeleenthede wat hom/haar raak.[12] Enersyds word die trapsgewyse deelname van kinders aan besluite wat hulle raak erken, maar andersyds word hulle steeds teen jeugdige onervarendheid beskerm.

In hierdie verband kan in besonder na die bepalings van artikels 3(1) en 12(1) verwys word. In die bespreking van hierdie bepalings hieronder word die vertrekpunte onderliggend aan die *UNCRC* weerspieël, naamlik dat die beskerming van die kind in balans moet wees met die besorgdheid oor sy/haar groei na persoonlike onafhanklikheid en respek vir sy/haar regte as individu.[13]

---

which the intellectual and emotional capacities of the child have developed. The added fourth "p", the right of the child to participate in matters affecting his or her destiny, brings a further dimension to the rights of children. Children at various ages can now be considered to have sufficiently developed capacity to make decisions and he concomitant right to exercise the rights going with such decisions."

11 Freeman **Limits of Children's Rights** 39: "It is not a question of whether child savers of liberationists are right, for they are both correct in pointing out part of what needs recognizing, and both wrong in failing to see the claims of the other side."

12 Vn 10.

13 Artikel 3(1) en 12(1) van die *UNCRC*. 3(1)"In all actions concerning children, whether undertaken by public or private social welfare institutions, courts of law, administrative authorities or legislative bodies, the best interest of the child shall be a primary consideration; 12(1) State Parties shall assure to the child who is capable of forming his or her own views the right to express these 4 views of the child being given due weight in accordance with the age and maturity of the child."

Met betrekking tot kinderarbeid blyk dit dat die *kiddie savers* op die beskerming van kinders teen verwaarlosing en uitbuiting, die voorkoming van verwaarlosing en uitbuiting, en die voorsiening van die nodige bystand wat kinders mag benodig fokus. Die *kiddie libbers* fokus ook op laasgenoemde, maar beklemtoon eerder die kind se deelmane in besluitneming in aangeleenthede wat sy/haar eie belange raak.

Wat kinderarbeid betref, kan daar in hierdie verband tot die gevolgtrekking geraak word dat die *kiddie savers* benadering eerder daarop gerig is om die kind teen uitbuitende arbeid te beskerm en te voorkom dat sodanige uitbuiting plaasvind deur die nodige ondersteuningstelsels daar te stel. Die benadering van die *kiddie libbers*, net soos dié van die *kiddie savers*, is ook daarop gerig om die kind te beskerm, uitbuiting te voorkom en ondersteuning te bied, maar die *libbers* wil verder gaan en ook die kind die geleentheid bied om self te besluit waar hy/sy hom/haar self binne die arbeidsmark sien.

## 3 Voorskrifte van die UNCRC

Die *UNCRC* lewer 'n belangrike bydrae tot die verbetering van lewenskwaliteit van kinders. Hierdie konvensie erken dat 'n kind op grond van sy/haar fisiese en psigiese onvolwassenheid besondere beskerming benodig. Dit sluit selfs beskerming ten tyde van geboorte in deurdat artikel 6 bepaal dat elke kind 'n inherente reg op lewe het. Elke lidstaat aan die Konvensie het daarom 'n verpligting om die oorlewing en ontwikkeling van kinders te verseker.[14] Die

---

[14] Artikel 6 van die *UNCRC*: 6(1) State Parties recognize that every child has the

*UNCRC* se betekenis lê daarin dat dit besondere erkenning aan kinderregte verleen.[15] Die *UNCRC* het op 2 September 1990 in werking getree toe aan die vereiste dat 20 state dit moes onderteken, voldoen is.[16] Teen die einde van Februarie 1996 is die *UNCRC* reeds deur 191 state geratifiseer. Suid-Afrika was onder meer een van die 191 state wat dit reeds in 1995 geratifiseer het.[17] Tans is die *UNCRC* reeds deer 197 state geratifiseer en slegs twee state, die verenigde State van Amerika en Somalië het dit nog nie geratifiseer nie.

Suid-Afrika *qua* lidstaat het 'n verpligting om homself te onderwerp aan die standaarde soos uiteengesit in die Konvensie. Met ratifikasie van die *UNCRC* onderneem 'n lidstaat om die doel, waardes en regte soos vervat in die Konvensie te respekteer, te handhaaf en te bevorder.[18] Voorts onderneem die lidstaat ook om nie wetgewing daar te stel wat in stryd met die Konvensie is nie en om nasionale wetgewing te hersien en in ooreenstemming met die bepalings van die *UNCRC* te bring.[19] Die belang van die Konvensie is nie net daarin geleë dat dit internasionaal erken word as die toonaangewende kinderregtemanifes nie, maar dit dien juis ook om die konflik tussen die

---

inherent right to life; 6(2) State Parties shall ensure to the maximum extent possible the survival and development of the child.

15 Mower **Convention on the rights of the child- International law support for children** 1.

16 Doek **Current Status** 633 verduidelik dat geen ander internasionale konvensie deur so 'n groot aantal state binne so 'n kort tydperk na die ontstaan daarvan geratifiseer is nie.

17 Vgl Eiselen **Young Persons in Private International Law** 229-231. Tav die selfuitvoerende aard van internasionale ooreenkomste wat deur Suid-Afrika onderteken en geratifiseer is, vgl a 231 van die Grondwet en Van der Vyver **Constitutional Protection** 318, 319. Sien in die algemeen rakende die selfuitvoerende aard van die Konvensie Allen en Pas **Selfexecuting Character** 165-186.

18 Haupt **Die reg van die kind op oorlewing, ontwikkeling en beskerming** 56-57.

19 Himes **Implementing the Convention** 1-32.

omskrywing van die kind se regte in welsynsterminologie en die bevordering van die kind se reg op selfbeskikking te harmoniseer.[20]

Die *UNCRC* onderskryf belangrike beginsels rakende kinders, naamlik die reg van die kind dat daar nie teen hom/haar gediskrimineer mag word nie, (artikel 2)[21] die reg van die kind om gehoor te word (artikel 12)[22] en die *beste-belang-van-die-kind-maatstaf* wat van deurslaggewende belang is in alle aangeleenthede wat die kind raak (artikel 3).[23]

---

20 Freeman **Rights, Ideology and Children** 5. Vir die beskerming van die kind in die breë gesien, is die konsep van regte uiteraard ook van belang. Die menseregteleer en die positiefregtelike vergestalting daarvan in internasionale ooreenkomste en nasionale wetgewing het groter bewustheid meegebring van die regte wat elke mens toekom. Hierdie bewussyn dra by tot die vestiging van 'n mensregtekultuur waarin mense mekaar se regte wedersyds erken en respekteer. Op soortgelyke wyse vestig die konsep van kinderregte die aandag op die individuele en universele aansprake op sowel beskerming as selfbeskikking. Positiefregtelike vergestalting van kinderregte in die internasionale en nasionale reg dra by tot die erkenning van die besondere behoeftes van kinders, en dalk tot die gepaardgaande respek en begrip vir hierdie behoeftes.

21 Artikel 2 van die *UNCRC*: (1) States parties shall respect and ensure the rights set forth in the present Convention to each child within their jurisdiction without discrimination of any kind irrespective of the child's or his or her parent's or legal guardian's race, colour, sex, language, religion, political or other opinion, national, ethnic or social origin, property, disability, birth or other status; (2) States Parties shall take all appropriate measures to ensure that the child is protected against all forms of discrimination or punishment on the basis of the status, activities, expressed opinions, or beliefs of the child's parent's, legal guardians, or family members

22 Artikel 3 van die *UNCRC*: (1) In all actions concerning children, whether undertaken by public or private social welfare institutions, courts of law, administrative authorities or legislative bodies, the best interest of the child shall be a primary consideration; (2) States Parties the child such protection and care as is necessary for his or her well-being, taking Into account the rights and duties of his or her parents, legal guardians, or other individuals legally responsible for him or her, and, to this end, shall take all appropriate legislative and administrative measurers; (3) States Parties undertake to ensure that the institutions, services and facilities responsible for the care or protection of children shall conform with the standards established by competent authorities particularly in the areas of safety, health, in the number and suitability of their staff, as well as competent supervision.

23 Artikel 12 van die *UNCRC*: (1) States Parties shall assure to the child who is capable of forming his or her own views the right to express those views freely in all matters affecting the child, the views of the child being given due weight in accordance with the age and maturity of the child; (2) For this purpose, the child shall in particular be provided the opportunity to be heard in any judicial and administrative proceedings affecting the child, either directly, or through a representative or an appropriate body, in a manner consistent with the procedural rules of national law.

### *3.1 Lidstate se statutêre plig ten opsigte van die ouer-kind verhouding soos uiteengesit in artikels 18, 19 en 27*

Die gees en strekking van die *UNCRC* bevestig dat, ten spyte van staatlike ondersteuning van die gesin, ouers steeds primêr vir die versorging van hulle kinders verantwoordelik is.[24] Die rede hiervoor is geleë in die eiesoortige aard van die ouer-kind-verhouding soos begrond deur die kind se behoefte aan ouerlike liefde, versorging en bystand.[25] Die staat daarenteen is geroepe om die staatlike gemeenskap te orden en artikels 18, 19, 27 en 39 van die *UNCRC* sluit hierby aan deur 'n verpligting op lidstate te plaas om ouers te ondersteun in die uitoefening van hul ouerlike verantwoordelikheid deur die ontwikkeling en oprigting van kindersorginstellings en fasiliteite soos dagsorgsentrums.[26]

Artikel 18 bepaal dat lidstate 'n bepaalde regsplig het om die ouer en kind by te staan in hul ouer-kind-verhouding.[27] Artikel 19(1) bepaal dat deelnemende state voldoende wetgewende, administratiewe, sosiale en opvoedkundige voorsorgmaatreëls moet tref ten einde kinders te beskerm teen alle vorme van fisiese en psigiese geweld, beserings en misbruik, verwaarlosing,

---

24 Vgl bv aa 18 en 27(2).

25 A5 van die *UNCRC*. Vgl ook Matsushima **Convention on the Rights of the Child and Controversial Issues in Japanese Family Law** 162, 163.

26 Ter illustrasie word aanvaar dat ouers van nature geroepe is om die kind te versorg. Die staat daarenteen is geroepe om te orden, en vervul hierdie roeping teenoor die kind deur hom teen gevaar te beskerm.

27 Artikel 18 van die *UNCRC* bepaal soos volg: (1) State Parties shall use their best efforts to ensure recognition of the principle that both parents have common responsibilities for the upbringing and development of the child. Parents or, as the case may be, legal guardians, have the primary responsibility for the upbringing and development of the child. The best interest of the child will be their basic concern; (2) For the purpose of guaranteeing and promoting the rights set forth in this Convention, State Parties shall render appropriate assistance to parents and legal guardians in the performance of their child-rearing responsibilities ans shall ensure the development od institutions, facilities and services for the care of children.

mishandeling of uitbuiting, insluitend seksuele misbruik terwyl die kind in die sorg van ouers, voogde of enige ander persoon is wat verantwoordelik vir die kind is.[28]

Artikel 27(3) bepaal dat die kind 'n reg het op 'n geskikte lewenstandaard ten aansien van sy/haar fisiese, psigiese, geestelike, morele en sosiale ontwikkeling.[29] Ten einde hierdie regte te realiseer, het die kind die bystand en ondersteuning van sowel sy/haar ouers as die staat nodig.[30] Die staat moet die nodige maatreëls tref om ouers asook kinders by te staan om te verseker dat die kind se regte afgedwing word.

Artikel 39 plaas 'n verpligting op lidstate om geskikte remediërende behandeling te bevorder van kinders wat fisiese en emosionele misbruik ondergaan as gevolg van die skending van hulle reg om teen enige vorm van verwaarlosing, uitbuiting, mishandeling of enige ander vorm van wrede, onmenslike behandeling beskerm te word. Hierdie behandeling van die kind

---

28 Artikel 19(1) van die *UNCRC*: State Parties shall take all appropriate legislative, administrative, social and educatiomal measures to protect the child from all forms of physical or mental violence, injury or abuse, neglect or negligent treatment, maltreatment or exploitation including sexual abuse while in the care of parent(s) or guardian(s), legal guardian(s) or any other person who has the care of the child.

29 Artikel 27(3) van die *UNCRC*: State Parties in accordance with national conditions and within their means shall take appropriate measures to assist parents and others responsible for the child to implement this right and shall in case of need provide material assistance ans support programmes, particularly with regard to nutrition, clothing and housing.

30 Die bekleding van die kind met fundamentele regte misken nie die uniekheid van die gesinsverhouding of ouers se natuurlike reg op en belang by die opvoeding van hul kind nie. Dit weerspieël eerder die klemverskuiwing in die ouer-kind-verhouding wat inhou dat ouers se verantwoordelikhede teenoor die kind eerder as hul gesagsposisie beklemtoon word. Die Volkereg verleen by wyse van die *UNCRC* Konvensie erkenning aan die gesin as die basiese eenheid van die gemeenskap en die natuurlike omgewing vir die kind se groei en ontwikkeling. Uiteraard gaan die Konvensie van die benadering uit dat die bekleding van die kind met fundamentele regte nie 'n afname in die belangrikheid van ouers en die gesin impliseer nie. Sien in die algemeen Bainham **Children The Modern Law** 112-114; Van Bueren **Law on the Rights of the Child** 67.

moet geskied in 'n omgewing wat die gesondheid, selfrespek en waardigheid van die kind bevoordeel.

As verdere bevestiging van die verantwoordelikheid van ouers *qua* primêre versorgers van die kind, poog die *UNCRC* om ouers in die nakoming van hul ouerlike sorgverantwoordelikheid te ondersteun in ooreenstemming met beskikbare hulpbronne wat van owerheidsweë beskikbaar gestel moet word. Op hierdie wyse word die ekonomies en maatskaplik kwesbare kind beskerm deur hom/haar in staat te stel om in die gesin te leef sonder vrees vir emosionele en/of fisiese verwaarlosing of leed.[31] Vir doeleindes van hierdie studie lê die belangrikheid van artikels 18, 19, 27 en 39 daarin dat elke lidstaat 'n verpligting het om toe te sien dat:

- die kind beskerm word teen uitbuitende kinderarbeidspraktyk;
- ouers die nodige ondersteuning ontvang om in die beste belang van die kind te voorsien;
- wetgewing geïmplementeer word ten einde die kind teen uitbuitende arbeidspraktyke te beskerm; en
- dat programme en finansiële ondersteuningstelsels geïmplementeer word ter voldoening aan bogenoemde beskermingsmaatreëls.

---

[31] Artikel 19 (1) van die *UNCRC* Konvensie gaan van die standpunt uit dat die ondersteuning van die behoeftige gesin die hoofmetode is om kinders teen misbruik en verwaarlosing te beskerm. Ondersteuning kan die vorm aanneem van onder meer 'n welsynstoelaag, gratis primêre gesondheidsorg vir moeders en jong kinders, dagsorgsentrums en maatskaplike dienste soos berading. Aansluitend hierby verwoord artikel 18 die rol van die staat in die ouer-kind-verhouding as ondersteunend van aard.

### 3.2 *Artikel 3 gelees met artikel 12*

Ingevolge artikel 3(1) van die *UNCRC* is die beste belang van die kind die primêre oorweging in alle aangeleenthede wat die kind raak. Uit die strekking van artikel 3(1), (2) en (3) blyk dit dat die beste belang van die kind as maatstaf vir publieke en privaatregtelike aangeleenthede asook vir regsprekende, administratiewe en wetgewende organe dien. In wese behels dié vertrekpunt dat die beste belang van die kind tesame met die belange van ander betrokke partye, soos ouers, ander gesinslede en die staat, in aangeleenthede wat die kind raak in ag geneem word.[32] Uit hoofde van artikel 12 onderneem lidstate ook om toe te sien dat kinders (juis as draers van regte) se sienings mede-bepalend sal wees ten opsigte van die vraag oor wat in 'n spesifieke geval in hulle beste belang is.[33] Rakende laasgenoemde is dit belangrik om in ag te neem dat kinders van verskeie ouderdomme se sienings nie dieselfde gewig sal dra nie.[34]

Die bepalings soos vervat in artikel 3(1) en 12(1) van die *UNCRC,* weerspieël die Konvensie se uitgangspunt dat die beskerming van die kind 'n balans moet vergestalt tussen enersyds die besorgdheid oor die kind se groei tot persoonlike onafhanklikheid en andersyds die respek vir sy/haar regte as individu.[35]

---

32 Sloth-Nielsen 1995 **SAJHR** 408-409.

33 Rakende die nou verband tussen aa 3 en 12, sien in die algemeen Van Bueren **Law on the rights of the child** 45-51

34 Die siening van 'n kind van 8 jaar oud teenoor die siening van 'n 15 jarige kind verskil aansienlik ten aansien wat hulle ag in hulle beste belang sal dien. Sie veral in hierdie opsig **Gillick v West Norfolk and Wisbech Area Health Authority** 1986 AC 112 aangaande die begrip *gillick competent*.

35 Detrick in **Law Review Regstydskrif** Vol 13 no 2 2002 verduidelik dat artikel 12 groot

Dit blyk duidelik uit bogenoemde artikels dat die kriterium van die beste belang deurgaans bepalend vir die aard en inhoud van die regte van die kind is.[36] Oor die algemeen word die toepassing van die maatstaf van die beste belang van die kind internasionaal as sluitsteen aanvaar by aangeleenthede wat die kind raak.[37] Die beste belang van die kind omvat breedweg 'n wye interpretasie van die kind se fundamentele regte asook die kind se liggaamlike, emosionele en geestelike welsyn.[38]

Uit die strekking van artikel 12 van die *UNCRC* blyk dit dat die kind se reg om gehoor te word eweneens 'n onderliggende element in die bepaling van die beste belang van die kind in spesifieke omstandighede is.[39] Daar is ook reeds aangetoon dat kinderregte as verskyningsvorm van fundamentele regte juis impliseer dat die kind as individu tipies die reg behoort te hê om besluite

---

potensiaal daar stel ter bevordering van die beskerming van kinderregte. Daar rus 'n verpligting op die staat om die kind in ag te neem in besluite wat die kind raak: "This may not only be detrimental to the child, but also to wider sections of the community. In specific cases, such as school or the family, children often do not have opinions, but in fact superior knowledge. Article 3, which provides for the best interest of children, does not create rights and duties in the true sense of the word. It rather reflects a principle of interpretation that has to be considered in all actions concerning children. The influence of article 12, the right of the child to be heard, plays a vital role in the interpretation of article 3. In terms of article 12, the child is afforded a much greater role in deciding what is in his or her best interest."

36 Van Bueren **Law on the Rights of the Child** 45-51.

37 Die beste-belang-van-die-kind-maatstaf is nie bloot 'n faktor wat deurlopend in ag geneem word nie, maar dit bied inderdaad 'n grondwetlike norm wat as juridiese maatstaf vir die begronding en begrensing van die belange en regte van kinders, ouers en die staat dien.

38 Die beste belang van die kind is met ander woorde 'n jurisiese maatstaf vir die beoordeling van die ouer se uitoefening van ouerlike sorg. Dit vind met ander woorde ook aanwending in die vasstelling van wat in die besondere omstandighede, soos byvoorbeeld in die geval van egskeiding en by die toekenning van bewaring, in die beste belang van die kind sal wees. Weens die juridiese aard van die beste belang van die kind as maatstaf is dit nie afdwingbaar in die ouer-kind-verhouding nie, aangesien die grondslag van die verhouding nie 'n skuld of 'n kontrak is nie, maar 'n liefdesband tussen ouer en kind – vgl Van Bueren **Law on the Rights of the Child** 87.

39 Detrick haal soos volg aan: "Following the 1924 Declaration which emphasized the child's material needs and the aim of the 1959 Declaration that mankind owes the child the best it has to give, the self-assertive rights in the 1989 Convention reflect the recognition that a child as an individual may be able in law to make his or her own decisions. Article 12 of the Convention serves to illustrate this point."

oor sy of haar lewe te kan neem of ten minste by die besluitnemingsproses betrokke te wees.

Teen die agtergrond van artikels 3 en 12 is dit duidelik dat kinders wat daartoe kompetent is deel behoort te neem aan besluite wat sy/haar belange raak. Die kind sou byvoorbeeld geraadpleeg behoort te word oor sy/haar indiensnenming en self deel kon neem aan 'n besluit of 'n beperking op indiensneming wat vir hom/haar tot nadeel kan strek al dan nie. Indien die kind se reg, soos dit in artikel 12 verwoord word, die kind ontneem word, kan tereg gesê word dat daar inbreuk op sy/haar reg as selfstandige draer van fundamentele regte gemaak word. Hierdie inbreuk sou inderdaad diskriminasie teen die kind vergestalt.

Uit die bespreking in die bostaande paragraaf blyk dit dat daar duidelik onderskei word tussen 'n kind wat kompetent is om aan die besluitnemingsproses deel te neem en 'n kind wat nie daartoe in staat is nie. Die bespreking toon ook duidelik dat die kind se ontwikkelende selfstandigheid erkenning behoort te geniet. As voorbeeld word daar verwys na die Duitse reg wat onderskei tussen *Grundrechtsfähigkeit*, wat na die kompetensie van 'n persoon verwys om potensieel in staat te wees om die draer van fundamentele regte te wees, en *Grundrechtsmündigkeit*, wat dui op die kompetensie van 'n persoon om fundamentele regte self te kan uitoefen. Daar word aanvaar dat elke kind van geboorte af ongekwalifiseerd *grundrechtsfähig*, maar nie *grundrechtsmündig* nie. Eers wanneer die kind selfstandig en sinvol kan onderskei ten opsigte van 'n besondere

fundamentele reg, is die kind *grundrechtsmündig* met verwysing na die besondere reg.[40]

Oorhoofs beskou neem howe die kind se wense vanaf die ouderdom van 14 jaar in ag. Die ouderdom van 14 jaar word oor die algemeen aanvaar as 'n aanduiding van emosionele rypheid en volwassenheid.[41] Hierdie ouderdom stel egter net 'n algemene riglyn daar en sluit nie die moontlikheid uit dat 'n kind reeds op 'n jonger ouderdom oor die nodige emosionele rypheid en volwassenheid kan beskik om 'n mening sinvol te kan lug nie.[42] Op soortgelyke wyse as artikel 12(1) van die *UNCRC* is die toets dus nie soseer of die kind 'n sekere ouderdom bereik het nie, maar eerder of die kind oor die emosionele en intellektuele vermoë beskik om die omvang van byvoorbeeld hofprosedures te verstaan.[43]

Die vraag oor die kind se uitoefening van sy/haar fundamentele regte en vryhede soos uiteengesit in artikel 12 van die *UNCRC*, kan ook beantwoord word met die toepassing van die *sufficiently mature*-beginsel. Regspraak soos **Polovchak v Meese** en **In the Matter of Lori M** illustreer dat aangeleenthede wat die selfstandige besluitneming en uitoefening van regte deur kinders in die ouer-kind-verhouding raak, uiteenlopend benader word.[44]

---

40 Haupt **Die reg van die kind op oorlewing, ontwikkeling en beskerming** 130.

41 Vgl **In re Roger S** (1977) soos bespreek in Mnookin **Family and State** 365 en Ellman, Kurtz en Stanton (reds) **Cases, Text, Problems** 1051.

42 In die staat, Florida, word daar statutêr daarvoor voorsiening gemaak dat die menings van kinders van so jonk as 5 of 6 jaar gewig kan dra in regsprosedures oor byvoorbeeld hulle bewaring. Sien in die algemeen **Florida Rules of Professional Conduct** Rule 4-1 14 cmt (1992).

43 Sien Russ 1993 **FLQ** 380.

44 **Polovchak v Meese** 774 F2d 731 (7th Cir 1985) en **In the Matter of Lori M** 469

Die gemeenregtelike uitgangspunt berus op die veronderstelling dat ouers oor iets beskik wat by die kind ontbreek, naamlik die nodige lewensondervinding en volwassenheid om besluite te neem en regte uit te oefen.[45] Alhoewel die kind wel as individu 'n draer is van dieselfde konstitusionele vryhede en regte as 'n volwassene, beskik die minderjarige nie altyd oor die kompetensie om dit self uit te oefen nie.[46] Die kind se selfstandige besluitneming oor mediese aangeleenthede dien as bruikbare voorbeeld van die aanwending van die *sufficiently mature*-beginsel.

> The serious consequences attendant to involuntary commitment of a minor as a mentally ill or disordered person, and the potential of error in diagnosis convinces us that the minor who is mature enough to participate intelligently in the decision to independently assert his/her right to due process in the commitment decision must be permitted to do so.[47]

---

NYS 2d 940 (Fam Ct 1985) wat onderskeidelik die kind se selfstandige besluitneming aangeroer word, Vn 43. Sien ook **Gillick v West Norfolk and Wisbech Area Health Authority** 1986 AC 112.

45 **Meyer v Nabraska** 262 US 390, 43 S Ct 625, 67 L Ed 1042; **Pierce v Society Sisters** 268 US 510, 45 S Ct 571, 69 L Ed 170; Palmer v JR 442 US 584 (1979). Sien in die algemeen Weyrauch, Katz en Olsen **Cases and Materials** 673; Daily 1993 **Tulane LR** 987 ev.

46 Vgl bv **In re Roger S** 19 Cal 3d 921, 569 P 2d 1286, 141 Cal Rptr 298 (1977) in Mnookin **Family and State** 367: "The liberty interest of a minor is qualitatively different from that of an adult, being subject both to reasonable regulation by the state to an extent not permissible with adults" en **Hodgson v Minnesota** 497 US 417, 497 (1990) 444: "Immaturity, inexperience and lack of judgment may sometimes impair their ability to exercise their rights wisely."

47 Vgl bv **In re Roger S** 19 Cal 3d 921, 569 P 2d 1286, 141 Cal Rptr 298 (1977) soos aangehaal en bespreek in Mnookin **Family and State** 364, 365.

Teen hierdie agtergrond kan die *sufficiently mature*-beginsel ook as voorbeeld aangewend word in arbeidsaangeleenthede wat die kind raak en ook of die kind kan besluit oor sy of haar indiensneming.[48] Daar word nie betoog dat 'n kind wat nie *sufficiently mature* is nie, self kan besluit of hy/sy deel sal neem aan arbeidsaangeleenthede ongeag statutêre voorskrifte. Daar word ook nie geargumenteer dat al die regte en vryhede wat deur volwasse persone geniet word outomaties na kinders uitgebrei word nie, maar eerder dat beperkings op hierdie regte ten opsigte van kinders geregverdig moet word deur 'n legitieme staatlike belang. Sekere vorme van beperkings en spesifiek die beperking op die ouderdom van indiensneming van kinders, is byvoorbeeld grondwetlik regverdigbaar.[49]

Die onus rus op diegene wat die kind van sekere van hierdie vryhede of regte wil weerhou om die regverdiging vir die beperking aan te dui. Voorts is enige beperking van die kind se grondwetlike regte deur geldende regsvoorskrifte onderhewig aan artikel 36 van die Suid-Afrikaanse Grondwet. Dié artikel bepaal naamlik dat beperkings van enige van die regte verskans in die handves redelik en regverdigbaar moet wees in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseer op menswaardigheid, gelykheid en vryheid.[50] Hierteenoor behoort die beperking op die ouderdom van indiensneming van kinders nie net in verhouding te wees en regverdigbaar te wees met die kind

---

48 Soos aangehaal in Mnookin **Family and State** 364, 365: "We conclude, therefore, that no interest of the state or of a parent sufficiently outweighs the liberty interest of a minor old enough to independently exercise his/her right to due process to permit the parent to deprive him/her of that right."

49 So 'n beperking sal egter nie konstitusioneel regverdigbaar wees indien dit op volwassenes gerig is nie. Sien in die algemeen Weyrauch en Katz **Cases and Materials** 680; Burt **Developing Constitutional Rights** 360.

50 Sien Van der Vyver **Constitutional Protection** 276-282.

se regte soos verskans in die handves nie, maar dit moet ook in verhouding wees met die kind se emosionele en intellektuele vermoë om die omvang van sy/haar besluit te verstaan.[51]

Ten spyte van die erkenning daarvan dat die omvang van die ouerlike gesag afneem namate die kind ouer word, en die feit dat die kind ook 'n persoon in terme van die Grondwet is en gevolglik ook op dieselfde konstitusionele vryhede as 'n meerderjarige aanspraak het, is die selfstandige uitoefening van die kind se regte 'n omstrede aangeleentheid. Een van die redes hiervoor is dat die privaatheid van die gesin dikwels as begrensing vir die kind se aansprake op grond van sy individuele vryhede dien. Die afweging van botsende belange, bestaande statutêre maatreëls en die toepassing van die *sufficiently mature*-beginsel bepaal in elke afsonderlike geval of die kind sy regte in die besondere omstandighede selfstandig kan uitoefen.

### 3.3 *Artikel 32 van die UNCRC*

Die voorskrifte van die *UNCRC* aangaande ekonomiese uitbuiting en minimum ouderdomme vir indiensneming is nie spesifiek nie. Artikel 32(1) van die *UNCRC* bepaal dat 'n kind 'n reg het om teen uitbuitende arbeidspraktyke beskerm te word en nie verplig of toegelaat mag word om enige werk te verrig

---

51 Uiteraard moet die inagneming van die kind se mening in ooreenstemming met sy ouderdom en volwassenheid een van die onderskeidende faktore wees. Artikel 2(5)(d) van die **Wet op Nutuurlike Vaders van Buite-egtelike Kinders** vereis byvoorbeeld die oorweging van die kind se gevoel met betrekking tot die toestaan van die vader se aansoek. Voorts moet howe ook nie ten opsigte van die waarde wat aan die kind se mening verleen word, primêr op sy of haar ouderdom konsentreer word nie. Dit kan neerkom op diskriminasie op grond van ouderdom wat ingevolge artikel 9(3) van die Grondwet verbied word. Sien ook in die algemeen **Gillick v West Norfolk and Wisbech Area Health Authority** 1986 AC 112 aangaande die begrip *gillick competent*.

wat sy of haar morele, fisiese en opvoedkundige ontwikkeling benadeel of kan benadeel nie.[52] Die woord *enige werk* sluit nie outomaties huishoudelike en landboukundige werk uit nie en behels juis dat kinders beskerm moet word teen alle vorme van uitbuitende arbeid, ongeag of dit in die huishouding of die formele arbeidsmark voorkom.

Artikel 32 fokus spesifiek op die uitbuiting van kinderarbeid. Kinders moet beskerm word teen ekonomiese uitbuiting en arbeid wat nadelig/skadelik kan wees vir hulle normale ontwikkeling as kinders, of teen arbeidsaktiwiteite wat skadelik is vir hulle gesondheid, fisiese, psigiese, morele of sosiale ontwikkeling en selfs hulle onderrig. Artikel 32(2) is daarop gerig om kinders ten opsigte van hierdie aangeleenthede te beskerm deurdat lidstate wetgewende, administratiewe, sosiale en opvoedkundige maatstawwe moet neerlê ten einde die afdwinging van hierdie artikel te verseker, soos reeds in voorafgaande artikels bespreek.[53]

Artikel 32(2)(a)(b) en (c) bepaal meer spesifiek in welke mate lidstate voorsorg moet tref om kinders teen uitbuitende kinderarbeid te beskerm. Subartikel (2)(a) bepaal dat lidstate voorsiening moet maak vir 'n minimum ouderdom vir die indiensneming van kinders in die arbeidsmark.[54] Subartikel

---

52 Artikel 32(1) van die *UNCRC* Konvensie lui soos volg: States Parties recognize the right of the child to be protected from economic exploitation and from performing any work that is likely to be hazardous or to interfere with the child's education, or to be harmful to the child's health or physical, mental, spiritual, moral or social development.

53 Artikel 32(2) van die *UNCRC* Konvensie. State Parties shall take legislative, administrative, social end educational measures to ensure the implementation of subarticle (1). To this end, and having regard to the relevant provisions of other international instruments.

54 Artikel 32(2)(a) van die *UNCRC* Konvensie. State Parties shall provide for a minimum age or ages for afmission to employment.

(2)(b) stel dit duidelik dat lidstate voorsiening moet maak vir voldoende regulasies en voorskrifte met betrekking tot die aantal ure en omstandighede waaronder kinders wel mag werk,[55] en subartikel (2)(c) bepaal dat lidstate voorsiening moet maak vir doeltreffende strawwe en sanksies ter versekering van die effektiewe afdwinging van artikel 32.[56] Dit is egter interessant om daarop te let dat artikel 38(2) bepaal dat kinders van 15 jaar en ouer wel opgeroep mag word vir militêre doeleindes. *Prima facie* is daar 'n teenstelling tussen dié voorskrifte en dit bied verdere motivering vir opheldering van die vraag oor welke tipe arbeid in terme van die *UNCRC* as uitbuitend en/of gevaarlik geag word.[57]

Tereg kan gevra word of die posisie van kinders wat met gevaarlike wapens en plofstof werk en selfs blootgestel kan word aan moontlike oorloë nie soortgelyk is aan dié van kinders wat in myne onder uiters gevaarlike omstandighede werk nie. Dit blyk dat artikel 32 wel indiensneming van kinders verbied waar dit skadelik en/of gevaarlik vir die kind se ontwikkeling mag wees, maar die artikel bevat nie 'n omvattende uiteensetting met betrekking tot minimum ouderdomme nie. Artikel 32 bepaal slegs dat lidstate voorsiening moet maak vir sekere regulasies en standaarde, maar dit stel nie

55 Artikel 32(2)(b) van die *UNCRC* Konvensie. State Parties shall provide for appropriate regulation of the hours and conditions of employment.

56 Artikel 32(2)(c) van die *UNCRC* Konvensie. State Parties shall provide for appropriate penalties or other sanctions to ensure the effective enforcement of article 32.

57 In Bischoff **The UN Convention on the Rights of the Child** 98 word verduidelik dat daar geen konsesus bestaan tussen state aangaande die minimum ouderdom vir indiensneming nie. Konvensie 138 van die *IAO* verbied enige indiensneming wat die gesondheid, veiligheid en morele waardes van 'n persoon onder 18 jaar nadelig beïnvloed. Artikel 38(2) van die *UNCRC* bepaal dat kinders van 15 jaar en ouer toegelaat word vir militêre opleiding wat vanselfsprekend tog gevaar en nadeel vir kinders kan inhou. Hierdie illustrasie dien as voorbeeld dat daar geen duidelike ooreenstemming bestaan tussen lidstate tot die Konvensie oor welke tipe arbeid op 'n sekere ouderdom as skadelik beskou word nie.

duidelik onder watter omstandighede en ouderdomme indiensneming verbied moet word nie.

### 3.4 *Die regte en verpligtinge van lidstate uit hoofde van die voorskrifte van die UNCRC*

Met ratifikasie van die *UNCRC* onderneem 'n lidstaat om die doel, waardes en regte soos vervat in die Konvensie te respekteer, te handhaaf en te bevorder.[58] Daar is reeds oorsigtelik in paragraaf 3.1 na die verpligtinge wat op lidstate geplaas word, verwys. Ten einde die implementering van die regte van kinders in state wat die *UNCRC* geratifiseer het te verseker, maak dié Konvensie voorsiening vir 'n Komitee aangaande die Regte van die Kind (hierna Komitee).

Artikels 43 tot 45 van die Konvensie stel die Komitee binne die raamwerk van die Verenigde Nasies en bevat bepalings aangaande die nominasie en verkiesing van komiteelede en die finansiering en funksionering van die Komitee.[59] Uit hoofde van artikel 40 moet lidstate bepaalde verslae aan die Komitee voorsien aangaande die wetgewende, administratiewe, sosiale en opvoedkundige voorsorgmaatreëls wat geneem word ten einde kinders teen ekonomiese uitbuiting te beskerm.[60] Sodanige verslae moet aanvanklik binne

58 Tav die selfuitvoerende aard van internasionale ooreenkomste wat deur Suid-Afrika onderteken en geratifiseer is vgl Eiselen **Young Parsons in Private International Law** 229-231; a 231 van die Grondwet en Van der Vyver **Constitutional Protection** 318, 319.

59 Sien vir meer inligting oor die Komitee Robinson Enkele gedagtes oor die Komitee van die Regte van die Kind **THRHR** 2002.

60 Detrick **A Commentary on the United nations Convention on the Rights of the**

2 jaar na ratifikasie van die *UNCRC* en daarna elke 5 jaar aan die Komitee voorgelê word.[61] Suid-Afrika het reeds sy eerste verslag aan die Komitee voorgelê. Hierdie aspek sal meer volledig onder Hoofstuk 4 bespreek word.

Lidstate moet aandui of nasionale wetgewing verbiedinge bevat teen, asook definisies aangaande, gevaarlike werk en aktiwiteite wat as gevaarlike werk vir die kind se gesondheid en fisiese ontwikkeling beskou kan word. Lidstate onderneem ook om inligting te verstrek aangaande die minimum ouderdom vir wettige indiensneming van kinders en die tipe arbeid wat kinders mag verrig soos dit in wetgewing voorgeskryf word. Verder moet lidstate ook inligting verstrek oor hoe die minimum ouderdom vir indiensneming verband hou met die minimum verpligte skoolverlatingsouderdom, hoe dit die kind se reg op opvoeding beïnvloed en welke rol internasionale instrumente in hierdie verband speel.[62]

### *3.5 Gevolgtrekking*

Die *UNCRC* kan beskou word as die toonaangewende kinderregtemanifes en dit dien as instrument om die kind se reg op selfbeskikking en die omskrywing van die kind se regte in die algemeen. Die bespreekte artikels van die

---

**Child** 564 verduidelik dat die Komitee vereis dat lidstate wat die *UNCRC* geratifiseer het, verslag doen aangaande die ekonomiese uitbuiting van kinders in daardie betrokke staat. Die Komitee vereis verder dat lidstate moet aantoon of nasionale wetgewing 'n verbod plaas op die gebruik van kinderarbeid en ook 'n definisie verskaf aangaande uitbuitende kinderarbeid en/of tipe arbeid wat uitbuiting tot gevolg het.

61 Vgl Robinson Enkele gedagtes oor die Komitee van die Regte van die Kind **THRHR** 2002.

62 Detrick haal soos volg aan: "State parties are obliged to guarantee in their international legislation the prohibition of unhealthy or dangerous working conditions and, in general, of all work which jeopardize health, safety or morals for pesons under the age of eighteen years."

*UNCRC* skep 'n geïntegreerde raamwerk vir die beskerming van die beste belang van die kind, insluitend beskerming teen alle vorme van uitbuiting. Artikel 32 wat vir doeleindes van hierdie studie as grondslag dien, kan egter nie in die praktyk *in vacvo* toegepas word om uitbuitende kinderarbeid binne aanvaarbare perkte te bring nie, maar moet uitgeoefen en toegepas word in ooreenstemming met die regte en verpligtinge waaraan elke lidstaat onderworpe is, met ouers se deelname in oorweging van die beste belang van die kind en met die kind se reg op besluitneming oor aangeleenthede wat hom/haar raak.

Teoreties skep die bepalings van die *UNCRC* 'n standaard wat blyk suksesvol te wees, maar met die toename in armoede, werkloosheid en verskeie ander verskynsels blyk dit steeds dat kinders toenemend aan uitbuitende praktyke onderwerp word.

Artikels 18, 19, 27 en 39 plaas verpligtinge op lidstate om daarvoor voorsiening te maak dat uitvoering gegee word aan die kind se reg om gehoor te word en om teen uitbuitende arbeidspraktyke beskerm te word. Die bepalings van die *UNCRC* moet in ooreenstemming met alle regte van die kind uitgeoefen en afgedwing word om uitvoering te gee aan beskerming van kinders in die arbeidsmark.

Die bepalings van die *UNCRC* moet ook duideliker omskryf word ten einde duidelik uiteen te sit welke tipe arbeid op welke ouderdom verbied word. Daar kan nie bloot bepaal word dat 'n kind 'n reg het om teen uitbuitende

arbeidspraktyke beskerm te word en om nie verplig of toegelaat te word om enige werk te verrig wat sy of haar morele, fisiese en opvoedkundige ontwikkeling benadeel of kan benadeel nie. Laasgenoemde bepaling kan heel wyd geïnterpreteer word en kan onduidelikheid meebring. Ter wille van regsekerheid kan die debat rondom *'gillick competent'* nie geïgnoreer word nie en dit sou hipoteties kan meebring dat 'n *'gillick competent child'* van 15 jaar oud wel sou kon besluit oor sy/haar rol in die arbeidsmark.

## 4 Voorskrifte van die *IAO*

### *4.1 Inleiding*

Die bekamping van kinderarbeid was deurlopend een van die primêre doelwitte van die *IAO*.[63] Konvensies van dié organisaie dien daarom as belangrike instrumente in die bekamping van kinderarbeid. Die *IAO* is die bron van omvattende internasionale voorskrifte wat handel oor kinderarbeid en voorskrifte wat spesifiek betrekking op minimum ouderdomme, nagwerk en mediese ondersoeke van kinders betrekking het. Hierdie voorskrifte sal meer volledig onder paragraaf 5.2 bespreek word. Die neerlê van voorskrifte deur die *IAO* beteken dat 'n effektiewe raamwerk geskep word waarbinne die bekamping van uitbuitende kinderarbeid in alle lidstate bevorder word. In 1973 het die *IAO* opnuut oor kinderarbeid besin. Daar is besluit om nuwe standaarde neer te lê vir die beskerming van kinders en ook vir die moontlikheid om uitbuitende kinderarbeid progressief uit te skakel. Soos verder sal blyk uit die besprekening rakende die bepalings van die *IAO*, kom

---

63 Ghebal **A case study on the Evolution of the UN Specialised Agencies** The International Labour Organisation and the evolution of World Society 1989 9.

dit duidelik na vore dat die *IAO* die denkrigting navolg wat die '*progressiewe benadering tot sinvolle hantering*' van die probleem rondom kinderarbeid voorstaan, soos dit in Hoofstuk 1 van hierdie studie bespreek is. Volgens hierdie denkrigting is dit meer prakties om kinderarbeid onder die ouderdom van 15 jaar te wettig, maar ook om progressief toe te sien dat kinders voldoende teen uitbuiting beskerm word.

Konvensie 138 omvat sekere bepalings wat handel oor aspekte van kinderarbeid.[64] Konvensie 138 bepaal dat daar spesifieke ouderdomme vasgestel moet word vir die indiensneming van kinders in die arbeidsmark.[65] In die onderstaande bespreking word aangetoon dat daar bepaalde teenstrydighede in dié Konvensie voorkom wat regsonsekerheid kan meebring vanweë die feit dat daar nie 'n eenduidige bepaling of standaard ten opsigte hirvan bestaan nie. Hierteenoor is dit duidelik dat Konvensie 138 nie 'n statiese instrument is nie, maar juis een aan die hand waarvan toenemende verbetering ten opsigte van uitbuitende kinderarbeid meegebring kan word.

### *4.2 Relevante artikels van die IAO*

Artikel 2 van Konvensie 138 plaas 'n verpligting op lidstate om nasionale beleid daar te stel wat voorsiening maak vir die effektiewe verbod op uitbuitende kinderarbeid en om die minimum ouderdom vir indiensneming van kinders progresief te verhoog tot 'n vlak in ooreenstemming met die fisiese en

---

64 Anon http://www.globalmarch.org/worstformsreport/ratification/138.html: Suid-Afrika het die **Convention on the Minimum Age for Admission to Employment** 1973 Konvensie 138 geratifiseer op 30 Maart 2000.

65 Mayimele-Hashatse in Davel **Childrens' Rights in a Transitional Society** 83.

psigiese ontwikkeling van kinders.[66] Sekere bepalings in Konvensie 138 bevat ook voorskrifte wat onder andere handel oor oortydwerk, gedwonge minimum periodes van rus en verlof met betaling.[67] Konvensie 138 bevat ook vasgestelde riglyne oor verskillende soorte arbeid vir kinders jonger en ouer as 15 jaar.

Die minimum ouderdom van kinderarbeid en welke kinders se veiligheid, gesondheid en morele waardes nadelig beïnvloed kan word, word op 18 jaar gestel.[68] Daar is egter 'n aantal *IAO*-konvensies wat kinderarbeid met betrekking tot bepaalde arbeidsaktiwiteite onder die ouderdom van 18 jaar verbied, onder andere die **White Lead Painting Convention** 1921 (*IAO* Konvensie 13); **Radiation Protection Convention** 1960 (*IAO* Konvensie 115); **Maximum Weight Convention** 1967 (*IAO* Konvensie 127); **Benzene Convention** 1971 (*IAO* Konvensie 136) en die **Occupational Safety and Health Convention** 1979 (*IAO* Konvensie 152).[69] Dit is belangrik om in gedagte te hou dat, indien kinderarbeid onder 'n sekere ouderdom verbied word, daar aanvaar kan word dat die spesifieke arbeidsaktiwiteite verbied word omdat dit dan uitbuitende kinderarbeid vergestalt.

Artikel 2 verskans die fundamentele beginsel dat elke lidstaat voorsiening moet maak vir 'n minimum ouderdom vir indiensneming soos dit deur die *IAO*

---

66 Van Bueren **The International Law on the Rights of the Child** 265: "Article 2 enshrines the fundamental principle that every States Party should establish a minimum age for employment or work, subject to the possible exceptions provided for by the Convention."

67 Bischoff **The UN Convention on the Rights of the Child – A Comparative Study** 102.

68 Bischoff **The UN Convention on the Rights of the Child – A Comparative Study** 97.

69 Swempton **Nordic Journal of International Law** 7-18.

voorgeskryf word.[70] In terme van artikel 2(3) mag die minimum ouderdom wat 'n lidstaat aanvaar het, nie minder wees nie as die verpligte skoolverlatings-ouderdom van daardie lidstaat, en in enige ander geval mag die minimum ouderdom nie jonger as 15 jaar wees nie. In die geval waar 'n lidstaat egter nie ekonomies ontwikkel is nie of nie oor bepaalde opvoedkundige fasiliteite beskik nie, bepaal artikel 2(4) dat so 'n lidstaat die minimum ouderdom van indiensneming op 14 jaar kan vasstel.[71]

Teenoor die voorskrifte in artikel 2, bepaal artikel 3(1) dat die minimum ouderdom vir indiensneming vir arbeid wat die kind se gesondheid, veiligheid en morele ontwikkeling kan benadeel nie minder mag wees nie as 18 jaar. Nieteenstaande die bepalings van artikel 3(1), bepaal artikel 3(3) dat nasionale wetgewing, regulasies en/of die bevoegde owerhede indiensneming mag toelaat vanaf die ouderdom van 16 jaar op voorwaarde dat die gesondheid, veiligheid en morele ontwikkeling en sy/haar toegang tot voldoende onderrig en opleiding nie benadeel sal word nie. Daar kan egter tot die gevolgtrekking geraak word dat kinders onder 'n bepaalde ouderdom aan arbeidsaangeleenthede deel mag neem in sover dit nie daardie kind se gesondheid, veiligheid en morele ontwikkeling en sy/haar toegang tot voldoende onderrig en opleiding benadeel nie.

70 *Ibid.*

71 Van Bueren **The International Law on the Rights of the Child** 265: "Article 2(4) is only intended as a transitional measure to enable developing states to accede to the Convention and to work towards the adoption of a higher minimum age. This is made clear by *ILO* Recommendation No. 146, which provides that if a state's minimum age is below 15 then as a matter of urgency states are recommended to raise it to 15."

Artikel 7 bepaal dat nasionale wetgewing en regulasies indiensneming van kinders tussen die ouderdom van 13 tot 15 jaar vir *ligte arbeid* mag toelaat op voorwaarde dat dié tipe *ligte arbeid* nie nadelig is vir die kind se ontwikkeling en gesondheid nie en dat dit die kind nie ontneem van bywoning van opvoedkundige opleiding nie. Artikel 7(4) bepaal verder dat lidstate wat nie ekonomies ontwikkel is nie of nie oor bepaalde opvoedkundige fasiliteite beskik nie, solank as wat dié onontwikkeling voortduur, die ouderdom van 13 tot 15 jaar soos bepaal in artikel 7(1) mag vervang met die ouderdom van 12 tot 14 jaar.[72] Artikel 7(2) bepaal voorts dat nasionale wetgewing en regulasies die indiensneming van kinders wat die ouderdom van 15 jaar bereik het, maar wat nog nie hulle verpligte skoolopleiding voltooi het nie, die ouderdom van indiensneming mag vervroeg op voorwaarde dat dié tipe arbeid nie nadelig is vir die kind se ontwikkeling en gesondheid nie en die kind nie bywoning van opvoedkundige opleiding ontneem word nie.[73]

Dit sou dus wenslik wees dat Konvensie 138 duidelik uiteen sit welke tipe arbeid vir bepaalde ouderdomme toelaatbaar is en welke nie, en om die klem op woorde soos *ligte arbeid* weg te laat en dit eerder te laat val op 'n duidelike onderskeiding ten opsigte van welke tipe werk onder 'n sekere ouderdom as uitbuitende arbeid gedefinieer word. Verder sal dit ook wenslik wees om die tipes/soorte arbeid onder die term *tipe* duidelik uiteen te sit en in

---

72 Van Bueren **The International Law on the Rights of the Child** 267. Verduidelik die motivering van hierdie ouderdomme soos volg: "Such permission is not necessary as the making of minimum age regulations is well within the state's domestic jurisdiction and the only justification for this codification of permission is to persuade states to establish the recommended minimum ages. However, the persuasive power of article 7 apperas to be ineffective as, according to the *ILO*, the majority of states have not adopted specific regulations covering, for example, artistic work despite the fact that children are engaged in artistic performances in most states."

73 Van Bueren **The International Law on the Rights of the Child** 267.

ooreenstemming daarmee 'n minimum ouderdom vas te stel ten einde enige onsekerheid uit te skakel.

Kinders kan openlik en in die geheim aan uitbuitende ekonomiese aktiwiteite onderwerp word vanweë die onduidelike/verwarrende omskrywing van terme soos *enige* en *ligte arbeid*. Kinders word openlik daaraan onderwerp indien hulle in omstandighede werk wat selfs vir volwassenes uitbuitend en gevaarlik is. Die belangrikheid daarvan dat die tipe arbeid in ooreenstemming met die kind se ouderdom moet wees, word hierdeur bevestig.[74] Hulle word in die geheim daaraan onderwerp deur aktiwiteite wat veilig is vir volwassenes, maar nie noodwendig veilig is vir kinders nie, aangesien hulle in 'n bepaalde fase van ontwikkeling verkeer.[75] Kinders reageer anders as volwassenes op verskeie fisiese en psigologiese faktore in die werkplek. Konvensie 138 beskik egter oor relatief min voorwaardes en voorskrifte oor die omstandighede waaronder kinders mag werk. Hierdie uiteensetting illustreer ooglopend die behoefte daaraan dat daar duidelik omskryf moet word welke tipe arbeid as uitbuitend vir 'n bepaalde ouderdom beskou word.

Die *IAO* was by verskeie programme in verskeie jurisdiksies betrokke om kinderarbeid uit te skakel. Die oorgrote meerderheid programme was daarop gefokus om kinders onder die ouderdom van 14 jaar uit die arbeidsmark te verwyder. Voorbeelde van hierdie programme sluit die '*labeling method*', die '*certification method*' en die *consumer and retailer pressure*' in.[76]

---

74 Van Bueren **The International Law on the Rights of the Child** 270.
75 *Ibid.*
76 Mayimele-Hashatse in Davel **Children's Rights in a Transitional Society** 85-86

## 4.3 *Worst Forms of Child Labour Convention 182 van 1999*

Konvensie 138 van die *IAO* het bepaalde tekortkominge ten opsigte van die bepalings met betrekking tot die afdwing van kinderarbeid.[77] Konvensie 182 van die *IAO* wat in 1999 in werking getree het, fokus spesifiek op die kind se beskerming en is ook deur Suid-Afrika geratifiseer.[78] Hierdie konvensie, in teenstelling met die *UNCRC* en Konvensie 138 van die *IAO*, is ook meer spesifiek ten opsigte van watter tipe kinderarbeid uitbuitend van aard is.[79] In terme van artikel 2 van Konvensie 182 geld die term *kind* vir alle kinders onder die ouderdom van 18 jaar.[80] Konvensie 182 van die *IAO* identifiseer die volgende as uitbuitende vorme van kinderarbeid:

---

verduidelik hierdie programme soos volg: "Once an agreement is reached to keep children out of formal employment, different kinds of programmes are onstituted with employers who provide incentives and monitoring. Examples of these programmes include the following:- *Labelling method* – this is when goods cary information on the label that informs consumers that no child labour was used in the manufacturing process; *Certification method* – with this process factories can enter into implementation timetables in order to comply fully with the agreements or the law. Progress is then documented and monitored; *Consumer abd retailer pressure* – Reebok has now put the following conditions to the manufacturers: no one below the age of 15 can be involved in the manufacturing process, there must be external monitoring of the factories and there shoul be social responsibility programmes in the educational sphere undertaken in the geographic area of the factory. It has to be noted that consumers and retailers have the power to force manufacturers to comply with basic conditions."

77 Anon http://www.christian–aid.org.uk: Konvensie 182 van die *IAO* het 'n dringendheid meegebring aangaande die ergste vorme van kinderarbeid.

78 South Africa finalised the objective of ratifying all *ILO* core labour standards by obtaining Parliament's approval to ratify Convention 182 Worst Forms of Child Labour Convention, 1999, ratified on 7 June 2000.

79 Anon http://www.christian–aid.org.uk: "Most child labour takes place on small family farms or in the informal sector – which are exempt from the convention and where enforcement is very difficult. In these contexts, the application of a minimum age may seem rather arbitrary. A further problem of enforcement in some contexts is establishing the exact age of a child. Convention 138 reflects the *ILO's* focus on the formal labour market in which its concern is as much to safeguard reasonable employment opportunities for adults as to protect children. It is thus a particularly important convention in the context of industrialization and the growth of formal employment, although is less usefull in relation to the employment of children in rural areas and informl sectors."

80 Konvensie 182 van die *IAO*.

- alle vorme van slawerny of soortgelyke praktyke wat neerkom op slawerny, byvoorbeeld handeldryf met kinders;
- prostitusie en pornografie;
- onwettige handelsaktiwiteite, byvoorbeeld om kinders te gebruik om met dwelms handel te dryf; en
- arbeid wat die kind se gesondheid, veiligheid en morele waardes benadeel.

In 'n aanvullende memorandum tot Konvensie 182, word lidstate aangemoedig om die volgende arbeid as uitbuitend van aard te beskou:-

- arbeid wat kinders aan fisiese, psigologiese en seksuele uitbuiting onderwerp;
- arbeid wat onder grond of water, op gevaarlike hoogtes of in beperkte ruimtes verrig word;
- arbeid wat met gevaarlike masjiene, toerusting en/ of gereedskap verrig word of arbeid wat die vervoer van baie swaar vragte tot gevolg het;
- arbeid wat in fabrieke met gevaarlike gifstowwe en/of gasse, geraas en hoë temperature verrig word; en
- arbeid wat oor lang ure strek en arbeid wat deur die nag verrig moet word.

Hierdie internasionale konvensies, te wete die *UNCRC* en Konvensies 138 en 182 van die *IAO*, lê riglyne vir lidstate neer om uitbuitende

kinderarbeidspraktyke te verhoed en dit progressief uit te skakel. Konvensie 182 van die *IAO* is egter die duidelikste voorskrif waarvolgens lidstate moet handel. In terme van artikel 7(2)(a) tot (e) van hierdie Konvensie kan lidstate voorsorg tref dat kinders die nodige onderrig en opleiding ontvang en hulle teen uitbuitende kinderarbeid beskerm deur die nakoming van die volgende:

- om die kind se deelname aan die ergste vorme van uitbuitende arbeid te verkom;
- deur te sorg vir die onmiddelike verwydering van kinders uit uitbuitende arbeidspraktyke;
- deur toe te sien dat sodanige kinders rehabiliteer word;
- deur te sorg dat sodanige kinders toegang het tot goedkoop basiese skool onderrig en opleiding;
- deur kinders te identifiseer wat moontlik blootgestel word aan die ergste uitbuitende vorme van kinderarbeid en deur na hulle uit te reik; en
- deur op die seksuele misbruik en uitbuiting van veral jong meisies te fokus.

Saam verseker hierdie instrumente 'n raamwerk vir die beskerming teen die mees uitbuitende vorme van kinderarbeid.[81]

### *4.4 Die regte en verpligtinge van lidstate uit hoofde van voorskrifte van die IAO*

81 Anon http://www.christian-aid.org.uk.

Elke staat wat die *IAO*-konvensie 138 ratifiseer moet uit hoofde van die konvensie spesifiek in wetgewende bepalings aandui dat kinders onder 15 jaar nie in diens geneem word nie. Hierdie bevestiging is vanselfsprekend daaraan onderhewig dat die betrokke staat 15 jaar as die minimum ouderdom vir kinderarbeid aanvaar. Elke lidstaat wat uit hoofde van artikel 2(4) van Konvensie 138 14 jaar as minimum ouderdom stel, moet ingevolge artikel 22 'n verslag by hulle deklarasie insluit waarin redes verskaf word waarom 14 jaar as die minimum ouderdom gestel word.[82] Hierdie verslag is van belang, aangesien elke land se vlakke van ekonomiese ontwikkeling verskil en die minimum ouderdom vir bepaalde vorme van kinderarbeid daarvolgens vasgestel word.[83] Indien 'n lidstaat 'n bepaade ouderdom in sy deklarasie vasgestel het, mag geen persoon onder daardie ouderdom in diens geneem word nie en moet sodanige lidstaat wetgewing instel wat indiensneming onder die spesifieke ouderdom verbied.[84]

### *4.4.1 Arbeid wat oorweeg mag word deur lidstate*

Ingevolge artikel 7 van Konvensie 138 mag lidstate in terme van wetgewing en regulasies bepaal dat kinders tussen die ouderdom van 13 en 15 jaar in

---

82 Artikel 295) van Konvensie 138 van die *IAO* bepaal soos volg: "Each Member which has specified a minimum age of 14 years pursuance of the provisions of the preceding paragraph shall include in its reports on the application of this Convention submitted under article 22 of the Convention of the *ILO* a statement that its reason for doing so subsists; or that it renounces its right to avail itself of the provisions in question as from a stated date."

83 **The Minimum Age Convention No** 138 maak voorsiening vir 'n minimum ouderdom van 14 jaar vir onderontwikkelde lande. Die Konvensie stel die ouderdom egter op 18 jaar vas vir ontwikkelde lande as die minimum ouderdom vir indiensneming van uitbuitende arbeidspraktyke, maar bepaal verder dat ligte arbeid en deeltydse werk toelaatbaar is vir kinders tussen 12 en 13 jaar in onderontwikkelde lande.

84 Artikel 2(1) Konvensie 138 van die *IAO*.

diens geneem mag word mits die werk wat hulle verrig van so aard is dat dit gepas is vir kinders van hulle ouderdom en nie hulle ontwikkeling benadeel nie.[85] Die werkgewer is verantwoordelik daarvoor om toe te sien dat arbeid wat verrig word, nie die kind se gesondheid, veiligheid, morele, fisiese en sosiale ontwikkeling nadelig beïnvloed nie, en dat die kind se skoolbywoning en buitemuurse aktiwiteite nie daardeur in gedrang gebring word nie.

Ouers kan nie alleen verantwoordelik gehou word daarvoor dat die beskerming en beste belang van die kind in elke optrede en besluit oor die kind ten uitvoer gebring word nie. In arbeidsaangeleenthede rus daar 'n bepaalde verantwoordelikheid op die werkgewer om toe te sien dat kinders teen uitbuiting in die werkplek beskerm word. Die werkgewer is verantwoordelik daarvoor om werksure te reguleer, toe te sien dat die kind in 'n veilige omgewing werk en dat die kind genoegsame verlof en rustyd geniet.[86]

### *4.4.2 Lidstate se reg op vrystelling van die minimum ouderdom vir indiensneming*

Onder paragraaf 4.2 is reeds aangetoon dat lidstate wie se ekonomiese en opvoedkundige fasiliteite nie voldoende ontwikkel is nie, toegelaat mag word om die minimum ouderdom vir indiensneming op 14 jaar vas te stel.[87] Dit

85 Artikel 7(1)(a) en (b) Konvensie 138 van die *IAO*.

86 Rekommendasie 146 van Konvensie 138 van die *IAO*.

87 Artikel 2(4) Konvensie 138 van die *IAO* bepaal soos volg: "Notwithstanding the provisions of paragraph 3 of this article, a Member whose economy and educational facilities are insufficiently developed may, after consultation with the organisations of employers and workers concerned, where such exist, initially specify a minimum age of 14 years."

beteken nie dat hierdie state vrygestel word van die voorgeskrewe bepalings nie, maar slegs dat hulle die geleentheid gebied word om die nodige infrastruktuur te ontwikkel om kinderarbeid binne die raamwerk van Konvensie 138 te bring.[88] Omstandighede kom voor waarin arbeidsaktiwiteit van baie jong kinders wel toelaatbaar is, byvoorbeeld die televisie en advertensiebedryf. In hierdie aangeleenthede moet magtiging deur die uitreiking van permitte vanaf werkersunies deur betrokke werkgewers verkry word.[89] Die persoon aan wie hierdie permitte uitgereik word, sal verantwoordelik wees daarvoor om die werksure te beperk en ook om die voorwaardes waaronder hierdie kinders werk streng binne die voorskrifte van die permit te hou.[90]

### *4.4.3 Lidstate onderworpe aan voorwaardes van indiensneming*

Konvensie 138 van die *IAO* bevat nie spesifieke bepalings wat handel oor omstandighede en toestande waaronder kinders in diens geneem mag word nie. Soos hierbo in paragraaf 4.4.2 uiteengesit, is die enigste bepalings van indiensneming dié wat handel oor ligte arbeid wat wel deur kinders verrig mag word. Kinders word egter beskerm deur ander internasionale arbeidskonvensies wat ook op volwassenes van toepassing is. Dieselfde beskerming wat aan volwassenes gebied word, word ook aan kinders

---

88 Van Bueren **Law on the Rights of the Child** 265.

89 Artikel 8(1) Konvensie 138 van die *IAO* bepaal dat die betrokke owerheid, nadat met die werksunies van werkgewers en werknemers gekonsulteer is, wel sekere vrywarings mag verskaf met betrekking tot *artistic performances* ten aansien van die minimum ouderdom van indiensneming.

90 Artikel 8(2) Konvensie 138 van die *IAO* bepaal soos volg: "Permits so granted shall limit the number of hours during which and prescribe the conditions in which employment or work is allowed."

90 Vn 89.

voorsien wat wel binne die voorskrifte van Konvensie 138 salarisse verdien, ongeag hulle geslag of ouderdom.[91] Riglyne en standaarde moet vir hulle beskerming en ontwikkeling geformuleer word, want elke kind is geregtig op dieselfde vergoeding as wat 'n volwassene in daardie posisie ontvang. Bepaalde voorskrifte deur die *IAO* bestaan wel wat handel oor die werksomstandighede en toestande met betrekking tot die indiensneming van kinders.[92] Die werksure van kinders moet streng beperk word en oortydwerk moet verbied word sodat die kind genoeg tyd gegun word om te ontspan, aan na-uurse aktiwiteite deel te neem en te kan studeer.[93] Kinders is ook geregtig op betaalde verlof en om deel te hê aan pensioen- en mediese skemas.[94]

### *4.4.4 Implementering van voorskrifte deur lidstate*

Die implementering van *IAO*-konvensies 138 en 182 lê 'n proses neer wat verseker dat die reg en prosesse, soos deur die *IAO* uiteengesit, deur die nasionale reg van lidstate uitgebou word. Indien 'n effektiewe implementeringsproses nie plaasvind nie, kan uitbuitende kinderarbeid nie progressief uitgeskakel word nie. Artikel 9 van Konvensie 138 bepaal dat alle nodige stappe deur bevoegde owerhede gedoen moet word ten einde die effektiewe afdwinging van die bepalings van hierdie Konvensie te verseker.[95]

---

92 Aanbeveling 146 van Konvensie 138 van die *IAO*.

93 Artikel 13(1)(a) tot (f) van Aanbeveling 146 van Konvensie 138.

94 *Ibid*.

95 Artikel 9 *IAO* Konvensie 138: "Places State Parties under a duty to take all necessary measures to ensure the effective enforcement of the Convention including: the provision of appropriate penalties."

Lidstate het 'n verpligting om wette en regulasies uit te vaardig wat die bevoegdhede van persone reël wat moet toesien dat die bepalings van die Konvensie effektief afgedwing word. Hierdie persone mag van werkgewers vereis om registers beskikbaar te stel. Hierdie registers sluit die name en geboortedatums van kinderarbeiders in en moet van tyd tot tyd aan relevante owerhede beskikbaar gestel word ten einde te kan monitor hoeveel kinders onder die ouderdom van 18 jaar werk.[96]

Daar is 'n behoefte aan opgeleide ondersoekbeamptes wat spesifieke opleiding ondergaan het om misbruik en uitbuiting van kinders in die arbeidsmark uit te wis. Hierdie ondersoekbeamptes het 'n verpligting om monitering te doen, maar ook om inligting aan werkgewers te verskaf met betrekking tot die wyse waarop hulle kinders moet behandel en in welke omstandighede hulle kinders in diens mag neem.[97] Dit is ook belangrik dat die ondersoekbeamptes behoorlik ingelig moet wees oor relevante regsvoorskrifte van die betrokke staat rakende die beperkinge op uitbuitende kinderarbeid. Hierdie kennis kan ook ten doel hê om die gemeenskap in te lig oor die betrokke wetgewing. Sodoende kan kinderarbeid beter gereguleer word.[98] Artikel 16(1)(a) van Aanbeveling 146 van Konvensie 138 bepaal dat

---

96 Artikel 9 *IAO* Konvensie 138: "Places State Parties under a duty to take all necessary measures to ensure the indentification in national laws and regulations of persons responsible for compliance and the maintaining of registers or documents by employers of the names and ages of children employed or working."

97 Artikel 9(3) *IAO* Konvensie 138.

98 Indien die gemeenskap en werkgewers ingelig is oor die standaarde met betrekking tot die voorskrifte aangaande die ontoelaatbaarheid van kinderarbeid onder 'n spesifieke ouderdom, die toelaatbare werksure, rus en verlof, heers daar reeds 'n bewustheid by die gemeenskap dat uitbuitende kinderarbeid nie toelaatbaar is nie.

owerhede 'n akkurate stelsel van geboorteregistrasie moet aanhou.[99] Die owerhede moet hierdie inligting aan die werkgewer beskikbaar stel.[100]

'n Besondere struikelblok is dat die meeste ontwikkelende lande, ook Suid-Afrika, probleme ervaar met die registrasie van geboortes. Een van die aanbevelings wat deur die Lund Komitee gemaak is, bepaal dat 'n kind slegs welsynsvoordele sal ontvang indien die ouers of wettige voogde die kind se geboorte geregistreer het.[101] Hierdie strategie word egter deur 'n groot meerderheid NROs gekritiseer.[102]

### *4.5 Gevolgtrekking*

Die *ILO*-konvensie skep teoreties 'n effektiewe raamwerk waarbinne die bekamping van uitbuitende kinderarbeid in alle lidstate bevorder kan word. Die *ILO* het verskeie bepalings rakende die minimum ouderdom vir indiensneming, en opsommend kan dit in 3 kategorie ingedeel word. Eerstens word indiensneming van kinders onder 18 jaar verbied indien sodanige arbeid die kind se gesondheid, veiligheid en moreel nadelig kan

---

99 Die registrasie van geboortes hou in dat 'n geboortesertifikaat uitgereik word en dat sodanige sertifikaat ten allle tye deur die betrokke werkgewer gehou word en beskikbaar gestel word indien dit deur die betrokke owerheid versoek sou word.

100 Artikel 16(1)(b) Aanbeveling 146 van Konvensie 138 van die *IAO*.

101 Anon http://www.polity.org.za/html/govdocs/reports/lund.html: " The Committee of the Minister of Welfare and the Provincial Members of the Executive Council was concerned about the future affordability of the Sate Maintenance grant and established the Lund Committee on Child and Family Support to investigate the problem." Volgens die Lund Komitee sal welsynsvoordele slegs toegestaan word aan dié persone wat by 'n kind se geboorte die geboorte gerefistreer het. Die welsynsvoordele het ten doel om die armste kinders te beskerm.

102 Die NROs redeneer dat 'n kind nie die reg op bystand en sekuriteit deur die staat geweier mag word deur voorwaardes aan sodanige behoeftiges te stel nie en vanweë die staat se aksessore rol wat inhou dat die staat gepaste alternatiewe sorg vir die kind moet voorsien. Die staat se plig is aanvullend en toesighoudend tot dié van die kind se ouers of persoon in *loco parentis*.

beïnvloed. Tweedens en as genoegsame praktiese opleiding en sekuriteit egter verskaf word kan die ouderdom na 16 tot 14 jaar verlaag word en derdens kan die ouderdom van indiensneming rakende ligte arbeid selfs na 12 jaar verlaag word op voorwaarde dat die ligte arbeid nie die kind se gesondheid, veiligheid, psigiese ontwikkeling en skoolopleiding nadelig beïnvloed nie.

Die *UNCRC* bepaal dat 'n kind die reg het om teen uitbuitende arbeidspraktyke beskerm te word en om nie verplig of toegelaat te word om enige werk te verrig wat sy of haar morele, fisiese en opvoedkundige ontwikkeling benadeel of kan benadeel nie. Dit verduidelik egter nie welke tipe arbeidspraktyke uitbuitend van aard is nie. Hierteenoor is die *ILO* meer spesifiek en word die minimum ouderdom vir indiensneming op verskeie ouderdomme vasgestel en deel dit die drie kategorieë in, soos hierbo aangedui. Dit blyk dat beide die *UNCRC* en die *ILO* wel 'n beperking stel op die uitbuiting van kinders in die arbeidsmark, en aan lidstate regte en verpligtinge oplê waarbinne sodanige lidstate moet optree en funksioneer, maar selfs met die bestaande voorskrifte en bepalings, moet dit uitgewys word dat nie een 'n duidelike uiteensetting gee van welke tipe arbeid as uitbuitend van aard beskou word nie. Die gebrek aan so 'n beskrywing en/of uiteensetting kan meebring dat 'n betrokke lidstate verskil oor die vraag of kinders van 15 jaar in diens geneem kan word as die arbeid wat hulle verrig nie nadelig sal wees vir hulle gesondheid en veiligheid nie. Die bepalings in wetgewing van lidstate tot die *UNCRC* en die *ILO* moet so omskryf word dat duidelik verstaan word welke tipe vir 'n kind onder 'n sekere ouderdom

toelaatbaar is, want sodoende kan gepoog word om uitbuitende kinderarbeid progressief uit te skakel.

## 5 Voorskrifte van die IPEC

Die *IPEC*-program is gerig op die progressiewe verbieding van uitbuitende kinderarbeid deurdat die program hierdie betrokke lande met die kompetensie bemagtig om kinderarbeid binne die raamwerk van die program te bring.[103] Die *IPEC*-program kan egter nie die onmiddelike uitwissing van uitbuitende kinderarbeid bewerkstellig nie en daarom fokus dit eerder op meer ernstige vorme van uitbuiting.[104]

Die *IPEC* fokus op die volgende 3 kategorieë:

- Kinders wat dwangarbeid en gebonde arbeid verrig;
- Kinders wat onder gevaarlike werksomstandighede werk; en
- Kinders onder die ouderdom van 12 jaar wat werk. In hierdie kategorie word veral gefokus op jong meisies en seuns wat aan seksuele misbruik onderwerp word.[105]

---

103 Anon 1996 **Magazine of the International Labour Organisation** 21.

104 Anon http://www.ilo.org/public/english/standards/ipec/about/omplementation/ipec.htm: "Support is given to partner organizations to develop and implement measures which aim at preventing child labour, withdrawing children from hazardous work and providing alternatives and improving the working conditions as a transitional measure towards the elimination of child labour.

105 Odendal ea **HAT Woordeboek** 184 verduidelik dat dwangarbeid die uitoefening is van mag waardeur 'n persoon genoodsaak word om iets te doen. Dwang op 'n kind uitoefen, hom/haar iets teen sy/haar sin laat doen. Onder dwang handel.

Die *IPEC* gaan van die vertrekpunt uit dat die uitwissing van kinderarbeid meer effektief sal plaasvind indien onderskeie gemeenskappe se kultuur en geloofsoortuigings in ag geneem word. In lande wat die *IAO* en die *IPEC* geratifiseer het, is die ministers van arbeid meer betrokke by die proses ten einde uitbuitende kinderarbeid te verbied.[106] Die *IPEC* word deur werkerunies ondersteun, welke unies[107] 'n belangrike rol vervul, aangesien hulle hul eie lede van bestaande misbruik en uitbuiting van kinders bewus maak.[108] Die *IPEC*-programme word ook deur verskeie NGOs toegepas.

## 6 Voorskrifte van die ACRWC

Die *ACRWC* wat in 1990 deur die **Organisation of African Unity** in werking gestel is, fokus op die regte van kinders in Afrika. Kinders bevind hulle in omstandighede wat die resultaat is van onvoldoende sosiale voorsiening, gewapende konflik, ekonomiese verslegting, uitbuiting, honger en onvermoë om te verseker dat die kind as gevolg van fisiese en geestelike kwesbaarheid spesiale beskerming en versorging ontvang.[109]

Ingevolge artikel 15(1) van die *ACRWR* moet elke kind teen alle vorme van ekonomiese uitbuiting beskerm word. Die artikel nuanseer egter die begrip

---

106 Anon 1996 **Magazine of the International Labour Organisation** 21.

107 *Ibid.*

108 Vn 11.

109 Die belangrikste internasionale standaarde wat oor kinderarbeid handel, is die bepalings van die *IAO* wat op 11 April 1919 aanvaar is. Die bepalings stel 'n standaard wat as verwysingsraamwerk dien om die toestande rakende lidstate en hul ekonomiese aktiwiteite te monitor. Die *IAO* het in 1973 die toestande rakende kinderarbeid hersien en besluit om nuwe bepalings te inkorporeer, wat fokus op die beskerming van die kind en die progresiewe beperking van uitbuitende kinderarbeid. Sien ook Ghebal **The International Labour Organisation: A case study on the Evolution of the UN Speialised Agencies** 9.

deur voor te skryf dat kinders beskerm moet word teen enige arbeid wat vir daardie kind se fisiese, psigologiese, geestelike, morele en sosiale ontwikkeling nadelig kan wees.[110]

Met ratifikasie van hierdie deklarasie onderneem lidstate om wetgewende en admistratiewe stappe te doen ten einde die behoorlike implementering van artikel 15(1) te verseker.[111] Implementering van hierdie artikel vind sowel in die formele as die informele sektor toepassing.[112] Hierdie reg om beskerm te word behels onder andere beskerming teen ekonomiese uitbuiting en arbeid wat nadelig/skadelik kan wees vir hulle gesondheid, fisiese, psigiese, morele of sosiale ontwikkeling en selfs hulle onderrig. Dit bepaal verder dat lidstate oor die algemeen inligting oor skadelike en gevaarlike arbeid aan alle sektore van die gemeenskap moet versprei.[113]

Die regte van kinders word deur hierdie dokument in 'n kulturele perspektief geplaas. Daar word ook gepoog om kinders te beskerm teen gevaarlike sosiale en kulturele praktyke wat hulle welsyn en waardigheid nadelig kan beïnvloed. Die *ACRWC* bepaal dat voorsorgmaatreëls geneem moet word om hierdie gewoontes en gebruike wat nadelig vir die kind se gesondheid en lewe

---

110 Article 15(1) of the *ACRWC:* "Every child shall be protected from all forms of economic exploitation and from performing any work that is likely to be hazardous or to interfere with the child's physical, mental, spiritual, or social development."

111 Article 15(1) of the *ACRWC*: "State Parties to the present Charter take all appropriate legislative and administrative measures to ensure the full implementation of this Article which covers both the formal and informal sectors of employment and having regard to the relevant provisions of the International Labour Organization's istruments relating to children, State Parties shall in particular: (a) provide through legislation, minimum wages for admission to every employment; (b) provide for appropriate regulation of hours and conditions of employment; (c) provide for appropriate penalties or other sanctions to ensure the effective enforcement of this Article; and (d) promote the dissemination of information on the hazards of child labour to all sectors of the community."

112 *Ibid.*

113 Artikel XV van die **African Charter on the Rights And Welfare of Children** 1990.

is, te beperk. Die meeste van die regte in die *ACRWC* is 'n duplikasie van die bepalings van die *UNCRC.*

Artikel 4(2) van die *ACRWC* maak ook daarvoor voorsiening dat die kind die geleentheid gebied word om sy/haar mening te lug oor aangeleenthede wat hom/haar raak.[114] Volgens hierdie artikel moet die kind die geleentheid gegun word om deel te neem aan die besluitnemingsproses met betrekking tot aangeleenthede wat hom/haar raak. Die waarde wat aan sodanige kind se mening geheg word, is nie afhanklik van die kind se ouderdom en/of kompitensie nie, maar aan die reg wat die kind toekom om self te mag besluit en dat daardie besluit en/of opinie gehoor moet word. Artikel 4(2) word deur verskeie bepalings rakende die kind se reg op outonomie in die besluitnemingsproses ondersteun. Sodanige ondersteunende bepalings sluit die reg op vryheid van spraak, reg op vryheid van assosiasie, reg op vryheid van godsdiens, oortuiging en mening en die reg op privaatheid in.

Die gevolgtrekking wat gemaak kan word is dat die *ACRWC* 'n uitdaging aan Afrika-state stel om hulle wetgewende maatreëls te heroorweeg in die lig van die beginsel dat kinders outonome individue is wat oor bepaalde regte beskik. Kinders het die reg om gehoor te word en om die geleentheid gebied te word om besluite te neem oor aangeleenthede wat hulle persoonlike lewens raak. Om kinders toe te laat om aan sodanige besluitneming deel te neem verskaf

---

114 Artikel 4(2): "In all judicial or administrative proceedings affecting a child capable of communicating his/her views, an opportunity shall be provided for the views of the child to be heard either directly or through an impartial representative as a party to the proceedings, and those views shall be taken into consideration by the relevant authority in accordance with the provisions of appropriate law."

ondervinding en rus hulle toe om selfstandig besluite te neem en hulle op sodoende volwassewording voor te berei.[115]

## 7 Samevatting

Internasionale instrumente en organisasies, onder andere die *UNCRC*, die *IAO* en die *ACRWC*, maak nie alleen op internasionale vlak vir die bevordering van individuele fundamentele regte voorsiening nie, maar verleen interdaad ook erkenning aan besondere verskyningsvorme van sodanige regte. Die kind se regte, soos vervat in die bespreekte konvensie en deklarasies, word oorhoofs ingedeel in regte gerig op *oorlewing, ontwikkeling* en ook *beskerming.*

Soos dit blyk uit die bepalings van die *UNCRC*, moet die beskerming van die kind in ooreenstemming wees met die besorgdheid oor die kind se groei tot persoonlike onafhanklikheid en met respek vir sy regte as individu. Die belang van die Konvensie is nie net daarin geleë dat dit internasionaal erken word as die toonaangewende kinderregtemanifes nie, maar dat dit juis ook dien om die konflik tussen die omskrywing van die kind se regte in welsynsterme en die bevordering van die kind se reg op selfbeskikking te harmoniseer. Kinderregte as verskyningsvorm van fundamentele regte impliseer dat die kind as individu oor die algemeen die reg behoort te hê om besluite oor sy lewe te kan neem of ten minste by die besluitnemingsproses betrokke te wees. In hierdie opsig is dit belangrik om die argumente van die *kiddie savers* en *libbers*, die ontwikkeling in die Duitse reg rakende die

115 Die deelname van kinders in die belsuitnemingsproses oor aangeleenthede wat hulle raak is in ooreenstemming met die Afrika ideaal naamlik: *conferring duties on children.*

*grundrechtsmündige* kind en 'n *grundrechtsfähige* kind asook *sufficiently mature*-beginsel in ag te neem. Die bepalings van die *UNCRC* koppel egter hierdie beskerming en die bevordering van die kind se reg op selfbeskikking aan lidstate se samewerking en hulle beskikbaarheid van bronne.

Die bekamping van kinderarbeid was deurlopend een van die primêre doelwittevan die *IAO*. Die Konvensie dien as belangrike instrument in die bekamping van kinderarbeid. Die daarstelling van voorskrifte deur *IAO*-konvensies 138 en 182 beteken dat 'n effektiewe raamwerk geskep word waarbinne die bekamping van uitbuitende kinderarbeid in alle lidstate bevorder word.

Kinders word egter ook deur ander internasionale instrumente beskerm, te wete die *IPEC*-program en die *ACRWC*. Die *IPEC*-program is gerig op die progressiewe verbieding van uitbuitende kinderarbeid en poog om kinderarbeid binne die raamwerk van die program te bring. Met ratifikasie van die *ACRWC* onderneem lidstate om wetgewende en administratiewe stappe te neem ten einde die behoorlike implementering van die deklarasie te verseker.

Alhoewel vlakke van ekonomiese ontwikkeling verhoed dat eenvormigheid in die onderskeie lidstate oor die optrede teen kinderarbeid en die aanmelding daarvan bestaan, het hierdie internasionale instrumente tog een van die gestelde primêre doelwitte bereik, naamlik om die aandag van die publiek meer te fokus op die toename in kinderarbeid en meer spesifiek op die

ernstige uitbuiting van kinders in die arbeidsmark. Die jaarlikse toename in aanmeldings van kinderarbeid in lidstate van die konvensies word toegeskryf aan 'n groter bewustheid in die gemeenskap met betrekking tot die beskerming van kinders. Dit is egter nie net aanmeldings wat sodanige bewustheid tot gevolg het nie, maar ook die bespreekte internasionale instrumente en netwerke wat die gemeenskap bewus maak van hierdie uitbuiting, naamlik die *ECPAT*[116] en die *ASI*.[117]

116 Anon http://www.fairtourismsa.org.za/resourcecentre/child.php: Die *ECPAT* is 'n Netwerk van internasionale organisasies wat saamwerk teen die uitbuiting van kinders in die arbeidsmark.

117 Anon http://www.fairtourismsa.org.za/resourcecentre/child.php: Die *ASI* is 'n Organisasie wat ten doel het om kinders teen mishandeling en uitbuiting te beskerm.

# HOOFSTUK 4

# NORME EN VOORSKRIFTE VAN INSTRUMENTE IN SUID-AFRIKA

## 1 Inleiding

> "We cannot waste our precious children. Not another one, not another day.
>
> Nelson Mandela en Graca Machel.[1]

Die Handves van Regte in die Suid-Afrikaanse Grondwet omskryf, waarborg en beskerm die basiese regte van die individu. Dit is ook 'n instrument waardeur die regte van individue en bevoegdhede van die owerheid ten opsigte van kinders op 'n vaste en duidelike juridiese grondslag geplaas word.[2] Elke individu behoort gevolglik bekend te wees met sy/haar basiese regte, hoe hierdie regte in 'n demokratiese samelewing funksioneer en onder welke omstandighede hierdie regte beperk kan word deur onder andere ouers die staat en statutêre maatreëls.[3] In die huidige bedeling is dit ter wille van die handhawing en die beskerming van elke individu se regte van die grootste belang dat die inhoud van die Handves van Regte op so 'n wyse verdiskonteer word, dat dit meewerk tot die vestiging van effektiewe beskerming van kinders.

---

1 Anon http://www.ecumenical.org/rchildrenministries/achminidex.htm.
2 Malherbe 1993 **Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg** 686-708.
3 Bray 1996 **South African Journal of Education** 150-158.

In Hoofstuk 1 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika word die grondliggende waardes waarop die nuwe demokratiese regsorde geskoei is, uiteengesit.[4] Hierdie waardes sluit menswaardigheid, die bereiking van gelykheid, die uitbouing van menseregte en vryhede, nie-rassigheid en nie-seksisme in. Teen hierdie agtergrond blyk dit duidelik dat gelykheid nie slegs 'n basiese waarde is nie, maar een van die sentrale temas van die Grondwet. Volgens Bray is gelykheid ook een van die belangrikste grondliggende waardes in die nuwe Suid-Afrikaanse regsorde.[5]

Die probleem wat ontstaan is dat vele kinders nie weet wat hulle regte ten opsigte van godsdiens, taal en kultuur in die staatsbestel is nie. Dit is belangrik dat kinders asook ouers ingelig moet wees, sodat hulle kan verstaan wat hulle regte en verpligtinge ten opsigte van hul regte in 'n pluralistiese samelewing is.[6]

Wanneer die begrip *gelykheid* ontleed word, kan 'n hele reeks losstaande en verwante konsepte geïdentifiseer word, naamlik *gelykheid* (equality) wat byvoorbeeld die volgende kan beteken: *gelyke gelykwaardigheid*, *gelyke bevoegdhede*, *gelyke omstandighede* en *gelykstelling*.[7] In die arbeidsmark beteken gelykheid byvoorbeeld gelyke geleenthede, gelyke behandeling wanneer dit kom by verlof, betaling en byvoordele. Regverdige en billike optrede deur die werkgewer en staat is ten opsigte van gelykheid ook van

---

4 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996.
5 Bray 1998 **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde** 76.
6 Loggerenberg 1997 **South African Journal of Education** 11-15.
7 Bray 1998 **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde** 76-83.

wesenlike belang. Gegewe 'n samewerkingsgesindheid en die begeerte om die belange van ons land se kinders voorop te stel, vorm die Handves van Regte per slot van rekening die basis vir herstrukturering van kinderregte om ongelykhede uit te skakel.[8]

Die Handves van Regte lê 'n maatstaf waarvolgens gelykheid en die beskerming van 'n kind se regte gehandhaaf moet word. Die Handves van Regte is nie noodwendig 'n formule wat alle probleme in die Suid-Afrikaanse samelewing summier oplos nie. Die belangrikste voordele daarvan is egter die feit dat dit 'n maatstaf vir die beoordeling van owerheidsoptrede neerlê en 'n gevoel vir die regte en vryhede van kinders help bevorder.[9]

## 2 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996

Die Handves van Regte, soos vervat in Hoofstuk 2 van die Grondwet, verskans fundamentele regte van natuurlike en regspersone. In artikel 28 word spesifieke regte wat uitsluitlik op persone onder die ouderdom van 18 jaar van toepassing is, verskans. Met die inwerkingtrede van die Grondwet is parlementêre soewereiniteit beëindig en het 'n bedeling van grondwetlike soewereiniteit ingetree.

Artikel 1(c) en (2) van die Grondwet bevestig die oppergesag van die Grondwet as die hoogste reg van die Republiek. Voorts bepaal artikel 8(1) dat die bepalings van die Grondwet die uitvoerende, regsprekende en

8 Malherbe 1993 **Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg** 686-708.
9 Pienaar 1993 **Tydskrif vir hedendaagse Romeins-Hollandse Reg** 210-228.

wetgewende gesag asook natuurlike en regspersone bind.[10] Dit is dus voor die hand liggend dat die verskansing van fundamentele regte, insluitend kinderregte, ingevolge artikel 28 'n beduidende invloed sal uitoefen op verhoudings waarby die kind betrokke is. As enkele voorbeeld hiervan word die posisie van die kind in die arbeidsmark bespreek.

Alhoewel die verskansing van kinderregte in 'n grondwet 'n nuwe verskynsel in die Suid-Afrikaanse regsorde is, bied die gemene- en statutêre reg steeds bepaalde beskerming aan die kind. Wetgewing ter beskerming van kinders, sluit onder andere die **Wet op Kindersorg**,[11] die **Strafproseswet**,[12] die **Suid-Afrikaanse Skolewet**,[13] en die **Wet op Basiese Diensvoorwaardes**[14] in. Hierdie wetgewing word vervolgens bespreek.

Alhoewel die Suid-Afrikaanse gemene- en statutêre reg voorskrifte aangaande die beskerming van kinders bevat, skep hierdie voorskrifte nie 'n raamwerk vir kinderregte nie. Artikel 28 van die Grondwet bring egter wel so 'n progressiewe raamwerk van kinderregte tot stand wat oorhoofs beskou, in beduidende mate op die beginsels van die *UNCRC* berus.[15]

---

10 Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 Artikel 8(2): 'n Bepaling van die Handves van Regte bind 'n natuurlike of 'n regspersoon indien, en in die mate waarin, dit toepasbaar is met inagneming van die aard van die reg en die aard van enige plig deur die reg opgelê.

11 74 van 1983.

12 51 van 1977.

13 84 van 1996.

14 75 van 1997.

15 Artikel 28 van die Grondwet. Die regte van die kind, soos opgeneem in artikel 28 van die Grondwet, kan soos volg ingedeel word om 'n progressiewe raamwerk van kinderregte tot stand te bring; Die reg op *oorlewing* word hanteer deur die bepalings van artikel 28(1)( c), die reg op *beskerming* deur 28 (1)(d) tot (i) en die reg om te *ontwikkel* deur die bepalings van artikel 28 in die geheel saamgelees met artikel 29.

Die *UNCRC* is in 1993 deur Suid-Afrika onderteken en op 16 Junie 1995 geratifiseer.[16] Sodoende is Suid-Afrika as lidstaat verbind tot die doelstellings en bepalings van die Konvensie.

> When South Africa ratified the Convention on the Rights of the Child, we committed to laying the foundation of a new society for our children on the four pillars or group of rights on which the Convention is built: the right to survival, the right to development, the right to protection and the right to participation. If we are able to deliver these rights to our children, and if we are able, in turn, to help them understand and respect the rights of those around them, we will have succeeded in meeting the obligations we have so consciously undertaken.[17]

Suid-Afrika is dus as gevolg van die ratifikasie van die *UNCRC* verbind tot die bevordering en nastrewing van die ideale en waardes soos vervat in die bepalings van die *UNCRC*. Die strekking van artikel 28 van die Grondwet is juis aanduidend hiervan. Die ondertekening en ratifikasie van internasionale ooreenkomste geskied ingevolge artikel 231 van die Grondwet.

Die onderhandeling en ondertekening van alle internasionale ooreenkomste is die verantwoordelikheid van die nasionale uitvoerende gesag.[18] 'n Internasionale ooreenkoms bind die Republiek slegs nadat dit in sowel die

---

16 Die Ondertekening en ratifikasie van internasionale ooreenkomste geskied ingevolge artikel 231 van die Grondwet.

17 SA **Convention Report** 14. Sien ook Van der Vyfer **Constitutional Protection** 315; Eiselen **Young Persons in Private International Law** 228.

18 Artikel 231(1) van die **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika** 108 van 1996.

Nasionale Vergadering as die Nasionale Raad van Provinsies goedgekeur is, tensy dit 'n ooreenkoms is wat in subartikel (3) genoem is.[19] 'n Internasionale ooreenkoms van tegniese administratiewe of uitvoerende aard, of 'n ooreenkoms wat nie bekragtiging of toetrede vereis nie, en wat deur die nasionale uitvoerende gesag aangegaan is, bind die Republiek sonder goedkeuring deur die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies. 'n Internasionale ooreenkoms verkry regskrag in die Republiek wanneer dit deur nasionale wetgewing as wet verorden word, maar 'n direk uitvoerbare bepaling van 'n ooreenkoms wat deur die Parlement goedgekeur is, verkry regskrag in die Republiek tensy so 'n ooreenkoms met die Grondwet of 'n parlementswet onbestaanbaar is.[20] Die Republiek word aan internasionale ooreenkomste onderwerp wat die Republiek by die inwerkingtreding van die Grondwet gebind het.[21]

### *2.1 Artikel 28 van die Grondwet*

Ingevolge artikel 28(3) beteken *kind* iemand onder die ouderdom van 18 jaar. Hierdie bepaling strook met die internasionale konvensies in Hoofstuk 3 hierbo genoem.[22] Artikel 28(1)(c) van die Grondwet wat elke kind se reg op basiese voeding, skuiling, gesondheidsorgdienste en maatskaplike dienste verskans, is 'n tipiese voorbeeld van 'n sosio-ekonomiese kinderreg.[23] Die verskansing van sosio-ekonomiese regte as fundamentele regte in handveste

19 Artikel 231(3) van die **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika** 108 van 1996.
20 Artikel 231(4) van die **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika** 108 van 1996.
21 Artikel 231(5) van die **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika** 108 van 1996.
22 Artikel 28(3) van die **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika** 108 van 1996.
23 Die **Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika** 108 van 1996

van regte is op sigself 'n problematiese aangeleentheid. Hierdie regte plaas 'n prestasieplig op 'n staat om ten aansien van hierdie regte te presteer.[24]

Artikel 28(1)(b) se spesifieke verwysing na die kind se reg op ouerlike sorg of gesinsorg impliseer dat die kind eerstens geregtig is op versorging deur sy ouers of lede van die uitgebreide gesin.[25] Wanneer die kind egter uit die gesinsomgewing verwyder word, tree die staat se aksessore rol in werking deurdat dit gepaste alternatiewe sorg vir die kind moet voorsien. Hierdie sorg is dus net 'n alternatief indien ouerlike of gesinsorg nie in die besondere omstandighede moontlik is nie. Die staat se plig is dus aanvullend en toesighoudend tot die van die kind se ouers of persoon *in loco parentis*.[26]

Aangesien die staat, as juridies bestemde entiteit geroepe is tot ordening van die gemeenskap en die skep van strukture ter bereiking van die doel, is dit vanselfsprekend dat die staat nie ouerlike sorg binne die gesinsverband, as sosiale entiteit met 'n liefdesbestemming, in die kind se beste belang kan uitoefen nie.[27] Die staat is wel ingevolge artikel 28(1)(b), asook ingevolge die bepalings van die *UNCRC* geroepe om die nodige ondersteuningstelsels vir die kind en sy/haar gesin tot stand te bring.

---

24 In die gemeenregtelike ouer-kind-verhouding dra ouers die primêre verantwoordelikheid vir die versorging en opvoeding van die kind. Artikel 28(1)(b) en (c) van die **Grondwet** bepaal dat elke kind onder andere 'n reg op ouerlike sorg, sekuriteit, basiese voeding en basiese gesondheids- en maatskaplike dienste het. Die strekking van hierdie regte stem ooreen met die pligte waartoe Suid-Afrika verbind is deur die ratifikasie van die VN Konvensie. Uiteraard is die aard van hierdie regte en ander tweedegenerasieregte, soos die reg op 'n skoon omgewing, behuising, gesondheid, voedsel, water, maatskaplike sekerheid en onderwys in die Handves van Regte, 'n aanduiding van 'n prestasieplig wat op die staat geplaas word.

25 Sien Du Plessis en Corder **Transitional Bille of Rights** 186; Haysom **Children** 267, 268.

26 Detrick **Family Rights** 95. Sien ook **Government of RSA and others v Grootboom and others** 2001 1 SA 46 (CC).

27 Haupt **Die reg van die kind op oorlewing, ontwikkeling en beskerming** 198.

Dit blyk dat die strekking van artikel 28 tiperend van die aksessore verantwoordelikheid van die staat teenoor kinders is.[28] Gemeenregtelik en statutêr het die staat reeds voor die inwerkingtrede van die Grondwet ouers en kinders binne die gesinsomgewing deur middel van maatskaplike ondersteuningstelsels van staatsweë ondersteun.[29] Die **Wet op Kindersorg** is 'n toepaslike voorbeeld van die statutêre verwoording van die staat se aksessore verantwoordelikheid deurdat die staat ondersteuning aan kinders, ouers en die gesin voorsien deur onder andere: [30]

- die gratis verskaffing van primêre gesondheidsorg vir kinders onder die ouderdom van ses jaar;[31]

- die uitbreiding van kindertoelaes aan die primêre versorger van die kind in te sluit en so die lede van die uitgebreide gesin wat die kind versorg, te akkommodeer;[32]

- die vrylating uit tronke vanaf 10 Mei 1994 van alle moeders met kinders onder die ouderdom van 12 jaar;[33] en

---

28 Rakende die aksessore verantwoordelikheid van die staat, sien onder andere **Government of RSA and others v Grootboom and others** 2001 1 SA 46 (CC).

29 Detrick **Family Rights** 95: Die gebruik van die begrip gepaste alternatiewe sorg dui ook daarop dat hierdie tipe sorg slegs 'n alternatief tot die van die gesin of ouers is indien die kind uit die gesinsomgewing verwyder word. Die staat se plig is dus aanvullend tot die van die kind se ouers of persoon *in loco parentis*. Dit sal net onstaan waar die genoemde persone nie in staat is om met hulle beskikbare bronne in die kind se behoeftes te kan voorsien nie. Verder is dit weens die beskikbaarheid van hulpbronne beperk tot die nakoming van die kind se basiese behoeftes soos blyk uit die bewoording van artikel 28(1) van die Grondwet.

30 74 van 1983.

31 Die regering het in 1998 beplan om te verseker dat 90% moeders met jong kinders gratis toegang tot gesondheidsorg verkry - Anon **Beeld** 7 Februarie 1998 bl 13 kol 2.

32 **Wysigingswetsontwerp op Welsynswette** 90 van 1997.

33 *Ibid.*

- skoolvoedingskemas.[34]

Artikel 28(1)(e) en (f) lê die grondwetlike grondslag vir beskerming van kinders teen uitbuitende arbeidspraktyk. Dit begrond die bestaande beskermingsbepalings soos vervat in die **Wet op Kindersorg** en die gemenereg.[35] Hierdie beskerming is in pas met die internasionale instrumente wat in Hoofstuk 3 bespreek is.

Artikel 28(1)(e) van die Grondwet bepaal dat elke kind die reg het om teen uitbuitende arbeidspraktyke beskerm te word en artikel 28 (1)(f) om nie verplig of toegelaat te word om arbeid te verrig wat vir sy/haar welsyn, opvoeding, gesondheid, morele of sosiale ontwikkeling nadelig is nie. Artikel 28(2) van die Grondwet bepaal dat die *beste belang van die kind* deurslaggewend is in elke aangeleentheid wat die kind raak. Genoemde artikels skaar hulle dus ondubbelsinnig teen uitbuitende arbeidspraktyke. Hierdeur word duidelik te kenne gegee welke arbeidspraktyke op die oog is.[36]

Uit hoofde van die Grondwet is alle dwangarbeid verbode. Niemand mag vir eie gewin of vir die gewin van iemand anders dwangarbeid in stryd met artikel 48(1) van die Grondwet veroorsaak, eis of beveel nie. Iemand wat hierdie artikel oortree, begaan 'n misdryf.[37]

---

34 *Ibid.*

35 74 van 1983 en 51 van 1977.

36 Sien in die algemeen Hoofstuk 2 rakende die aard en omvang van uitbuitende arbeidspraktyke.

37 Artikel 13 van die Grondwet bepaal dat niemand aan slawerny, knegskap of dwangarbeid onderwerp mag word nie. Ingevolge die **Wet op Basiese Diensvoorwaardes** 75 van 1997 bepaal artikel 48(1) tot (3) dat, behoudens die Grondwet, alle dwangarbeid verbode is en niemand vir eiegewin of vir die gewin van iemand anders dwangarbeid in stryd met subartikel (1) mag eis of beveel nie.

### *2.2 Wetgewing*

*2.1.1 Die Wet op Kindersorg 74 van 1983*

Die **Wet op Kindersorg,**[38] soos gewysig deur die **Wysigingswet op Kindersorg,**[39] omvat bepaalde regte van kinders. Die bepalings van hierdie wet dien reeds van voor die inwerkingtrede van die Grondwet as primêre statutêre bron vir beskerming van kinders. Hierdie wet, soos ander wetgewing rakende die beskerming van die kind, is in ooreenstemming met die grondwetlike bepalings aangaande kinders gewysig. Dié wet word eersdaags deur 'n nuwe Kinderwet vervang.[40] Ingevolge die bepalings van die **Wet op Kindersorg** mag niemand 'n kind onder die ouderdom van 15 jaar in diens neem of aan hom/haar werk verskaf nie. Hierdie wysiging was teweeg gebring op sterkte van 'n voorstel van die **Nasionale Mannekragkommissie** wat aangewys was om die strekking van arbeidswetgewing met betrekking tot die landboubedryf te ondersoek.[41]

Die voorwaardes vir indiensneming word deur artikels 52(A)(2),(3) en (4) van die **Wet op Kindersorg** uiteengesit. Hierdie voorwaardes is deur die **Wysigingswet op Kindersorg** gewysig in die **Wet op Kindersorg** om die misbruik van kinders onder 15 jaar in die arbeidsmark aan bande te lê.[42] Die voorwaardes lui soos volg:-

---

38 74 van 1983.

39 86 van 1991 en 96 van 1996.

40 Sien in die algemeen die kritiek ten opsigte van die Konsep-kinderwet in De Vries **Rapport** 29 Augustus 2004 kol 1.

41 Bosch en Gordon **Eliminating Child Labour in South African Commercial Agriculture** 4.

42 86 van 1991.

- die Minister kan by kennisgewing in die Staatskoerant enige "tipe arbeid" uitsluit van die bepalings van dié Wet;[43]

- die Minister kan in die algemeen aan enige persoon en/of persone vrystelling verleen van die wetsbepaling, soos uiteengesit in dié Wet;[44]

- by vrystelling aan 'n sekere tipe arbeid moet die Minister 'n sertifikaat van vrystelling aan die werkgewer uitreik waarin die besonderhede van die betrokke kind, die werkgewer en die omstandighede waaronder die kind mag werk uiteengesit word; en

- die Minister kan te eniger tyd die sertifikaat wysig of terugtrek.[45]

Die *NPA* is 'n program aan die hand waarvan die Suid-Afrikaanse regering kinderregte implementeer. Dit is 'n meganisme waardeur staatsdepartemente, *NROs* en ander organisasies die ontwikkeling en verskeie probleme rakende kinderarbeid kan hanteer. Dié program verseker dat alle voorskrifte rakende die regte van kinders nagekom word. Die Wet op Kindersorg handel nie net met die indiensneming van kinders onder die ouderdom van 15 jaar nie, maar ook met verskeie ander bepalings met betrekking tot kinders, byvoorbeeld:-

---

43 Artikel 52A(2)(a) en (b) van die **Wet op Kindersorg** 74 van 1983.
44 *Ibid.*
45 Artikel 52A(3)(a) en (b) van die **Wet op Kindersorg** 74 van 1983.

- mishandeling van kinders en die verwaarlosing van kinders of die versuim om kinders te onderhou ;[46]

- die plig op sekere persone om mishandelde, verwaarloosde en ondervoede kinders aan te meld;[47]

- vervangende toestemming vir mediese behandeling van kinders;[48]
- skuiling vir die kind in moeilike omstandighede, regsverteenwoordiging van kinders tydens kinderhofprosedures;[49]

- die registrasie van skuilings en die instelling van kinderhuise en versorgingsoorde;[50] en

- die verpligting op die persoon in wie se sorg die kind is, om voldoende sorg en kos aan die kind te voorsien.

---

46 Artikel 50(1)(a) en (b) van die **Wet op Kindersorg** 74 van 1983 - 'n Ouer of voog van 'n kind of iemand in wie se bewaring 'n kind is wat die kind mishandel of toelaat dat hy mishandel word; of die kind verlaat, of enige ander persoon wat 'n kind mishandel, is aan 'n misdryf skuldig.

47 Iemand wat wettiglik verantwoordelik is vir die onderhoud van 'n kind en wat versuim om die kind van genoegsame voedsel, kleding, herberg en mediese behandeling te voorsien, terwyl hy wel in staat is om dit te doen, is aan 'n misdryf skuldig in terme van artikel 50(2) van die **Wet op Kindersorg** 74 van 1983.

48 Artikel 53(4) van die **Wet op Kindersorg** 74 van 1983. Indien die hoof van 'n betrokke inrigting of die persoon in wie se bewaring so 'n leerling of kind is, redelike gronde het om te glo dat die uitvoering van 'n operasie op of die verskaffing van mediese behandeling aan die leerling of kind noodsaaklik is om sy lewe te red of om hom van 'n ernstige en blywende liggaamlike letsel of gebrek te red, en dat die noodsaaklikheid van die operasie of mediese behandeling so dringend is dat dit geen uitstel gedoog om die ouers of voog van die leerling of kind, of die Minister, te raadpleeg nie, kan die hoof of die betrokke persoon self magtiging verleen tot die uitvoering daarvan op of die verskaffing daarvan aan die leerling of kind.

49 In terme van artikel 28(1) van die **Wet op Kindersorg** kan die Minister met die instemming van die Minister van Finansies uit geld wat deur die Parlement vir die doel bewillig is, veiligheidsplekke oprig en in stand hou vir die opname, bewaring, waarneming, ondersoek en behandeling van kinders kragtens hierdie Wet, en vir die aanhouding van kinders in afwagting van hul verhoor of vonnis.

50 Artikel 30 van die **Wet op Kindersorg** 74 van 1983.Geen kind mag in 'n kinderhuis (behalwe 'n kinderhuis wat deur die Staat in stand gehou en beheer word) opgeneem word nie, tensy daardie kinderhuis deur 'n vereniging van persone bestaande uit nie minder nie as sewe lede bestuur word en dit kragtens hierdie artikel geregistreer is, of anders as ooreenkomstig die voorwaardes waarop daardie kinderhuis aldus geregistreer is. Geen kind mag in 'n versorgingsoord (behalwe 'n versorgingsoord wat deur die Staat in stand gehou en beheer word) opgeneem word nie, tensy daardie versorgingsoord kragtens hierdie artikel geregistreer is, of anders as ooreenkomstig die voorwaardes waarop daardie versorgingsoord aldus geregistreer is.

*2.2.2 Die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996* (hierna Skolewet)

Artikel 3(1) van die **Skolewet** bepaal dat skoolopvoeding verpligtend is vir kinders tussen die ouderdomme 7 en 15 jaar.[51] Indien 'n leerder wat onderworpe is aan verpligte skoolbywoning, nie by 'n skool ingeskryf is nie of versuim om dit by te woon, kan die Departementshoof: [52]

- die omstandighede rakende die leerder se afwesigheid van die skool ondersoek;

- toepaslike stappe doen om die aangeleentheid reg te stel; en

- by gebrek aan sodanige regstelling, 'n skriftelike kennisgewing aan die ouer van die leerder rig sodat ouers verduideliking kan bied vir die afwesigheid van die leerder.

Ingevolge die voorskrifte van hierdie wet en ander toepaslike wetgewing is enige ouer wat sonder afdoende rede en na 'n skriftelike kennisgewing van die departementshoof in gebreke bly om uitvoering daaraan te gee skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie ses maande oorskry nie.[53]

---

[51] 84 van 1996

[52] Vgl artikel 1 van die **Skolewet** 84 van 1996. 'n Departementshoof is die hoof van 'n onderwysdepartement.

[53] Artikel 3(6)(a) van die **Skolewet** 84 van 1996.

Enige ander persoon wat sonder afdoende rede 'n leerder wat aan verpligte bywoning onderhewig is daarvan weerhou om 'n skool by te woon is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk wat nie ses maande oorskry nie.[54] 'n Departementshoof kan 'n leerder gedeeltelik of voorwaardelik van verpligte skoolbywoning vrystel indien dit in die beste belang van die leerder is. Elke Departementshoof moet 'n register hou van alle leerders wat van verpligte skoolbywoning vrygestel is ten einde vervolging van daardie betrokke ouers/voogde te voorkom.[55] Dit is dus duidelik dat hierdie statutêre bepalings daarop gerig is om te voorkom dat kinders onder 15 jaar by die arbeidsmark betrokke raak.

Die definisie van kinderarbeid, soos uiteengesit in Hoofstuk 2 hierbo, maak dit duidelik dat kinderarbeid uitbuiting meebring as dit 'n nadelige invloed het op die kind se psigiese, fisiese, morele, geestelike en sosiale ontwikkeling en as dit die kind van skoolonderrig weerhou. Dit is daarom belangrik dat ouers, voogde, onderwysers en enige ander persoon verantwoordelik vir die kind se ontwikkeling, toesien dat kinders binne die raamwerk van bestaande wetgewing skoolonderrig ontvang.

Die **Skolewet** stel die minimum skoolverlatingsouderdom op 15 jaar.[56] Enige persoon wat toelaat dat 'n kind onder daardie ouderdom in diens geneem word en aan uitbuitende arbeidspraktyke deelneem, tree nie noodwendig in die beste belang van die kind op nie. Die kind word 'n gesonde ontwikkeling

---

54 Artikel 3(6)(b) van die **Skolewet** 84 van 1996.

55 Artikel 4(1) en (2) van die **Skolewet** 84 van 1996.

56 Artikel 3(1) van die **Skolewet** 84 van 1996.

wat vir hom/haar noodsaaklik is ten einde 'n sinvolle bestaan as volwassene te maak, ontneem.

*2.2.3 Die Wysigingswet op Basiese Diensvoorwaardes 75 van1997*

Ingevolge artikel 43 van die **Wysigingswet op Basiese Diensvoorwaardes** mag niemand 'n kind in diens neem wat onder die ouderdom van 15 jaar is nie; of onder die minimum skoolverlatingsouderdom ingevolge enige wet is indien sodanige ouderdom 15 jaar of ouer is nie.[57] Daarbenewens mag niemand 'n kind in diens neem vir diens wat nie geskik is nie vir 'n persoon van daardie ouderdom; of vir diens wat die kind se welsyn, opvoeding, liggaamlike of geestesgesondheid of geestelike, morele of sosiale ontwikkeling in gevaar kan stel nie.[58] Iemand wat 'n kind strydig met die bepalings van die **Skolewet** en die **Wet op Basiese Diensvoorwaardes** in diens neem is skuldig aan 'n kriminele oortreding en sodanige persoon kan strafregtelik vervolg word.[59]

Indien die ouderdom van 'n werknemer by enige verrigtinge ingevolge die **Wet op Basiese Diensvoorwaardes** 'n tersaaklike faktor is ten opsigte waarvan daar onvoldoende getuienis is, moet die party wat beweer dat die indiensneming voldoen aan die bepalings van hierdie wet bewys dat dit, nadat

---

57 Artikel 43(1) van die **Wet op Basiese Diensvoorwaardes**. No person may employ a child (a) who is under 15 years of age; or (b) who is under the minimum school-leaving age in terms of any law, if this is 15 or older.

58 Artikel 43(2) van die **Wet op Basiese Diensvoorwaardes**. No person may employ a child in employment (a) that is inappropriate for a person of that age; (b) that places at risk the child's well-being, education, physical or mental health, or spiritual, moral or social development.

59 Artikel 43(3) van die **Wet op Basiese Diensvoorwaardes**. A person who employs a child in contravention of subsection (1) or (2) commits an offence.

ondersoek ingestel is, redelik was om te vermoed dat die persoon nie onder die toelaatbare ouderdom ingevolge artikels 43 of 44 was nie.[60] Artikel 44 bepaal dat die Minister regulasies kan uitvaardig ten einde 'n verbod te plaas op, of voorwaardes te stel met betrekking tot, die indiensneming van kinders wat ouer as 15 jaar is en wat nie meer kragtens enige wet skoolpligtig is nie.[61] Soos reeds bespreek, is 15 jaar die minimum ouderdom vir indiensneming van kinders. Vir dié bo 15 jaar, maar nog nie 18 jaar nie, het die wet, wat die sektorale vasstelling van minimum lone reël, die volgende bepalings spesifiek vir plaaswerkers voorgeskryf:-

- hulle mag nie meer as 35 uur per week werk nie;

- geen arbeid mag verrig word tussen 18h00 en 06h00 nie; en

- hulle mag geen landbouchemikalieë hanteer nie.[62]

### *2.3 Die Suid-Afrikaanse Law Reform Kommissie*

Die Suid-Afrikaanse Law Reform Kommissie het 'n ondersoek onderneem om die **Wet op Kindersorg** 1983 te hersien om sodoende sekere voorstelle te maak vir die hervorming van spesifieke gedeeltes van dié Wet.[63]

---

60 Artikel 47 van die **Wysigingswet op Basiese Diensvoorwaardes** 75 van 1997.

61 Anon http://www.acts.co.za. Subject to section 43(2), the Minister may, on the advise of the commission, make regulations to prohibit or place conditions on the employment of children who are at leat 15 years of age and no longer subject to compulsory schooling in terms of any law. A person who employs a child in contravention of subsection (1) commits an offence. Sien in die algemeen artikel 59(1) wat die instelling en werksaamhede van die Kommissie vir Diensvoorwaardes bepaal.

62 Anon http://www.landbou.com/Landbouweekblad/Arbeid.

### 2.3.1 *Kinderarbeid*

In Suid-Afrika word lank reeds erken dat uitbuitende kinderarbeid in kommersiële bedrywe, straathandel, die vermaaklikheidsbedryf, die taxibedryf asook in huishoudelike omstandighede plaasvind.[64] Die **Wet op Kindersorg** beskik oor enkele bepalings met betrekking tot die beskerming van kinders teen onwettige indiensneming. Die Law Reform Kommissie het as gevolg van 'n gebrek aan beskerming van kinders in die arbeidsmark sekere voorstelle gemaak:-[65]

- dat *indiensneming* en *arbeid* gedefinieer moet word ten einde skuiwergate in wetgewing te voorkom;

- dat die bepalings van die **Wet op Basiese Diensvoorwaardes** aangaande die minimum ouderdom vir indiensneming en die verbod op uitbuitende werksomstandighede deur ander relevante wetgewing ondersteun word;

- dat daar samewerkende maatreëls moet wees tussen die **Departement van Arbeid** en ander organisasies en wetgewing wat kinderarbeid

---

63 SA Law Reform Commission issue paper 13 Project 10 **Review of the Child Care Act** 1983: Die Law Reform Kommissie was versoek om die **Wet op Kindersorg** te ondersoek en te wysig en om voorstelle aan die Minister van Sosiale Ontwikkeling te maak in 1997.

64 Kruger 2000 **De Jure** 195. Sien in die algemeen MayimeleHashatse se verslag in Davel C J **Children's Rights in a Transitional Society**.

65 SA Law Reform Commission issue paper 13 Project 10 **Review of the Child Care Act** 1983.

reguleer in die opstel en implementering van regulasies aangaande kinderarbeid;

- dat opvoedkundige werksprogramme aan kinders voorsien word en dat sulke programme geregistreer word ooreenkomstig die bepalings soos uiteengesit in die **Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk** 71 van 1997;

- dat enige betrokkenheid by onwettige indiensneming of enige vorm van uitbuitende arbeid gronde sal wees vir strafregtelike vervolging;

- dat skoolhoofde bewus moet wees van welke kinders nie skool bywoon nie en vermoedelik werk, en dat stappe in samewerking met die **Departement van Arbeid** gedoen sal word om skoolbywoning van sulke kinders te verseker;

- dat die **Departement van Onderwys** verplig word om skole te identifiseer wat kinders gebruik vir die instandhouding en skoonmaak van die perseel en om te verseker dat volwassenes aangestel word om hierdie werk te verrig;

- dat van die **Departement van Minerale en Energie, Water en Bosbou en Omgewing** vereis word om areas te identifiseer waar daar 'n tekort is aan werkers wat vragte moet vervoer en dit nie doen nie en waar daar derhalwe kinders gebruik word om dit te vervoer;

- dat strafbepalings vir onwettige indiensneming en uitbuitende arbeidspraktyke verhoog word en dat voorsiening gemaak word daarvoor dat oortreders die koste van rehabilitasie van kinderarbeiders moet dra;

- dat alle vorme van slawerny, gebonde arbeid en uitbuitende kinderarbeid gesien word as kriminele oortredings.

*2.3.2 Kinders wat op straat leef en werk*

Die Suid-Afrikaanse Law Reform Kommissie het voorgestel dat die volgende definisie van 'n *straatkind* ingevoeg moet word by kinderwetgewing:

> A person under the age of 18 who, for reasons which may include abuse, community upheaval and/or poverty, leaves his or her family or community permanently to survive on street, or alternatively begs or works on street but returns home at night, and who experiences inadequate care and protection from adults.

In die geval van straatkinders maak die Suid-Afrikaanse Law Reform Kommissie die volgende voorstelle:

- Elke skool is verantwoordelik vir die identifisering van kinders wat moontlik die skool kan verlaat as gevolg van die gesin se finansiële posisie. Sodanige skole moet die nodige stappe doen om te verhoed dat kinders vanweë hulle finansiële posisie die skool verlaat.

- Die volgende funksies moet aan plaaslike owerhede toegeken word:

  - om die getal straatkinders in hulle jurisdiksie vas te stel;

  - om die aantal straatkinders aan die **Departement van Onderwys** te verskaf;

  - om programme te ontwikkel en ondersteuning en hulpbronne aan NROs te verskaf ten einde hulp met die integrasie van straatkinders te verskaf; en

  - om beskikbare dienste te identifiseer wat kan help met kinders wat op straat in hulle jurisdiksie-area werk en leef.

Die Suid-Afrikaanse Law Reform Kommissie neem egter daarvan kennis dat dit moeilik vir 'n straatkind is om na die gewone opvoedkundige stelsel terug te keer en dat alternatiewe opvoedkundige hulpbronne gevind moet word vir sulke kinders. Dié Kommissie het in hierdie verband voorgestel dat die **Skolewet** so gewysig word dat dit voorsiening maak vir 'n nie-formele onderwysstruktuur wat voldoen aan die behoeftes van straatkinders en ander

nie-skoolgaande leerders. 'n Verdere voorstel van die Law Reform Kommissie was dat die **Departement van Onderwys** vir die oprigting van so 'n onderwysstruktuur moet begroot en dat kriteria vir akkreditering en registrasie ontwikkel moet word. Dié Kommissie stel voor dat 'n kind wat daaraan onderwerp word om te bedel of toegelaat word om te bedel, gerapporteer moet word as 'n kind wat in terme van artikel 14(4) van die **Wet op Kindersorg** sorgbehoewend is.[66] Alhoewel dié Kommissie nie die optrede van ouers of wettige voogde wat hulle kinders dwing of toelaat om te bedel goedkeur nie, is dit die siening dat dit nie gepas sal wees om sulke optrede deur ouers as kriminele oortredings te beskou nie. Die kwessie of nie-familielede wat kinders laat bedel wel 'n kriminele oortreding moet wees, bly egter oop vir kommentaar.

### 2.3.3 *Kinderarbeid in die kommersiële landboubedryf*

Kinderarbeid kom veral in die landboubedryf voor. Hierdie werk word as *onsigbaar* beskou aangesien beweer word dat kinders onder die beskerming van hulle familie werk.[67] Alhoewel landbouwerk gesien word as 'n veiliger vorm van arbeid is dit wel tog ook gevaarlik omdat kinders dikwels fisies harde arbeid verrig en met verskeie insekdodende middels werk.

---

66 74 van 1983.
67 Anon 1987 **South African Outlook** 33-35.

In die landboubedryf is daar meer as 60 000 kinders tussen die ouderdomme 10 en 14 jaar en meer as 61 000 tussen die ouderdomme 15 en 17 jaar werksaam. Dit beteken dat 11% van Suid-Afrika se kinders tussen die ouderdomme 10 en 14 jaar en 21.2% tussen die ouderdomme 15 en 17 jaar in die landboubedryf werk.

Vanweë die onwettigheid van uitbuitende kinderarbeidspraktyk is werkgewers en kinders dikwels nie geneë om inligting aangaande arbeidsaangeleenthede te verskaf nie. Die meeste landbou-unies in Suid-Afrika ondersteun die uitskakeling van uitbuitende kinderarbeid. Die **South African Plantation and Allied Workers Union** (*SAAPAWU*) van die **Congress of South Africa Trade Unions** (*COSATU*) stem saam dat kinderarbeid 'n negatiewe uitwerking op die ekonomie het en tot die afname in produktiwiteit van landbou in die geheel bydra.[68] Die primêre fokus van hierdie organisasies lê daarin om hulle vir hoër salarisse vir volwasse arbeiders te beywer en om sodoende te voorkom dat daar op die arbeid van kinders gesteun word.[69]

### *2.3.4 Seksuele uitbuiting as vorm van kinderarbeid*

Kinderprostitusie is dikwels die gevolg van sosio-ekonomiese omstandighede waarin kinders hulle bevind. Kinders, veral jong meisies, word as gevolg van hulle emosionele kwesbaarheid en onkundigheid deur volwassenes tot seksuele misbruik gedwing. Weens die toename in armoede gebruik ouers

---

68 Anon 1987 **South African Outlook** 33-35
69 SAAPAWU News Oktober 1995 5.

hulle kinders om op straat as prostitute te werk om sodoende 'n inkomste aan die gesin te voorsien. Huislike omstandighede veroorsaak soms dat kinders van die huis af wegloop. Hulle onderwerp hulle dan aan seksuele aktiwiteit in ruil vir geld, voedsel en verblyf. Hierdie kinders is gewoonlik tussen die ouderdomme 8 en 14 jaar. Die **Suid-Afrikaanse Polisiediens** (*SAPD*) reik gereeld verslae uit wat toon dat seksuele bedrywighede onder jong kinders 'n toename toon.[70]

Artikel 9(a) en (b) van die **Wet op Seksuele Misdrywe** 23 van 1975 handel oor die strafbaarstelling van die ontering van 'n kind of pleegkind deur die ouer of voog.[71] Aansluitend hierby maak artikel 14 vir die strafbaarstelling van seksuele misdrywe met jeugdiges voorsiening.[72] Die wet tref onderskeid tussen geslagsgemeenskap met 'n geslagsryp meisie en 'n geslagsonryp meisie onder die ouderdom van 12 jaar wat verkragting tot gevolg het, ontug met 'n persoon onder die ouderdom van 16 jaar, of 'n onsedelike of onbehoorlike seksuele daad met 'n persoon onder die ouderdom van 19 jaar wat 'n misdryf beteken.[73]

---

70 Davidson en Taylor **Child Prostitution in South Africa** 11.

71 Iemand wat 'n ouer of voog van 'n kind onder die ouderdom van agtien jaar is en wat sodanige kind toelaat, verkry of probeer verkry om ontug of 'n onsedelike of onbehoorlike daad te pleeg met 'n ander persoon as die koppelaar, of om in 'n bordeel te woon of dit te besoek; of die ontering, verleiding of prostitusie van sodanige kind beveel of toelaat, of op enige manier help om dit te bewerkstellig, of enige vergoeding daarvoor ontvang, is aan 'n misdryf skuldig. Sien onder andere Engelbrecht 1995 **Consultus** 20-26.

72 Vgl in die algemeen rakende aa 9, 12 en 14; Van Oosten en Louw **Criminal Law** 150-154; SA Law Reform Commission **Sexual Offences** 33-39.

73 Sien artikel 14 van die **Wet op Seksuele Misdrywe** 23 van 1975 vir onderskeid tussen geslagsgemmenskap met kinders van onderskeie ouderdomme.

Die toename in besorgdheid in die gemeenskap en die aanmelding van seksuele mishandeling en uitbuiting van kinders is een van die faktore wat daartoe bydra dat sommige state in die Verenigde State van Amerika wetgewing aangaande die registrasie van seksuele oortreders geimplimenteer het.[74] In Suid-Afrika is daar tans wetgewing uitgevaardig vir die regulering en strafregtelike vervolging van persone wat hulle skuldig maak aan die verkoop en verspreiding van kinderpornografie.[75] In die Verenigde State van Amerika word daarook reeds daarvoor voorsiening gemaak dat 'n betrokke gemeenskap daarvan in kennis gestel word dat 'n persoon wat aan seksuele oortredings teenoor kinders skuldig bevind is, daar woonagtig is.[76] Hierdie stap is belangrik, aangesien dit mense bewus maak van die werklikheid dat kinders seksueel misbruik word ten einde finansiële voordeel daaruit te trek. Kinders word uitgebuit deur hulle vir seksuele dade te gebruik.

Dit blyk duidelik uit voorgaande bespreking dat die instel van wetgewing aangaande seksuele uitbuiting van kinders en die implementering van sodanige wetgewing besondere moontlikhede bied ter bekamping vir seksuele uitbuiting van kinders.

---

74 Vgl Appelson http:// www.pathfinder.com/news/latest/RB/1998feb23/1003.htm ; Anon http://pages.prodigy.com/faulkner/register.htm.

75 Anon http://www.worldvision.org/worldvision/wvusufo.nsf/stable/globalisues.

76 In Suid-Afrika sal sodanige openbaarmaking van 'n persoon se kriminele oortredings 'n direkte skending wees met 'n persoon se reg op privaatheid soos dit in die Suid-Afrikaanse Grondwet gewaarborg word.

Seksuele uitbuiting neem drasties toe en daarmee saam die verspreiding van HIV/VIGS. Die volgende faktore dra by tot die toename in seksuele uitbuiting van kinders:

- armoede en werkloosheid;
- dwelmmisbruik;
- misdaad;
- onbeperkte toegang tot kinderpornografie;
- die lae status wat vroue in sekere lande het;
- gebrek aan voldoende onderrig;
- morele agteruitgang van die samelewing; en
- politieke korrupsie.[77]

Die seksuele misbruik en uitbuiting van kinders kan die volgende vir sodanige kinders inhou en/of tot gevolg hê:

- langtermyn sielkundige en psigologiese trauma;
- seksueel oordraagbare siektes en HIV/VIGS;
- geweld en dwelm-/drankmisbruik;
- ongewenste swangerskappe;
- depressie;
- ongebalanseerde sosiale gedrag; en
- in baie gevalle selfs die dood.[78]

---

77 Anon http://www.worldvision.org/worldvision/wvusufo.nsf/stable/globalisues: World vision has learned through its work that the average of a child exploited in the commercial sex trade is 14 years. Of these children, many have aquired sexuallly transmitted diseases, including HIV/Aids.

## 3 Samevatting

Internasionaal word daar deur die *UNCRC* en die *IAO* bepaalde raamwerke vir die beskerming van kinderregte geskep. Ofskoon kinderregte plaaslik, gemeenregtelik en statutêr reeds op direkte en indirekte wyse beskerming geniet, is die feit dat dit ook in die Grondwet as die bron van hoogste reg vervat word, 'n aanduiding daarvan dat die kind se belange voorop gestel word. Soos reeds bespreek beskik die **Wet op Kindersorg** en die **Wet op Basiese Diensvoorwaardes oor** bepalings wat uitbuitend kinderarbeid onder 'n bepaalde ouderdom verbied. Die blote bestaan van kinderarbeidwetgewing sonder gepaardgaande voorsiening vir die progressiewe oplossing van die probleem, is egter onvoldoende. 'n Progressiewe benadering tot die sinvolle hantering van die probleem rakende kinderarbeid is nodig om te verseker dat kinderarbeid binne die trefwydte van die bespreekte konvensies, die Grondwet en die statutêre bepalings gebring word. Teen hierdie agtergrond is daar ook verskeie netwerke en organisasies wat in Suid-Afrika in die lewe geroep is ter bevordering van ' progressiewe en meer sinvolle benadering tot die problematiek rakende kinderarbeid, naamlik die *CLC*[79], *NACL*[80], *CRIN*[81] en die *CF*.[82]

78 Anon http://www.worldvision.org/childprotection.

79 Anon http://www.fairtourismsa.org/resourcecentre/child.php: Die *CLC* is 'n Netwerk wat ten doel het om inligting aangaande kinderarbeid beskikbaar te stel, om werkende kinders te beskerm, om uitbuitende kinderarbeid te voorkom en 'n opvoedkundige grondslag te lê vir sodanige kinders.

80 Anon http://www.fairtourismsa.org/resourcecentre/child.php: Die *NACL* is 'n Organisasiewat wat in 1990 in Suid-Afrika tot stand gebring is en wat ten doel het om die *ekonomiese uitbuiting* van kinders te voorkom.

81 Anon http://www.fairtourismsa.org/resourcecentre/child.php: Die *CRIN* is 'n Netwerk wat ten doel het om die belange van kinders te bevorder.

82 Anon http://www.fairtourismsa.org/resourcecentre/child.php: Die *CF* is 'n Netwerk wat ten doel het om die belange en regte van kinders te bevorder.

# HOOFSTUK 5

# SLOT

## 1 Inleiding

> Are you not risking the greatest of our possessions? For children are your riches, and upon their training for well or ill depends the whole order of their father's house.
>
> Socrates[1]

Dit blyk duidelik uit die voorafgaande hoofstukke dat kinderarbeid beduidende nadeel en gevare vir kinders inhou. Oorhoofs beskou, is dit ook duidelik dat uitbuitende kinderarbeid daagliks reg oor die wêreld toeneem. Nieteenstaande al die nasionale en internasionale instrumente blyk dit steeds 'n probleem te wees wat daadwerklik en indringend die aandag van regsvormers moet geniet. Kinderarbeid is egter 'n besonder komplekse fenomeen wat ook maatskaplik en ekonomies gefundeer is. Daar word aan die hand gedoen dat geen kort- of langtermynoplossing vir hierdie probleem gevind sal word enkel deur die ratifisering van internasionale konvensies nie. Werkloosheid bring armoede mee, en as 'n gesin honger ly, word alle middele, ook kinderarbeid, aangewend om lewensmiddele te bekom.

---

1 Anon http:// www.sabcnews.co.za.

Nie alle vorme van kinderarbeid is uitbiutend van aard nie en die ongekwalifiseerde beperking van kinderarbeid sou kon meebring dat kinders nie die nodige verantwoordelikheid geleer word om in die toekoms as suksesvolle volwassenes te funksioneer nie. Trouens, kinders behoort geleer te word om verantwoordelikheid te aanvaar deur aan hulle bepaalde take op te lê om hulle verantwoordelikheidsin daardeur te ontwikkel. Dit is 'n opvoedingsproses, maar daar is 'n verskil tussen hierdie verantwoordelikheid en die uitbuiting van 'n kind om arbeid te verrig met die doel om lewensmiddele te voorsien. Die balans en die verskil tussen hierdie twee verskyningsvorme moet gehandhaaf word.

## 2 Internasionale en nasionale instrumente

Artikel 32 van die *UNCRC* bepaal dat die kind 'n reg het om teen uitbuitende arbeidspraktyke beskerm te word en om nie verplig of toegelaat te word om enige werk te verrig wat sy/haar morele, fisiese en opvoedkundige ontwikkeling benadeel of kan benadeel nie. In terme van Konvensie 138 van die *IAO* word enige indiensneming en arbeid wat 'n nadelige invloed op die kind se gesondheid, veiligheid en morele waardes het of kan hê, verbied.

Die bepalings van die *ACRWC* is in beduidende mate in ooreenstemming met dié van die *UNCRC* en die *IAO*. Die *ACRWC* bepaal dat elke kind teen alle vorme van ekonomiese uitbuiting beskerm moet word, en verder word spesifiek bepaal dat kinders teen enige arbeid wat vir daardie kind se fisiese, psigologiese,

geestelike, morele en sosiale ontwikkeling nadelig kan wees, beskerm moet word. Die bepalings van artikel 28(1)(f) van die Grondwet is in ooreenstemming met hierdie uitgangspunt. Die **Wet op Basiese Diensvoorwaardes** bepaal voorts dat niemand 'n kind in diens mag neem nie wat onder die ouderdom van 15 jaar is, of wat onder die minimum skoolverlatingsouderdom is.[2] Daarbenewens mag niemand 'n kind in diens neem vir werk wat nie vir 'n persoon van daardie ouderdom geskik is nie, of vir diens wat die kind se welsyn, opvoeding, liggaamlike of geestesgesondheid of geestelike, morele of sosiale ontwikkeling in gevaar kan stel. Die **Wet op Kindersorg** bepaal slegs dat niemand 'n kind onder die ouderdom van 15 jaar in diens mag neem of aan hom/haar werk mag verskaf nie.[3]

Die volgende elemente kom in al die bogenoemde konvensies, deklarasies en wetgewing voor, naamlik dat 'n kind beskerm moet word teen enige arbeid:-

- wat vir die kind se morele, fisiese, psigologiese, geestelike, sosiale en opvoedkundige ontwikkeling nadelig is of kan wees; en
- wat vir die kind se gesondheid en veiligheid 'n nadelige invloed het of kan hê ;

---

2 75 van 1997.
3 74 van 1983.

Die begrippe *morele*, *fisiese*, *opvoedkundige*, *gesondheid*, *psigiese*, *sosiale* en *ontwikkeling* dui daarop dat arbeid wat enige van hierdie eienskappe nadelig beïnvloed of kan beïnvloed, uitbuitende kinderarbeid impliseer. Die bespreekte instrumente omskryf egter nie duidelik welke tipe arbeid nadelig vir die kind se *morele*, *fisiese*, *psigiese*, *opvoedkundige* en *sosiale ontwikkeling* is nie. Die bepalings van die bespreekte instrumente laat ruimte vir ernstige meningsverskil en sodanige uitleg kan tot regsonsekerheid lei welke regsonsekerheid pogings om uitbuitende kinderarbeid progressief uit te skakel, ondermyn. Die leemtes wat in internasionale en nasionale instrumente voorkom bring mee dat daar nie duidelike en spesifieke bepalings bestaan wat as riglyn vir die gemeenskap en veral werkgewers dien nie. Dit bring ook onsekerheid mee welke tipe arbeid inderdaad 'n nadelige invloed op kinders het en vanaf welke ouderdom kinders wel in diens geneem mag word.

Daar word met respek aan die hand gedoen dat die onderstaande voorstelle ter oorweging geneem behoort te word by oorweging van die vraag op hoedanige wyse kinderarbeid binne nasionale en internasionale voorskrifte gebring kan word.

- Die staat moet toesien dat fondse wat begroot word vir die voorsiening van bekostigbare onderwysonderrig effektief aangewend word ten einde te verseker dat alle kinders tot en met die verpligte skoolverlatingsouderdom skool bywoon.

- Alle geboortes moet ooreenkomstig artikel 7 van die Grondwet van Suid-Afrika geregistreer word. Met sodanige registrasie kan daar nie alleen vasgestel word hoeveel kinders afhanklik is van gesondheidsorg nie, maar ook hoeveel kinders skoolpligtig is en sodoende kan verseker word dat sodanige kinders die nodige opleiding ontvang.

- Nasionale en internasionale maatskappye moet aangemoedig word om gedragskodes neer te lê wat hulle ondubbelsinnig daarop stel dat hulle en/of hulle sub-kontrakteurs nie kinders onder die voorgeskrewe toelaatbare ouderdomme in diens sal neem en/of arbeid laat verrig wat gevaarlik en/of skadelik vir hulle fisiese, sosiale en psigologiese ontwikkeling is nie. Die grondwetlik verskanste voorskrif moet deurgaans gehandhaaf word dat die beste belang van die kind voorkeur geniet.

- Kinderarbeid spruit voort uit verskillende omstandighede, maar word veral in die hand gewerk deur toenemende armoede en onvoldoende ekonomiese ontwikkeling en teen hierdie agtergrond moet daar indringend gefokus word op armoedeverligting en ekonomiese ontwikkeling.

Nieteenstaande bogenoemde aanbevelings sal die langtermynoplossing daarin geleë wees dat wetgewing aanvaar word wat spesifiek omskryf welke tipe kinderarbeid onder welke ouderdom as nadelig vir 'n kind se *morele*, *fisiese*, *psigiese*, *opvoedkundige* en *sosiale ontwikkeling* beskou word, maar in

samehang daarmee moet kinders se regte gerespekteer word en die kind wat daartoe kompetent is moet die geleentheid gebied word om self te besluit waar hy/sy hom/haar self binne die arbeidsmark sien.

> Any child who is self-sufficient, who can tie his shoes, dress or undress himself, reflects in his joy and sense of achievement the image of human dignity, which is derived from a sense of independence.
>
> Maria Montessori [4]

[4] Montessori http://members.tripod.com/~junojuno2/words.html.

# BIBLIOGRAFIE

## 1 HANDBOEKE


Anker en Melkas **Economic incentives for children and families to eliminate or reduce child labour**

Anker R en Melkas H **Economic incentives for children and families to eliminate or reduce child labour** (International Labour Ofiice Geneva 1996).

Alen en Pas **Self-executing Character**

Alen A en Pas W "The UN Convention on the Rights of the Child's Self-executing Character" in Verhellen E **Monitoring Children's Rights** (Martinus Nijhoff/Kluwer Law International Den Haag 1996)

Bainham en Cretney **Children – The Modern Law**

Bainham A en Centry S **Children – The Modern Law** 2e Uitg (Jordan Publishing Limited Bristol 1993).

Bischoff **UN Convention on the Rights of the Child**

Bischoff S **The UN Convention on the Rights of the Child – A Comparative study** (Amsterdam 1999)

Burt **Developing Constitutional Rights**

Burt RA "Developing Constitutional Rights Of, In and For Children" in Krause HD **Family Law** Volume 1 (Areas 12.1) (Dartmouth Publishing Co 1992)

Canfield **Chicken Soup for the Soul**

Canfield J en Hansen M V (red) **Condensed Chicken Soup for the Soul** (Deerfield Beach Florida 1996)

Detrick **A Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child**

Detrick S **A Commentary on the United Nations Convention on the Rights of the Child** (Martinus Nijhoff Dordrecht 1992)

Detric **Family Rights**

Detric **Family Rights** (Kluwer Academic Publichers Netherlands 1992)

Doek **Current Status**

Doek JE **The Current Status of the United Nations Convention on the Rights of the Child** (Martinus Nijhoff Publishers Dordrecht 1992)

Du Plessis en Corder **Transitional Bill of Rights**

Du Plessis L en Corder H **Understading South Africa's Transitional Bill of Rights** (Juta Kaapstad 1994)

Eiselen **Young Persons in Private International Law**

Eiselen GTS "Children and Young Persons in Private International Law" in Robinson JA (red) **The Law of children and Young Persons in South Africa** (Butterworths Durban 1997)

Elman, Kurtz en Stanton **Cases, Text, Problems**

Ellman IM, Kurtz PM en Stanton AM (reds) **Family Law: cases, Text, Problems** (The Michie Company Virginia 1986)

Freeman **Moral Status**

Freeman MDA **Moral Status** (Kluwer Academic Publichers Netherlands 1997)

Freeman **Rights, Ideology and Children**

Freeman MDA **The Ideologies of Children's Rights** (Martinus Nijhoff Publishers Dordrecht 1992)

Freeman **Limits of Children's Rights**

Freeman MDA "The limits of childrens rights" in Freeman M en Veerman P (red) **The ideologies of Children's Rights** (Martinus Nijhoff Publishers Dordrecht 1992).

Haupt **Die reg van die kind**

Haupt LC **Die reg van die kind op oorlewing, ontwikkeling en beskerming** (LLD-proefskrif PU vir CHO 1998)

Haysom **Children**

Haysom N "Children" in Davis D, Cheadle H en Haysom N **Fundamental Rights** (Juta Kenwyn 1997)

Himes **Implementing the Convention**

Himes JR (red) **Implementing the Convention on the Rights of the Child** (Martinus Nijhoff Publishers Dordrecht 1995)

Katz **Social Responsibility**

Katz S "Parental Rights and social responsibility in American child protection law" in Eekelaar J en Nhlapo T (red) **The changing family: Family forms and Family law** (Hart Publishing Oxford 1998).

Matsushima **Controversial Issues**

Matsushima Y "The UN Convention on the Rights of the Child and Controversial Issues in Japanese Family Law and Child Affairs" in Lowe N en Douglas F (red) **Families Across Frontiers** (Martinus Nijhoff Publishers Den Haag 1996)

Mayimele-Hashatse **Childrens' Rights**

Mayimele-Hashatse T "Child Labour" in Davel CJ **Childrens' Rights in a Transitional Society** (Pretoria Book House Pretoria 1999)

Mnookin **Family and State**

Mnookin RH **Child, Family and Sate. Problems and materials on Children and the Law** (Little, Brown and Company Boston 1978)

Mower **Convention on the rights of the child**

Mower AG **Convention on the rights of the child- International law support for children** (Greenwood Press London 1997)

Packard **Our endangered children**

Packard V **Our endangered children** (Boston: Little Brown 1983)

Pretorius **Opvoeding, Samelewing, Jeug**

Pretorius JWM "Opvoeding, Samelewing, Jeug: 'n Sosiopedagogiek-leerboek" (Van Schaik Pretoria 1988)

Price-Cohen **Children's Rights**

Price-Cohen C **Children's Rights** (Jessica Kingsley Publishers 2001).

Price-Cohen **Rights of the Child in a Non-party State**

Price-Cohen C "Monitoring the United Nations Convention on the Rights of the Child in a Non-party State: The United States" in Verhellen E (red) **Monitoring Children's Rights** (Martinus Nijhoff/Kluwer Law International Den Haag 1994)

Robinson **Children**

Robinson JA "Children" in Joubert WA **The Law of South Africa** Vol 2 (Butterworths Durban 1993)

Schurink, Molope en Shabalala **Dimensions**

Schurink W, Molope C en Tshabalala S "Exploring Some Dimensions of Child labour in South Africa Working Document" (The Centre for Human Rights Universiteit van Pretoria 1997)

Soler, Costello en O'Hearn **Legal Rights**

Soler M, Costello JC en O'Hearn B "Legal Rights of Children in the United States of Amerika" in Pappas AM **Law and the Status of the Child** (UNITAR New York 1983)

Van Bueren **Law on the Rights of the Child**

Van Bueren G "The International Law on the Rights of the Child" (Martinus Nijhoff/Kluwer Law International Dordrecht 1995)

Van der Vyver **Constitusional Protection**

Van der vyver JD "Constitusional Protection of Children and Young Persons" in Robinson (red) **The Law of children and Young Persons in South Africa** (Butterworths Durban 1997)

Van Oosten en Louw **Criminal Law**

Van Oosten FFW en Louw AS "Children, Young persons and the Criminal Law" in Robinson JA (red) **The Law of Children and Young Persons in South Africa** (Butterworths Durban 1997)

Veerman **Changing Image of Childhood**

Veerman PE "The Rights of the Child and the Changing Image of Childhood" (Kluwer Academic Publisherss Dordrecht 1992)

Weyrauch, Katz en Olsen **Cases and Materials**

Weyrauch WO, Katz SN en Olsen F **Cases and Materials on family Law: Legal Concepts and Changing Human Relationships** (West Publishing Company St Paul Minnesota 1994)

## 2 WOORDEBOEKE

Bosman *ea* **Tweetalige Woordeboek**

Bosman DB, Hiemstra LW en Van der Merwe IW **Tweetalige woordeboek** 8e Hersiene Uitg (Pharos Kaapstad 1999)

De Villiers *ea* **Nasionale Woordeboek**

De Villiers M, Smuts J, Eksteen LC en Gouws RH **Nasionale Woordeboek** 7e Uitg (Nasou Kaapstad 1988)

Hiemstra en Gonin **Regswoordeboek**

Hiemstra VG en Gonin HL **Drietalige Regswoordeboek** 2e Uitg (Juta Kaapstad 1986)

Odendal *ea* **HAT Woordeboek**

Odendal FF, Schoonees PC, Swanepoel CJ en Du Toit SJ **Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal** 2e Uitg (Perskor Johannesburg 1981)

## 3 VERSLAE, VERHANDELINGE EN VOORDRAGTE

SA Regskommissie **Review of the Child Care Act**

Suid-Afrikaanse Regskommissie "The Review of the Child Care Act" Issue Paper 13 Project 110 (1998)

SA Regskommissie **Sexual Offences**

Suid-Afrikaanse Regskommissie "Sexual Offences Against Children" Issue Paper 10 Project 108 (1997)

World Health Organization **Children at work**

World Health Organisation "Children at work: Special Health Risks" (Report of WHO Study Group Technical Report Series 756. 1987, 7)

Ghebal **Case study on the Evolution of the UN Specialesed Agencies**

Ghebal V "A case study on the Evolution of the UN Specialesed Agencies" The International Labour Organisation Vol 3 (Martinus Nijhoff Publishers Dordrecht 1989).

Davidson en Sanchez ***Child Prostitution and* Sex Tourism**

Davidson J en Sanchez TH "Child Prostitution and Sex Tourism" Recearch paper undertaken for the preparation for the World Congress Against the Commercial Sexual Exploitation of Children (ECPAT International 1996)

Bosch en Gordon **Eliminating Child Labour in South African Commercial Agriculture**

Bosch D en Gordon A "Eliminating Child Labour in South African Commercial Agriculture" Education and Legal Action (International Labour Organization Geneva 1996)

Piccard **Introduction ILO Convention 138 concerning the Minimum Age for Admission to Employment** .

Piccard L "The Minimum Age for Admission to Employment ILO Convention 138" Defence for Children International" (International Labour Organisation Geneva 1995).

## 4 TYDSKRIFARTIKELS

Anon 1987 **The South African Outlook**

Anon "Child Labour" **The South African Outlook** 1987 117:1389 33-35.

Anon 1991 **Conditions of Work Digest**

Anon "Law and Practice" **Conditions of Work Digest** 1991 10:1 3, 9 –10

Anon 1996 **Magazine of the International Labour Organisation**

Anon "World of work: Stop child labour" **Magazine of the International Labour Organisation** 1996 16 12

Bray **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde**

Bray E "Die gelykheidsbeginsel in die nuwe konstitusionele konteks: toepassing in onderwys" **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde** 1998 18:2 76-83.

Bray **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde**

Bray E "The South African Bill of Rights and its impact on education" **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde** 1996 16:3 150-158.

Dailey 1993 **Tulane LR**

Dailey AC "Constitutional privacy and the just family" 1993 **Tulane Law Review** 954 ev

Engelbrecht 1995 **Consultus**

Engelbrecht J "Kindermolestering en verkragting: die howe se rol" 1995 **Consultus** 20 ev

Heaton en Davie **SA Human Rights and Labour Law Yearbook**

Heaton J en Davie E "Children's Rights" 1991 **SA Human Rights and Labour Law Yearbook** 31 ev.

Kruger 2000 **De Jure**

Kruger H "Children's Rights in a Transitional Society" **De Jure** 2000 33:1 p194-195.

Lopez-Calva 2001 **Journal of International Affairs**

Lopez-Calva LF "Child Labour: Myths, Theories and Facts" **Journal of International Affairs** 2001 55:1 p59.

Malherbe **Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse reg**

Malherbe EFJ "'n Handves van regte en onderwys" **Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse reg** 199 34 686-708.

Murshed 2001 **Journal of International Affairs**

Murshed M "Unraveling Child Labour and Labour Legislation" **Journal of International Affairs** 2001 55:1 p169

Robinson **THRHR**

Robinson JA "Enkele gedagtes oor die Komitee van die Regte van die Kind" **THRHR** 2002 600-610

Otis en Mayers **Child welfare**

Otis J en Mayers E "Child Labour: A forgotten focus on Child Welfare" **Child Welfare** 2001 80:5 p611.

Pienaar **THRHR**

Pienaar G "Diskriminasieverbod en Religieusgerigte Onderwys: wat hou die toekoms in" **Tydskrif vir hedendaagse Romeins- Hollandse rreg** 1993 56:2 210-228.

Russ 1993 **FLQ**

Russ GH "Through the eyes of a child, "Gregory K": a child's right to be heard" 1993 **Family Law Quaterly** 378 ev

Sloth-Nielsen **SAJHR**

Sloth-Nielsen J "United Nations Concention on the Rights of the Child: some implications for South African Law" **South Africa Journal on Human Rihts** 1995 2 p408.

Van Loggerenberg **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde**

Van Loggerenberg GD, Kok, JC en Myburgh CPH "Leerlinge se bewustheid van hulle reg op die handhawing van eie godsdiens, taal en kultuur" **Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde** 1997 171 11-15.

## 5 MEDIA

### Beeld

Anon **Beeld** 7 Februarie 1998

Anon "Staat se mikpunt vir maatskaplike opheffing" **Beeld** 7 Februarie 1998 bl 13 kol 2

**Landbouweekblad**

Botha **Landbouweekblad** 7 Augustus 1992

Botha A "SALU kinderwerk gewettig kry" **Landbouweekblad** 7 Augustus 1992 22

**Rapport**

De Vries **Rapport**

De Vries A " Konsep-kinderwet wyd gekritiseer" **Rapport** 29 Augustus 2004 17

**Time**

Novak en Stamper **Time** 24 Junie 1996

Novak V en Stamper C "Free speech for the Net" **Time** 24 Junie 1996 64, 65

**6 ELEKTRONIESE MEDIA**

Anon http://www.fairtourismsa.org.za/resourcecentre/child.php

Anoniem "Child Labour" http://www.fairtourismsa.org.za/resourcecentre/child.php [Gevind op internet 21 September 2004]

Anon http://www.globalmarch.org/worstformsreport/ratification/138.html

Anon “Children's World Congress on Child Labour” http://www.globalmarch.org/worstformsreport/ratification/138.html [Gevind op internet 10 Julie 2004]

Anon http://www.polity.org.za/html/govdocs/reports/lund.html

Anon ”Report of the Lund Committee on child and family support: Executive Summary” http://www.polity.org.za/html/govdocs/reports/lund.html [Gevind op internet 14 Januarie 2005]

Anon http://www.rau.ac.za/aambeeld/november1997/politiek.htm

Anonoiem "Politiek en armoede" http://www.rau.ac.za/aambeeld/november1997/politiek.htm [Gevind op internet 13 September 2004]

Anon http:// www.christian-aid.org.uk

Anoniem "Ratification Report on ILO Convention 138 and 182" http:// www.christian-aid.org.uk [Gevind op internet 10 Julie 2004]

Anon http://www/labour.gov.za/docs/presentations/labourlaw/childlabour/

Anoniem "Survey of activities of young people in South Africa: Key findings Statistics South Africa 2000" http://www/labour.gov.za/docs/presentation/labourlaw/childlabour/ [Gevind op internet 14 September 2004]

Anon http://www.freechildren.org

Anon "What is Child Labour" http://www.freechildren.org [Gevind op internet 7 Januarie 2005]

Anon http://www.childlabourproject.org/childlabour.html

Anon "What is Child Labour" http://www.childlabourproject.org/childlabour.html [Gevind op internet 3 Januarie 2005]

Anon http://www.ilo.ru/ecl/def.htm

Anon" What is meant by child labour?" http://www.ilo.ru/ecl/def.htm [Gevind op internet 3 Januarie 2005]

Anon http://www.unicef.org/sowc97/report/what.htm

Anon "The State of the World's Children: What is child labour" http://www.unicef.org/sowc97/report/what.htm [Gevind op internet 13 Augustus 2004]

Appelson http://www.pathfinder.com/news/latest/RB/1998Feb23/1003.htm

Appelson G "US Supreme Court lets stand NJ Megan's Law" 1998 TIME.com http://www.pathfinder.com/news/latest/RB/1998Feb23/1003.htm [Gevind op internet 7 Augustus 2004].

Ashagrie K http://www.ilo.org/public/english/comp/chilc/stat/stats.htm

Ashagrie K "Statistics on working children and hazardous child labour" http://www.ilo.org/public/english/comp/chilc/stat/stats.htm [Gevind op internet 13 September 2004]

Kleynhans K 2004 http://www.landbou.com/LandbouWeekblad/Arbeid

Kleynhans K 2004 "Kinderarbeid: Dié groot sonde" http://www.landbou.com/LandbouWeekblad/Arbeid [Gevind op internet 22 September 2004]

Montessori http://members.tripod.com/~junojuno2/words.html

Maria Montessori **Montessori Wisdom** Quotes http://members.tripod.com/~junojuno2/words.html [Gevind op internet 17 Oktober 2005]

Mde V http://www.sabcnews.co.za

Mde V "Cosatu: Child labour must stop" http://www.sabcnews.co.za [Gevind op internet 10 Julie 2004]

Shah A http://www.globalissues.org

Shah A "Child Labour" http://www.globalissues.org [Gevind op internet 13 Augustus 2004]

Van Heerdern E http://www.litnet.co.za/seminaar/versamel.asp

Van Heerdern E "Die vraagstuk van die Afrikaanse minderheid" http://www.litnet.co.za/seminaar/versamel.asp [Gevind op internet 21 Desember 2004]

Venter A http://www.rau.ac.za/aambeeld/november1997/politiek.htm

Venter A "Politiek en Armoede" http://www.rau.ac.za/aambeeld/november1997/politiek.htm [Gevind op internet: 13 September 2004]

## 7 REGISTER VAN HOFSAKE

### 7.1 Suid-Afrika

**Government of RSA and others v Grootboom and others** 2001 1 SA 46 (CC)

### 7.2 Verenigde State van Amerika

**Gillick v West Norfolk and Wisbech Area Health Authority** 1986 1 AC 112

**Hodgonson v Minnesota** 497 US 417 497 (1990)

**In Re Roger** S 19 Cal 3d 921 569 P 2d 1286 141 cal Rptr 298 (1977)

**In the Matter of Lori M** 469 NYS 2d 940 (Fam Ct 1985)

**Meyer v Nebraska** 262 US 390 (1923)

**Pierce v Society of Sisters** 268 US (1925)

**Polovchak v Meese** 774 F 2d 731 ($7^{th}$ Cir 1985)

## 8 REGISTER VAN WETGEWING - SUID-AFRIKA

**Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika** 108 van 1996

**Ontugwysigingswet** 2 van 1988

**Personal Responsibility and Work Opportunity Reconciliation Act** 1996

**Skolewet** 84 van 1996

**Strafproseswet** 51 van 1977

**Wet op Basiese Diensvoorwaardes** 75 van 1997

**Wet op Kindersorg** 74 van 1983

**Wet op Natuurlike Vaders van Buite-egtelike Kinders** 86 van 1997

**Wet op Seksuele Misdrywe** 23 van 1957

**Wysigingswet op Kindersorg** 86 van 1991

**Wysigingswet op Kindersorg** 96 van 1996

**Wysigingswetsontwerp op Welsynswette** 90 van 1997

## 9 VERDRAE, OOREENKOMSTE, KONVENSIES EN DEKLARASIES

**African Charter on Human and People's Rights**, 1986

**African Charter on the Rights and Welfare of Children**

**European Social Charter**, 1961

**International Covenant on Civil and Political Rights**

**International Labour Organisation**, 138

**International Programme on the Elimination of Child Labour**

**National Programme of Action**

**United Nation Convention on the Rights of the Child**, 1989

**United Nations International Children's Fund**